

A vibrant sunset scene over a calm lake. The sun is low on the horizon, casting a golden glow across the sky and reflecting on the water. The sky is filled with dramatic, dark clouds illuminated from below. In the foreground, tall reeds and grasses are silhouetted against the bright light of the sunset. The overall mood is peaceful and contemplative.

HERBERT W. ARMSTRONG

Watter dag is die
Christen
sabbat?

Watter dag is die
Christen
sabbat?

DEUR HERBERT. W. ARMSTRONG

Hierdie boek mag nie verkoop word nie.

Dit is 'n gratis opvoedkundige diens
in die openbare belang.

© 1962, 2005, 2010 Philadelphia Church of God
All Rights Reserved

© 2017 Filadelfia Kerk van God,
Afrikaanse afgeleide vertaling,
Alle Regte Voorbehou

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Skrifgedeeltes in hierdie publikasie word vanuit die 1953
Afrikaanse Vertaling aangehaal, tensy andersins vermeld.

Maak dit enige verskil WATTER dag
ons gedenk—en of ons dit vier?

Bepaal die Bybel SONDAG as die HERE
SE DAG? Was die Sabbat alleenlik aan die
Jode gegee—terwyl Christene beveel word
om SONDAG as die HERE SE DAG te vier?

Inhoudsopgawe

| | |
|---|----|
| <i>Hoofstuk 1</i> Maar Maak Dit Enige Verskil? | 1 |
| <i>Hoofstuk 2</i> Wie het die Sabbat Gemaak en tot Stand Gebring? | 13 |
| <i>Hoofstuk 3</i> God het die Wet Gegee —Nie Moses Nie | 27 |
| <i>Hoofstuk 4</i> 'n Spesiale Ewige Verbond | 39 |
| <i>Hoofstuk 5</i> Watter Dag vir Nie-Joodse Christene? | 54 |
| <i>Hoofstuk 6</i> Hoekom Israel en Juda Slawe Gemaak Is..... | 63 |
| <i>Hoofstuk 7</i> Word Sondag in die Nuwe Testament Genoem?..... | 70 |
| <i>Hoofstuk 8</i> Die Ongelooflike Waarheid Omtrent Christen Gemeenskap | 84 |

Hoofstuk 1

Maar Maak Dit Enige Verskil?

DIE MEESTE BELYDENDE CHRISTENE AANVAAR ONGETWYFELD *Sondag* as die Nuwe Testamentiese dag van die Here. Moslems gedenk *Vrydag*. Sommige gelowe gedenk geen ander dag nie. Maar daar is diegene wat daarop aandrang dat die sewende dag *Sabbat* steeds bindend is. Hulle beweer dat die verontagsaming daarvan *SONDE* is—en die straf daarvoor die ewige *DOOD* is!

Dit is voorwaar 'n baie ernstige bewering!

Min neem dit ernstig op—maar dit weêrlê of wys nie die uitdaging af nie. Het *U* al ooit hierdie kwessie ernstig ondersoek?

Sou iemand my vertel dat my huis aan die brand is, gaan ek hom nie uitlag en weier om dit ernstig op te neem nie. Ek sal beslis ondersoek instel en *SEKER* wees! Sou hy verkeerd wees, sal ek ten minste *WEET* dat my huis veilig is. Ek het jare gelede reeds geleer dat dit baie gevaarlik is om iets net goedsmoeds te *AANVAAR*, of iets as vanselfsprekend te beskou. Dit is baie wyser en veiliger om *eers al die FEITE te kry* en dan te besluit.

En 'n mens se ewige *LEWE* is van veel groter waarde as sy huis.

Min mense is vandag bewus daarvan dat die twispunt rondom die *Sabbat* vs *Sondag* tydens die eerste drie eeue van

die Christelike era *gewoed* het. Geweld en bloedvergiëting het vermeerder. Miljoene is oor hierdie kwessie gemartel en gedood.

WIE IS REG?

En, *maak dit*, per slot van rekening, *enige verskil*?

VERANDERDE TYE

Reeds jare gelede *moes* ek hierdie vraag in die gesig staar. My vrou het my meegedeel dat sy in die Bybel gevind het dat Christene verplig is om die Sabbat te onderhou—vanaf sonder Vrydag tot sonder Saterdag. Ek was geskok, kwaad. Vir my was dit pure dwepery. Ek het sommer baie argumente gehad!

“Jy kan my nie vertel dat al hierdie kerke verkeerd kan wees nie!” het ek met oortuigende verontwaardiging gesê.

Ek was uitgedaag *om hierdie kwessie te ondersoek*—om AL DIE FEITE TE KRY! Woedend, was ek tot ernstige navorsing gedryf. Ek kon nie die kwessie ignoreer nie. Ek moes met hierdie kwessie *saamleef*! Dit het my huis binnegedring!

Die oomblik wat hierdie vraag geopper word, kom verskeie ander vrae ook op.

Moet ons nie ons geloof volgens die *veranderde tye* aanpas nie? Was die volledige Bybel nie, per slot van rekening, omtrent 1 900 jaar gelede geskryf nie? Ons lewe vandag in ‘n ander wêreld! Dit was die een argument. Tog, is ons vry om ons eie geloof uit te redeneer? Sal ons die finale uitspraak oor ons eie lot, in die laaste oordeel beslis? Miskien moet ons eerder die WAARHEID kry!

Sommige sal vra: “Hoe kán *hierdie* wêreld, soos dit nou georganiseerd is, die sewende-dag Sabbat gedenk? Die wêreld is op SONDAG ingestel.”

Of, “Veronderstel u is op reis, op ‘n passasierskip. Sal u ver wag dat hulle die enjins Vrydag met sonder moet afskakel en ophou vorentoe stoom?”

KAN HIERDIE OP DIE SABBAT SLUIT? Mense wonder, “Hoe kan groot publieke werke (bo) op die Sabbat sluit om by ‘n “sewende-dagse Sabbat” aan te pas. Onder, New York se Times Square. Kan al hierdie besighede sluit-Vrydagaand en Saterdag wanneer hulle die meeste besigheid doen?”



“Wat van die openbare nutsbedrywe in die groot stede? Elektrisiteit, water, gas. Moet die polisie departemente sluit en die kriminele die oorhand laat kry?”

“Veronderstel ons volk is in oorlog gewikkel. Moet ons magte teen sonder, Vrydag, ophou veg? Die vyand mag dit dalk nie so insien nie!”

Maar het TYD nie verlore gegaan nie? Hoe kan ons weet of die Saterdag van vandag *dieselfde* dag van die week is, ten tye van die Skepping—of in Moses se tyd? Het die weeklikse siklus vanaf die Skepping nie deurmekaar geraak nie?” Daardie vraag sal ook, met BEWYSE, in hierdie boekie beantwoord word.

“In elk geval,” mag ‘n ander ten slotte redeneer, “*watter moontlike verskil* kan dit maak WATTER dag, en ÓF ons dit gedenk?”

Hierdie vrae—en meer—*moet beantwoord word!* En dit *sal ook* in hierdie boekie beantwoord word.

Eerstens, in ‘n wêreld waar die gevestigde, georganiseerde Christendom Sondag vier; waar meeste mense waarskynlik *nie enige dag as werklik heilig gedenk nie*, HOE KAN ONS WEET?

Is daar enige OPPERGESAG, met die mag oor lewe en dood van ons ewigheid, met die mag om die regte antwoord te verklaar en dit af te dwing?

Deur WATTER GESAG vier Christene Sondag; Moslems, Vrydag; Sabbatariërs, Saterdag; en ander, geen dag?

Is daar enige *gesag* vir die gedenking van Vrydag, of Sondag, of Saterdag? Dit is beslis duidelik dat almal *nie dieselfde gesag erken nie*.

INDIEN DAAR GEEN GOD IS NIE!

Laat ek sommer reguit sê, dat *indien daar geen God is nie*—indien ek GOD uit die prentjie sou los—dan kan ek nie sien hoe dit moontlik enige verskil kan maak nie!

Ek kan my nie indink hoe ‘n mens dit in sy eie verstand kan uitredeneer—sonder enige OPPERGESAG—HOEKOM dit enigins ‘n verskil sou maak watter dag, en of ons dit vier nie.

Maar die Almagtige Skepper God bestaan wel! Sy bestaan kan maklik bewys word. God is beslis *IN DIE PRENTJIE*, of mens daardie feit wil erken of nie! Daardie groot God het onsigbare WETTE in verband met hierdie kwessie in lewende

onverbiddelike beweging gestel. Daardie God en daardie wette **BESTAAN**—hulle **LEEF**—hulle is **AKTIEF**! En hulle bestaan en hulle aksie hang nie daarvan af of een man—of die hele mensdom—van hulle bestaan bewus is nie.

Die Almagtige GOD hou die sleutels van lewe en dood! *U lot* word deur Hom bepaal! Vir alle **EWIGHEID**! En dit is die rede waarom dit 'n groot verskil maak—vir u welsyn nou, sowel as u ewigheid!

Dus, moet ons eerstens, vir eens en altyd beslis **WAT**, of **WIE**, die **OPPERGESAG** IS, voor wie ons ter oordeel sal staan. Verduidelik sodanige gesag **WAAROM** dit 'n verskil maak—en wat is die gevolge vir ongehoorsaamheid en verwaarlosing daarvan?

Besef u dat daar een kerkgenootskap is, wat daarop aanspraak maak om die enigste onfeilbare gesag te wees? Hulle beweer dat die Bybel “nie genoegsame gids tot die hemel is nie.” Hul eie kerkleiers beweer dat dit, by sy eie onfeilbare gesag, die Sabbat met Sondag vervang het.

Hierdie kerkgenootskap lewer as **BEWYS** van sy absolute gesag, die einste feit dat alle Sondag onderhoudende mense—wat die Westerse wêreld as geheel insluit—die knie gebuig het vir sy uitspraak oor Sondagviering.

'n Tyd terug het een kerklike gesag beweer dat u die Bybel van Génesis tot Openbaring kan deursoek sonder om een reël of vers te vind wat Sondagviering magtig. Dit beweer verder dat die Bybel die heiliging van die sewendedag Sabbat afdwing, dat die enigste gesag vir Sondagviering op die edikte van mense gebaseer is.

Die bewering is, dat 'n reeks menslike kerkleiers die gesag van Jesus Christus *vervang* het. Dit mag baie goddienstige mense verras.

Daar word verder beweer dat Christus die **HOOFSKAP** van die Kerk aan Petrus en sy opvolgers oorgedra het. In eenvoudige taal gestel, dat Christus as't ware “teruggestaan het,” dat mense *in plek van* Christus as **HOOF** van die Kerk regeer.

Maar baie kerkgangers aanvaar nie hierdie idee van onfeilbaarheid nie.

WAT, dan, is die **WAARHEID**?

Het u al ooit die tyd geneem om werklik te **BEWYS** of **GOD** bestaan? Kan u werklik **BEWYS**, deur onweerlegbare en positiewe **BEWYSE** dat God die Skepper is—dat Hy as

die OPPER EN ONFEILBARE GESAG oor al Sy skepping—oor die heelal—REGEER?

Ja, *u kan dit bewys*, tensy u ongewillig is om WAARHEID te aanvaar! Ons bied u daardie bewyse aan in ‘n gratis boekie “*Does GOD Exist?*”.

Kan u ook BEWYS dat die HEILIGE BYBEL die ware gesaghebbende WOORD VAN GOD—Sy geïnspireerde boodskap en instruksieboek vir die mensdom is—die ENIGSTE ONFEILBARE GESAG waardeur die mensdom VEROORDEEL sal word?

Ja, *u kan dit ook bewys*, tensy u weier om WAARHEID te aanvaar!

Jesus Christus is die STIGTER van die ware Nuwe Testament Kerk van God.

WANNEER HET CHRISTUS DIE KERK GEBOU?

Maar *wanneer* het Christus eintlik God se Kerk gestig, of *begin*? Was dit terwyl hy nog ‘n sterfling was, of na Sy opstanding en hemelvaart?

Hy het alleenlik SY BOODSKAP—Sy EVANGELIE—gedurende Sy menslike leeftyd aan Sy dissipels geleer! Maar DIE KERK VAN GOD is op die dag van Pinkster 31 n.C, gestig, NADAT Christus opgestaan, verheerlik is en na God se troon in die hemele, opgevaar het.

WANNEER was Christus veronderstel om “terug te staan” as Hoof van die Kerk en die leierskap van die Kerk aan die mens oor te gee? Nie nadat die KERK gestig en bestaan het nie, *maar voordat daar enige Kerk was om oor te gee!*

Waarom verwerp kerkleiers die gesag van die Skrif, maar probeer om hul gesag, *deur die einste gesag wat hulle verwerp en ontken*, TE VESTIG—deur Mattheüs 16:18 aan te haal?

Jesus het pas Sy dissipels gevra wie hulle geglo het Hy, die Seun van die MENS, werklik was. Petrus het geantwoord dat Hy die Christus—of geprofeteerde Messias—die Seun van die lewende GOD was. Jesus het geantwoord dat geen mens dit aan hom geopenbaar het nie, maar dat dit deur Sy VADER wat in die hemele is, geopenbaar is.

Toe het Jesus bygevoeg: “En Ek sê ook vir jou, Jy is Petrus” (Grieks geïnspireerde oorspronklike woord, *Petros*, wat “‘n klip” beteken), “en op hierdie rots” (Grieks geïnspireerde

woord, *petra*, wat ‘n lys of bank van rots of ‘n krans, beteken) “sal Ek my gemeente bou ...” (Mattheüs 16:18).

Nou, aangesien dit beweer word dat die ROTS waarop die Kerk gestig is, na Petrus—en nie Christus nie—verwys, neem kennis van die ware betekenis, soos oorspronklik deur Mattheüs geskryf. Mattheüs het in die Griekse taal geskryf. Daar was geen Afrikaans nie. Die Afrikaanse weergawes van vandag is vertalings van die oorspronklike Griekse taal.

Petrus is ook Cefas genoem (Grieks *Képhas*, van die Aramese *Kêpha*). In Johannes 1:41-42 word vertel hoe Andréas, Simon Petrus se broer, Petrus gevind het, en hom na Jesus toe gebring het. “Toe kyk Jesus hom aan en sê: Jy is Simon, die seun van Jona: jy sal genoem word Cefas, wat vertaal word Petrus” (vers 42). *Petrus* word vertaal van die Griekse woord *petros*, wat beteken ‘n enkele klip of los steen. Ook die Griekse woord *Kephas* beteken so ‘n steen, wat beslis verwys na ‘n menslike MANSPERSOON.

Maar toe Jesus gesê het “op hierdie Rots sal ek my gemeente bou” (Mattheüs 16:18), was die Griekse woord soos oorspronklik deur Mattheüs geskryf is, *nóg kephas*, *nóg petros*, maar *petra*, wat ‘n groot massiewe ROTS beteken.

“... EN DAARDIE ROTS WAS CHRISTUS”

Let op na ‘n paar ander uittreksels waar hierdie selfde Griekse woord *petra* gebruik word. In Mattheüs 7:24 het Jesus van die man gepraat wat sy huis op ‘n ROTS gebou het. Die Griekse woord is *petra*. Kon ‘n man ‘n huis so stewig op ‘n klip of steen bou, dat dit nie weggewaai kon word nie? Natuurlik nie! In die volgende vers het Jesus gesê dat die huis nie geval het nie—al het die reën in strome geval, al het die vloede gekom en die winde teen daardie huis aangestorm—WANT die huis se fondament was op die ROTS. Dus beteken die woord *petra* grootte, en stewigheid en krag! Dit word ook as ‘n *rotsmassa* gedefinieer.

In Mattheüs 27:60 word beweer dat die graf waarin Jesus gelê is na die kruisiging, in die ROTS *uitgekap* is—in die *petra*! Hierdie is ‘n rotsmassa, nie ‘n enkele steen nie. Dit was groot genoeg om ‘n familiegraf daarin uitgekap te hê. *Ek het daardie rots gesien*. Ek het binne in daardie graf gestap! Dit is ‘n baie GROOT ROTS, nie ‘n klein steentjie nie!

Die Griekse *petra* kan nie die mens, Petrus, beteken nie, maar die verheerlikte CHRISTUS! Paulus het die volgende van die Israëliete onder Moses in die wildernis geskryf: "... want hulle het gedrink uit die geestelike rots wat gevolg het, en die rots was CHRISTUS" (1 Korinthiërs 10:4).

Volgens die Liddell-Scott "*Greek-English Lexicon*", "Is daar geen voorbeeld, in goeie skrywers van [*petra*] in die sin van [*petros*] nie." Inteendeel, *petros* word van *petra* "onderskei".

In eenvoudige taal dan, *petra* was CHRISTUS—maar die kleiner steen, *petros*, of *Kephas*, was Simon Petrus.

Daarmee is die saak vir eens en altyd opgelos!

CHRISTUS IS HOOF VAN DIE KERK!

Was *Petrus* die *hoof* van die Kerk? WAT HET *PETRUS* self gesê? Petrus, sprekend van Christus en die Kerk, het as volg geskryf: "Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion [die Kerk] 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n ROTS van struikeling vir die wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is" (1 Petrus 2:6-8).

In die bostaande skrifgedeelte praat Petrus MET die Kerk. Hy het Jesaja 28:16 aangehaal "[D]aarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen WAT VAS GEGRONDVES IS"! Dit beeld CHRISTUS as die FONDSASIE van die Kerk, waarop dit gebou is, uit. God se Kerk was op die ROTS (Sy fondasie) CHRISTUS gebou—nie die steen Petrus nie.

In die skrifgedeelte in 1 Petrus 2 word die woord *steen* elke keer vanaf die Griekse woord *lithos*, nie *petros* nie, vertaal. *Lithos* word verklaar as 'n steen, 'n meulsteen, 'n struikelblok. Dieselfde woord word gebruik vir die stene waarvan die tempel gebou was, asook die steen, hoër as 'n man se kop, wat voor Christus se graf gerol was. Die woord ROTS, daarenteen, in vers 7, word van die Griekse woord *petra* vertaal, wat 'n massiewe steen beteken. Dit beeld Christus as die Hoof van die Kerk uit, nie Petrus nie..

Die KERK word in Efésiërs 2:20 beskryf as “gebou op die fondament van die apostels en profete [Insluitende die Ou Testamentiese profete], *terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is.*” Hier word Christus duidelik as die LEIER of HOOF uitgewys.

Die WERKLIKE FONDASIE van die Kerk is Christus. “Want niemand kan ‘n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus” (1 Korinthiërs 3:11).

Baie leer dat Christus vertrek het, die Kerk begeef het en die leierskap aan Petrus en sy opvolgers oorgelaat het. Maar Jesus het self gesê: “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Hebreeërs 13:5). Hy word in Openbaring 1:13, 18 as die *lewende* Hoof, geestelik *midde in* die Kerk uitgewys.

Wie sê die Woord van God is die lewende HOOF van die KERK - Petrus, ‘n geestelike leier, of CHRISTUS? *LEES DIT!* “CHRISTUS IS DIE HOOF VAN DIE KERK”! (Efésiërs 5:23). Lees dit ook in Efésiërs 4:15; 1:22; Kolossense 1:18; 2:19.

Jesus Christus het van die dood OPGESTAAN! Jesus Christus *LEEF VANDAG!* WAAROM dan, word Christus óf as ‘n hulpelose baba in Sy moeder se arms uitgebeeld, waar die moeder bo Christus verheerlik word, óf *dood—hangend* aan ‘n kruis? JESUS CHRISTUS *LEEF VANDAG!* Vir meer as 1 900 jaar is Hy die lewende HOOF en Hoë Priester van die *ware* Kerk, wat Hy gebou het.

DIE GESAG IS CHRISTUS!

Dus was die ware Kerk van God in die Nuwe Testament, deur JESUS CHRISTUS gestig—nie die Apostel Petrus nie. Dit was die *opgewekte, lewende* Christus wat, NA SY opvaart na God se troon in die hemel, eintlik die Kerk gestig het. Dit was op die dag van Pinkster, 31 n.C. Op daardie dag het Christus, soos Hy beloof het (Johannes 16:7), die Heilige Gees gestuur om Sy dissipels binne te dring, om hulle sodoende te doop, of hulle in DIE KERK in te lyf.

Die Kerk van God is *nie* ‘n gebou of katedraal nie. Die woord *kerk* kom van die Griekse woord *ekklesia*, wat gemeente van *mense* beteken. Die Kerk van GOD bestaan uit MENSE—die *verwekte* kinders van GOD. Dit bestaan uit—en *alleenlik* uit—diegene wat deur God verwek is deur die ontvangs van Sy HEILIGE GEES.

“[D]EUR EEN GEES gedoop tot een liggaam”—die liggaam van Christus, die ware Kerk van God (1 Korinthiërs 12:13). Die

woord *gedoop* beteken ingedompel, of ingelyf. Die ontvangs van God se Gees verwek 'n persoon met God-lewe, dit maak hom 'n deelgenoot van “die GODDELIKE NATUUR” (2 Petrus 1:4). Diesulkes is die verwekte kinders van God—en uit hulle is die Kerk van God saamgestel. Wanneer hierdie KERK van God eintlik *gebore* word—onsterflik, deur opstanding of oombliklike *verandering* tot onsterflikheid by Christus se wederkoms—sal dit die KONINKRYK van God word!

Dus was dit JESUS CHRISTUS, wat hemel toe gegaan het en God se Heilige Gees op die dag van Pinkster gestuur het, wat die Kerk GESTIG het. Dieselfde opgestane, *lewendige* Jesus Christus is die HOOF van die *ware* Kerk—vir meer as 1 900 jaar!

Dus het ons die een en ENIGSTE onfeilbare GESAG om hierdie Sabbatvraag, eens en vir altyd, te beslis!

Daardie OPPERSTE GESAG is Jesus Christus, en Sy geskrewe Woord, DIE BYBEL.

NOGTANS—WAT IS DIE VERSKIL?

Maar selfs al is Jesus Christus die lewende Hoof van die *ware* Kerk—al is Hy die Opperste Gesag om hierdie vraag te beslis, mag iemand nog steeds vra, “Hoe gaan dit MY aan? En al betrek dit die SONDE vraag, maak dit steeds enige verskil?”

Meeste mense los GOD vandag uit die prentjie. Mense neem sonde vandag ligtelik op. En soos ek reeds gesê het, indien GOD nie in die prentjie is nie, kan u onmoontlik enige rede sien hoekom dit enige sal verskil maak *watter* dag en *of* u dit hou.

Maar GOD IS IN DIE PRENTJIE!

Weliswaar skyn God nie vir die meeste mense *werklik* te wees nie. Maar U is 'n *skepping* van God! God die Almagtige, het die mensdom vir 'n DOEL op aarde gesit! Sy wette en Sy verordeninge bepaal u geluk, welvaart en sukses hier en nou—sowel as u lotsbestemming vir ewigheid! Wanneer u by die laaste Oordeel voorkom, sal u nie die Regter wees nie.


Die Ewige God het die heelal geskep—Hy het elke mag en krag en energie in werking gestel, en onderhou en *beheer* hulle. Hy HEERS oor Sy skepping. En die WETTE wat Hy in beweging stel, bepaal u welvaart of die gebrek daarvan. O ja, Hy is *in die prentjie!*

En, is die SONDE vraag betrokke? WIE bepaal wat is sonde is—en presies watter verskil maak dit?

Meeste mense weet nie wat sonde is nie. Sommige sê dans is sonde—ander sê dit is nie. Sommige sê rook is sonde—ander sê dit is nie. Verskillende mense—verskillende kerke—het verskillende IDEES.

Maar dit kan baie *duur onkunde* wees! Die eerste ding wat u in u verstand moet vestig is: DIE LEWENDE GOD VAN ALLE MAG LAAT ONS NIE TOE OM TE BESLUIT WAT SONDE IS NIE. HY BEPAAL WAT SONDE IS, EN DWING U OM TE BESLUIT OM TE SONDIG ÓF NIE! En die STRAF van sonde is die EWIGE DOOD! Daardie straf is *werklik!* Dit is 'n skrikwekkende, *vreeslike* lot!

PETRA-DIE REUSE ROTSSKEUR. Dit is die ingang tot Petra. Die gebruik van die Griekse term Petra vir hierdie rotsagtige en klipperige gebied, verduidelik die betekenis van die woord.



SONDE is om te doen wat GOD sê skadelik en nadelig vir *uself*—en/of ander is! Sonde is om te doen wat u van God se seëninge *ontneem*—vrede, geluk, sekuriteit, oorvloedige en gelukkige lewe, as ‘n voorwaarde tot God se grootste geskenk van EWIGE LEWE!

Ja, die lewende Jesus Christus—en die Heilige Bybel—vorm die enigste Opperste GESAG om hierdie vraag eens en vir altyd te beslis! Die vraag om WATTER DAG is direk betrokke by u *verbintenis* met GOD! En *dit* hou direk verband met u welvaart hier en nou, sowel as u EWIGHEID. Dit maak ‘n *ongelooflike verskil aan GOD!*

Jesus Christus is die lewende, *persoonlike* Woord van God. En die Heilige Bybel is die *geskrewe* Woord van God, waardeur CHRISTUS met u praat! Christus is die aktiewe Hoof van die enigste ware Kerk. Ons het die Opperste GESAG gevind!

Dus laat ons nou sien wat CHRISTUS, deur die BYBEL, sê aangaande *watter* dag die dag is om te onderhou in hierdie NUWE Testamentiese era—en of dit enige verskil maak.

Hoofstuk 2

Wie het die Sabbat Gemaak en tot Stand Gebring?

JESUS CHRISTUS HET HEELWAT TE SÊ GEHAD EN GELEER OOR DIE Sabbat, en die onderhouding daarvan.

In die Evangelie van Markus lees ons van die *begin* van Sy bediening, en die EVANGELIE wat Hy geleer het. Hy het herhaaldelik gesê hierdie EVANGELIE het direk vanaf God die Vader gekom—GOD se boodskap aan die mensdom.

Markus 1:1: “Die begin van die EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS ...” Die evangelie van Jesus Christus is *nie* ‘n evangelie van MENSE *betreffende* die PERSOON van Christus nie. Die EVANGELIE VAN CHRISTUS is Christus se evangelie—die evangelie wat Christus gepreek het—die evangelie wat GOD deur Jesus aan die mensdom GESTUUR HET!

EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK

Jesus het in Galilëa aangekom nadat Johannes die Doper in die tronk gestop was. Hy het die GOEIE NUUS VAN DIE KONINKRYK (*regering*) VAN GOD verkondig, en mense opgeroep om hulle te *bekeer* en te *glo*. Ja, maar om *wat* te glo? Om hierdie einste

EVANGELIE te glo, wat Jesus van God af gebring het, so het Jesus self gesê! (Markus 1:15).

Hy het Sy dissipels geroep, en onmiddellik “het hulle in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die SABBAT het Hy in die sinagoge ingegaan ...” (vers 21). Dit was Jesus se GEWOONTE om die sinagoge diens op die Sabbat by te woon (Lukas 4:16).

Daardie selfde sinagoge in Kapérnaüm wat Jesus bygewoon het, lê vandag in puin. Ek het dit besoek en tussen die bouvallige stene en kolomme en Joodse houtsnewerk rondgestap.

Ook die sinagoge in Nasaret—wat in Lukas 4:16 genoem word—en die vergaderplek waar Jesus ongetwyfeld elke Sabbat as kind bygewoon het, bly vandag nog uitkenbaar. Meeste van die huidige struktuur is in die tweede eeu gerestoureer. Dit was opgegrawe, met ‘n trap na benede, wat daarheen lei. Ek het hierdie sinagoge besoek. Dit het duidelik herinner aan die ooreenkoms in grootte, met sommige van die klein kerkies, waar ek in die vroeër jare van my bediening gepreek het. Dit was baie klein, met sitplekke vir nie meer as 50 persone nie. Dit was heeltemal uit klip gebou. Terwyl ek daar gestaan het en deur daardie klein kamertjie rondgeloop het, het ek besin oor hoe selfs Jesus, deur wie God *die aarde geskep* het, Sy aardse bediening in ‘n baie klein, nederige plekkie begin het. Ek kan nie my gevoelens op daardie oomblik beskryf nie, maar ek kan u verseker dat dit ‘n geweldige ondervinding was!

Jesus het in sinagoges in dorpe dwarsdeur Galiléa gepreek (Markus 1:38-39). ‘n Rukkie later het Jesus en Sy dissipels deur die koringlande op ‘n Sabbatdag gestap (Markus 2:23). Die Fariseërs het Jesus se dissipels daarvan beskuldig dat hulle die Sabbat verbreek het, omdat hulle koringare gepluk het om te eet.

Jesus, wat as deel van Sy EVANGELIE geleer het *hoe* om die Sabbat te onderhou, het gesê: “Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28).

DIT IS GEMAAK!

Ek wil hê u moet hierdie deurslaggewende teksvers weer lees!

Jesus het gesê, “Die sabbat is *gemaak*.” Dit is een van daardie dinge wat *gemaak* was. Dit moes ‘n SKEPPER gehad het. Wie, dan, het die Sabbat *gemaak*?

God is die Skepper. Maar dit staan in Efésiërs 3:9 geskryf, “... God wat alles geskape het *deur Jesus Christus*.”

Johannes se Evangelie begin: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God ... ALLE DINGE het deur HOM ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense ... En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon—en ons het Sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos die van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. Johannes getuig van hom ...” (Johannes 1:1, 3-4, 14-15).

Daardie “Woord” was CHRISTUS. Christus was *met* God die Vader vanaf ewigheid. Christus was *God!* ALLE DINGE IS DEUR HOM GEMAAK—deur *Jesus Christus!* Die Sabbat is een van daardie dinge wat GEMAAK was. Dus was dit Jesus Christus wat die Sabbat GEMAAK het. God het dit *deur* Jesus Christus gemaak!

Let verder op: “[W]ant in Hom [Christus] is *alle dinge geskape* wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is ... En Hy is DIE HOOF VAN DIE LIGGAAM, NAAMLIK DIE GEMEENTE; ...” (Kolossense 1:16,18).

Baie min besef dit vandag—maar die Sabbat is DEUR JESUS CHRISTUS GEMAAK! Geen wonder dan, dat Hy ook duidelik gesê het dat Hy ook die HERE van die Sabbat is nie! (Markus 2:28).

WANNEER EN VIR WIE?

Let weer op na Markus 2:27! Nie net was dit een van daardie dinge wat *gemaak* was nie—dit het nie alleenlik ‘n Skepper gehad nie—maar dit was ook *vir* iemand gemaak. Vandag blyk die oorwegende opvatting te wees dat dit “vir die Jood” gemaak is. Maar wat het Christus self gesê? Hy het gesê dit was “*vir die mens*” gemaak!

Indien dit *vir* die mensdom gemaak is, moet ons veronderstel dat dit ten tye van die mens se skepping gemaak was. Maar ons moet nie “veronderstel” nie. Ons moet BYBELSE GESAG hê!

Kom ons blaai terug na die beskrywing van die tyd toe DIE MENS geskape was.

“En God het gesê: Laat Ons [meer as een—die Vader en Christus] mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God

het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Génesis 1:26-27).

Wanneer was dit? Vers 31 sê dit was die sesde dag van die skeppingsweek. Verder, *die mens* was die heel *laaste* ding of wese wat op daardie dag geskep was. Die mens het dus waarskynlik in die laat namiddag van die sesde dag tot stand gekom.

Gaan nou voort: “En God het *op die sewende dag* sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak” (Génesis 2:2-3).

LET NOU OP! Toe God gesê het: “Laat Ons mense maak,” *wie het die praatwerk gedoen?* Die oorspronklike Hebreeuse woord wat hier as “God” vertaal word, is *Elohim*. Hierdie Hebreeuse woord vir God is ‘n meervoudige woord (‘n versamelnaam) wat meer as een Persoon beteken, dog een God. God is ‘n Koninkryk—‘n FAMILIE. Daar is die Vader. Jesus is die SEUN. Christus is ook die WOORD—dit wil sê, die *Woordvoerder*. Hy praat alleenlik soos die Vader lei. God het alle dinge *deur* Jesus Christus geskep! Dit was dus Jesus wat GEPRAAT het! Dit was Jesus wat *gesê het*: “Laat Ons mense maak.” Dit was Jesus wat die SKEPPINGSWERK gedoen het, soos deur die Vader gelei!

LET WEER OP! Het Jesus Sy skeppingswerk op die sesde dag voltooi? Sê dit dat Hy op die sewende dag ophou SKEP het? Glad nie! Let baie mooi op. “En God het op die sewende dag”—WAT voltooi? Nie die skepping nie! Hy het “sy werk ... wat hy gemaak het,” geëindig.

Daar was ‘n volle SEWE DAE van skepping! Nie ses nie—SEWE! Op die sewende dag het Hy *DIE SABBAT GEMAAK!* Maar die Sabbat is gemaak, nie deur werk nie, maar deur *RUS*. Wat Hy die sewende dag *geeindig* het, was die *WERK* van skepping—dit wat deur *werk* geskep is! Op die sewende dag het Hy *gerus!* Hy het die Sabbat geskep deur *te rus*.

WAS GOD MOEG?

Nou waarom het Jesus Christus, wat die *WERK* van skepping gedoen het, *gerus?* Was Hy “doodmoeg”? Was Hy so gedaan dat Hy geforseer was om te stop en te rus? Beslis *nie, want God* “word nie moeg of mat nie!” (Jesaja 40:28).

Tog was hierdie ‘n ware rus, want in Exodus 31:17 staan dit geskryf: “... in ses dae het die Here [Christus] die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus *en Hom verkwik*.” Aangesien Hy verkwik was deur hierdie rus, was dit ‘n ware rus. Tog was Hy nie moeg of afgemat nie!

HOEKOM het Hy gerus? Om Sy GODDELIKKE TEENWOORDIGHEID IN DAARDIE DAG te sit! Hy het die Sabbat GESKAPTE deur op daardie dag *te rus*, terwyl Hy al die ander dinge geskape het deur *te werk*!

LET VERDER OP! Hy het ook “die sewende dag geseën en dit geheilig!” Wat beteken “geheilig?” Slaan dit na in u woordeboek. Dit beteken “*afgesonder* vir HEILIGE GEBRUIK of doel.” Hy het hierdie dag van die ander *afgesonder*—afgesonder vir HEILIGE gebruik—vir ‘n dag van fisiese rus, waarin Sy mense mag byeenkom en God aanbid!

Hy het ook die sewende dag van elke week “GEHEILIG” (Exodus 20:11). Hy het dit HEILIG gemaak. Dit is HEILIG vir GOD, soos ons later in die Skrif sal sien. Die Sabbat is ‘n dag. Dit is die bepaalde sewende dag *van die week* (Matthéüs 28:1). Wat God dus gedoen het—en God het dit deur CHRISTUS gedoen—*was om toekomstige TYD heilig te maak!*

Nou vra uself af en antwoord: Het enige mens die gesag om toekomstige tyd HEILIG te maak? Geen mens is vanself heilig nie. Geen mens het die gesag om enigiets heilig te maak nie. SLEGS GOD IS HEILIG—of wat ookal God heilig *gemaak* het! Geen groep of organisasie van mense het die gesag om toekomstige tyd HEILIG te maak nie!

Die Sabbat is ‘n TYDPERK. God het dit as daardie tydperk vanaf sononder Vrydag tot Saterdag sononder gestel. Wanneer daardie tyd vir ons aanbreek, *verkeer ons in heilige tyd!* Dit is God se tyd, nie ons s’n nie! God HET dit HEILIG GEMAAK—en in die Tien Gebooie, soos ons ‘n bietjie later in meer besonderhede sal sien, het Hy ons beveel om *dit heilig te hou!* Baie besef nie vandag dat dit ‘n SONDE is om dit wat vir God HEILIG is, te ontheilig nie.

“NEEM JOU VOET AF”

Maar *maak dit enige verskil* of ons hierdie einste dag wat God geseën en geheilig het, hou? Moet die Christen dit wat God HEILIG maak, *respekteer*?

God gee vir ons 'n baie eenvoudige verduideliking deur 'n ondervinding van Moses.

Moses, wat van babatyd af deur Farao se dogter as 'n prins opgevoed was, het 'n Egiptiese wag vermoor en na die land van Midian, naby die berg Horeb, gevlug. Daar het hy met die dogter van Jetro, die Priester, getrou. Terwyl Moses die trop skape aangedryf het, het hy by die berg Horeb (Sinai) aangekom. Daar het hy 'n groot brandende bos gesien. Maar Moses het gemerk dat die bos nie verteer was nie. Dit het aanhou brand, tog was die bos self nie verbrand nie.

Die Ewige (Christus) het na Moses vanuit die brandende bos geroep.

“Moses, Moses!” het God geroep, “... Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy staan, is *HEILIGE GROND*” (Exodus 3:2-5).

Veronderstel nou dat Moses soos die meeste mense vandag was. Hy sou waarskynlik teëgepraat het. “Wel, Here, ek kan nie sien dat *dit enige verskil maak* WAAR ek my skoene uittrek nie. Ek wil hulle nie hier op hierdie grond uittrek nie. Ek sal wag, en my skoene 'n myl verder met die pad af, uittrek.”

Indien Moses opstandig sou wees en dít gesê het, sou hy nooit gebruik word om God se mense uit Egiptiese slawerny te lei nie.

Die grond 'n myl verder was nie *HEILIG* nie. *Waarom* het dit enige verskil gemaak of Moses sy skoene uitgetrek het—of *waar*? Hier is waarom! *DIE GROND WAAROP HY TOE GESTAAN HET, WAS HEILIG*. Hy was deur God verplig om *HEILIGE grond* met 'n respek te behandel wat hy nie aan ander grond sou betoon nie.

En *waarom*? Wel, wat het daardie besondere stukkie grond heilig gemaak? *GOD SE EINSTE TEENWOORDIGHEID WAS IN DAARDIE GROND!* God is *HEILIG!* God se *teenwoordigheid* in daardie bos het die grond daar rondom *HEILIG* gemaak!

Op presies dieselfde manier is *GOD SE TEENWOORDIGHEID* in sy Sabbat. Hy het op daardie eerste Sabbat *gerus* om Sy *teenwoordigheid* in daardie dag te sit! Dit het dit *HEILIGE TYD* gemaak! Vierduisend jaar later, toe hierdie selfde “*Logos*” of “*Woord*” vlees geword het—toe Hy as Jesus Christus in die vlees gekom het—*HET HY NOG STEEDS SY TEENWOORDIGHEID IN DAARDIE SELFDE WEEKLIKS HERHAALDE SABBAT GESIT—HY HET NA DIE SINAGOGES GEGAAN SOOS DIT SY GEWOONTE WAS!*

Jesus Christus is vandag steeds DIESELFDE, soos Hy gister was, en *tot in ewigheid* sal wees (Hebreërs 13:8). *Glo u dit?* Is u Bybel 'n GESAG? Aanvaar u dit as GESAG? Tensy Jesus Christus in Gees, vandag *in u vlees* leef—in werklikheid u lewe vir u leef—is u niks van Hom nie—is u nie 'n Christen nie (Romeine 8:9). En indien Hy is, HET HY NIE VERANDER NIE—Hy sit *nog steeds* sy teenwoordigheid in Sy SABBAT!

Moses is deur *die Here* beveel om sy skoene van daardie HEILIGE GROND af te haal. Ongehoorsaamheid sou 'n SONDE gewees het, met die ewige DOOD as straf.

Die mensdom word *deur dieselfde Here* beveel om sy voet daarvan te weerhou om God se HEILIGE DAG te ontheilig! God vereis van sy kinders om daardie HEILIGE tyd met respek te behandel wat nie vir ander tye vereis word nie.

Let op na 'n PROFESIE—*vir ons huidige tyd*: “As jy jou voet *terughou* van die sabbat—om nie jou sake op my HEILIGE DAG te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlusting noem [nie 'n juk van knegskap nie] en die HEILIGE DAG VAN DIE HERE *hooghou*; en as jy [HOM] *eer* deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou eie sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy *jou verlustig in die Here* en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek!” (Jesaja 58:13-14).

Daar is 'n duidelike “SO SÊ DIE HERE”!

Ons *eer God* deur daardie dinge wat Hy heilig *gemaak* het, *heilig te hou!* Ons *onteer Hom* wanneer ons met ons eie woorde sê, “Wel, ek dink die idees en weë van die MENSDOM—van al hierdie wêreld se KERKE—moet reg wees. Ek sal eerder doen wat hulle doen, en hulle eer, en deur hulle bewonder word.”

God beveel: “Neem jou voet van my HEILIGE TYD af! Hou op om alles wat VIR MY HEILIG EN GEWYD is met jou voete te vertrap! Hou op om MY HEILIGE DINGE te ontheilig—ongeag of dit MY naam, MY tiende van jou inkomste, of MY HEILIGE dag is.”

Die SONDE is om dit wat God HEILIG *gemaak* het, te ontheilig!

God het nooit enige ander weeksdag HEILIG *gemaak* nie. Die mens het geen gesag om 'n dag HEILIG te maak nie. U *kan nie* 'n dag HEILIG HOU, tensy God dit eers heilig *gemaak* het, net soos u nie koue water *warm* kan hou, tensy dit eers *warm* *gemaak* is nie! God het hierdie tydperk HEILIG *gemaak* - Hy beveel u om *dit so te hou!*

ABRAHAM HET DIT ONDERHOU

Hierdie wêreld en al sy beskawings—insluitende sy godsdienste—bestaan uit 'n stelsel van gelowe en gebruike wat uit “die weg wat vir 'n mens reg lyk,” ontstaan het. God sê *daardie* weg stel jou bloot aan die ewige DOOD. Daardie weg—die weg wat REG lyk—is die weg van SONDE.

Indien die wêreld se godsdienste werklik die BYBEL as hulle gesag aanvaar het, sou hulle almal presies *dieselfde ding* glo—sou almal GOD SE WEË en die gebruike wat HY verorden het, volg. Menige wat Christenskap bely, *verklaar* ook dat hulle die Bybel—en *alleenlik* die Bybel—volg. Tog glo hulle presies die teenoorgestelde van die duidelike lerings van die Skrifte en Christus. Hulle volg die gebruike van *heidense* oorsprong wat deur God in die Bybel *veroordeel* word! Hierdie wêreld is *mislei!*

Die mens ontwikkel baie argumente om die gebooie van God te omseil—omdat, wat die vlees bedink, vyandskap teen God is, want dit onderwerp hom nie aan die WET van God nie! (Romeine 8:7). Wanneer mense God se gebooie verwerp sodat hulle aan die oorlewering van mense kan vashou (sien Markus 7:6-9), moet hulle *argumente* ontwikkel om hulle opstandigheid te regverdig. Een van die argumente is dat God se gebooie nie bestaan het totdat die kinders van Israel die berg Sinai bereik het nie.

Maar Abraham het God se gebooie 430 jaar voor sy afstammeling Sinai bereik het, *gehou*.

LEES DIT IN U EIE BYBEL! “Abraham [het] na my stem geluister en my ordening, *MY GEBOOIE, MY INSETTINGE EN MY WETTE* onderhou” (Genesis 26:5). GOD praat hier. Hy verduidelik *hoekom* Hy die groot beloftes aan Abraham gemaak het.

DUS HET ABRAHAM GOD SE SABBAT ONDERHOU!

Ons lees in die Nuwe Testament dat dit SONDE is om enigeen van die gebooie te breek (Jakobus 2:10-11).

Sommige probeer argumenteer “dalk het tyd verlore gegaan. Dalk het hulle telling verloor van watter dag dieselfde sewende dag is van elke week waarop God gerus het.”

HET TYD VERLORE GEGAAN?

Adam was geskape en lewend toe sonder op daardie sesde

dag van die skeppingsweek aangebreek het—toe God van Sy werk *gerus* het. Adam het gewet watter dag was die sewende dag. Jesus het Abel “regverdig” genoem (Matthéus 23:35), dus het Abel die Sabbat *gehou*. Henog “het met God gewandel,” dus het Henog die Sabbat *gehou*—en hy was minder as ‘n honderd jaar voor Noag “weggeneem”. Hulle het dwarsdeur hierdie tyd presies gewet watter dag was die sewende dag. Adam het 243 jaar saam met Metúsalag gewoon en tot Lameg 56 jaar oud was. Hierdie manne het gewet watter dag was die sewende dag. Metúsalag het 600 jaar met Noag geleef, en Lameg het 595 jaar met Noag geleef.

Noag het beslis van hulle en andere geleer watter dag die sewende dag was. En Noag het dit gehou, want Noag was ‘n prediker van GERECHTIGHEID (2 Petrus 2:5)—en “al u gebooie is gerechtigheid” (Psalm 119:172).

Sem was ook regverdig en hy het geleef totdat Abraham 150 jaar oud was. Noag het slegs omtrent twee jaar voor Abraham se geboorte gesterf.

Nee, tyd het nie, tot die tyd van Abraham, verlore gegaan nie.

Maar na die dood van Jakob en van Josef, het die kinders van Israel (Jakob) slawe in Egipte geword. Daar staan geskryf: “Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. ... Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met hardheid laat dien en hulle lewe verbitter deur swaar werk ...” (Exodus 1:11, 13-14).

Die Egiptenare het geen Sabbat onderhou nie. Hulle het die Israeliete in hulle dwangarbeid vasgebind op die Sabbatte, net soos op ander dae. Dus was hierdie Israeliete vir omtrent 150 tot 175 jaar—vele geslagte—nie toegelaat om die Sabbat te vier nie. Hulle het geen priesterdom gehad nie. Daar was geen Sabbat of diens nie. Daar was heelwaarskynlik geen godsdienstige lering nie—daar was beslis geen op ‘n georganiseerde vlak toegelaat nie.

En daar was geen BYBEL nie—geen geskrewe aantekeninge van God se leringe nie, of van GOD SE WET nie! Die Bybel sê “die Woord van die Here *bly tot in ewigheid*.” INDIEN enige geïnspireerde Woord van God voor Moses se tyd geskryf was, sou dit vandag te sien wees. Die eerste Skrifgedeeltes is deur MOSES geskryf, *nadat* die Israeliete uit Egiptiese slawerny verlos is.

Die geslag Israeliete wat Moses uit Egipte gelei het, het geen godsdienstige lering of opleiding gehad nie. Hulle het

waarskynlik baie min van die Sabbat geweet. Tyd *kon* verlore gewees het—vir *hulle*. Maar, indien wel, het GOD DIT DEUR ONGELOOFLIKE WONDERWERKE GEOPENBAAR!

LET NOU OP! Hierdie Israeliete, ongeveer 3 tot 4 miljoen in totaal (600 000 mans bo die ouderdom van 20), het twee maande nadat hulle Egipte verlaat het by die wildernis van Sin aangekom, sowat twee weke *VOORDAT* hulle by die berg Sinai aangekom het. Onthou, dit is weke *voordat* God aan hulle die Tien Gebooie gegee het. Hierdie mense het gemor en geknor weens 'n kosskaarste in die woestyn.

WONDERBAARLIK GEOPENBAAR

En hier het God deur *WONDERWERKE* aan hulle *openbaar watter dag* die Sabbat was en *of dit enige verskil maak* of dit gevier word of nie.

“Toe sê die Here vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel,”—HOEKOM?—“*sodat Ek hulle kan beproef, OF HULLE IN MY WET SAL WANDEL OF NIE.*”

Lees dit weer! Dit was meer as twee weke *voordat* hulle die Tien Gebooie ontvang het—*voordat* die Ou Verbond eers voorgestel is—*voor* die Wet van Moses. Maar GOD SE WET was geldig en in werking. God *sou hulle beproef* om te sien of hulle een van die gebooie sou gehoorsaam.

“En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daaglik insamel” (Exodus 16:4-5).

Ek sal vir u wys dat God met hulle op 'n Sabbat gepraat het. Dit is duidelik dat die Here (wat later in menslike vlees, CHRISTUS geword het) op die eerste Sabbat vir die eerste keer aan die mens gepreek het. Adam was op die sesde dag van die skeppingsweek geskape. Blykbaar was hy in die laat middag geskape, aangesien die skepping van die mens die laaste skeppingsdaad op daardie dag was. Nadat die son gesak het, onmiddellik na Adam se skepping, het die Here *aan hom gepreek*. Hy het hom die GENADEGAWE van die ewige lewe (deur die boom van die lewe) aangebied en hom gewaarsku dat die loon van die sonde die DOOD is (Genesis 2:15-17).

En hier preek God weer vir Israel, deur Moses, *op die Sabbat*.

Lees die volgende verse in Exodus 16. Vers 9, Moses en Aäron het die mense bymekaar geroep. Vers 10, hulle het almal die heerlikheid van die Here gesien. Verse 11-13, tussen die twee aande, met skemer, onmiddellik na sononder op daardie Sabbat, het die Here kwartels vir kos gestuur en die volgende oggend was die manna op die grond.

Let nou op na die volgende wonderwerk. Vers 20: Sommige het probeer om van die manna tot die volgende oggend toe oor te hou, teen God se bevel. “*Toe kom daar wurms in en dit bederwe.*”

Nou, vers 22: Op die *sesde* dag het hulle ‘n *dubbele* porsie van die manna versamel. Vers 23: Moses het verduidelik dat “*Môre is dit rusdag, ‘n HEILIGE Sabbat van die Here.*” En op hierdie *sesde* dag is hulle beveel om die Sabbat se kosvoorraad te versamel, wat hulle gedoen het. En, vers 24, *dit het nie* bederwe nie en daar het geen wurms ingekom nie, soos op die vorige vyf dae nie! Hier was nog ‘n WONDERWERK van God, wat hulle gewys het *wat* die regte sewende dag was!

Toe die volgende oggend aangebreek het—die Sabbat, het Moses gesê (verse 25-26), “dit is vandag die Sabbat van die Here. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. Ses dae lank moet julle dit insamel, maar *op die sewende dag is dit Sabbat*; dan sal dit daar nie wees nie.”

Maar, HET DIT ENIGE VERSKIL GEMAAK?

Was dit nie aanvaarbaar om op die sewende dag te werk nie en dan op die eerste dag te rus nie? Net soos die meeste belydende Christene van vandag, het sommige van die Israeliete so gedink.

LET OP WAT HET GEBEUR! Die volgende vers—vers 27: “En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar *hulle het niks gekry nie!*” Hierdie *mense* het gedink dit maak geen verskil *watter* dag en *of* hulle dit hou nie. MAAR DIT HET ‘N VERSKIL AAN GOD GEMAAK! Op die ses weeksdag het GOD SELF GEWERK deur manna te laat afreën. Maar GOD SELF HET GEEN VAN HIERDIE WERK OP SY SABBAT—WAT HEILIG VIR HOM IS—GEDOEN NIE! Op hierdie sewende dag het GOD SELF *gerus* van manna vir hulle te stuur!

MAAK DIT ENIGE VERSKIL?

Let op na verse 28-29: “Toe sê die HERE vir Moses: *HOE*

LANK WEIER JULLE OM MY GEBOOIE EN MY WETTE TE ONDERHOU? Kyk, omdat die Here julle die sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek weggaan [om te versamel—te werk] nie!”

En na daardie vurige teregwyding van God, het die mense op die sewende dag gerus! Dit maak beslis ‘n verskil aan God! En God is DIESELFDE as wat Hy gister was, en tot in ewigheid sal wees (Hebreeërs 13:8).

Let weer op na hierdie wonderwerke waardeur God aan hulle geopenbaar het *watter dag* Sy dag—Sy Sabbat—was. Manna het ses dae lank geval, maar niks op die sewende dag nie. God self het *gewerk* deur dit tydens die ses weeksdade te stuur, maar op die sewende dag het Hy gerus. Op die eerste vyf dae van die week sou die manna bederf en vol wurms word, indien enige oorgehou is, maar op die vooraand van die Sabbat, die aand na die sesde dag het dit nie bederf nie, maar heeltemal vars en in ‘n perfekte toestand behoue gebly—en hulle het geen yskaste gehad nie! Op die sesde dag het God hulle twee keer soveel gegee. Op die sewende dag het Hy hulle NIKS gegee nie.

Na al daardie geslagte van slawerny in Egipte, mag sommige redeneer dat die Israeliete tred met die TYD verloor het.

Maar God het deur hierdie baie wonderwerke geopenbaar WATTER dag Sy Sabbat is. God het hulle ‘n vurige teregwyding gegee toe hulle versuim het om Sy SABBAT te onderhou. Hy het geopenbaar dat die heilighouding van die Sabbat SY WET was, baie dae *voor* die voorstelling van die Ou Verbond, of die gee van die Tien Gebooie soos God hulle by Sinai gespreek het.

Sodoende het God geopenbaar *watter dag* SY SABBAT is en ook dat dit WEL ‘N LEWE-EN-DOOD VERSKIL MAAK—want om God se Heilige Sabbat te breek is SONDE en die straf is ewige DOOD!

Let ook op na vers 29 van Exodus 16: “[O]mdat die HERE julle die sabbat gegee het”. Nêrens, regdeur God se Woord kan u enige stelling vind wat sê: “Die HERE het julle SONDAG gegee,” nie. Wie, het dan die belydende Christen wêreld sy SONDAG gegee? U kan die antwoord maklik in die GESKIEDENIS vind. Vleeslike MENS—heidene, wat van God *afgesny* en in opstand teen God is—het belydende “Christendom” sy Sondag gegee! Dit kom uit die *heidendom*! En die wêreld volg die gebruik!

Wat is die OORSPRONG van u geloof? Is dit die MENS—en die meerderheid openbare opinie en tradisies van die MENS—of is die ALMAGTIGE GOD die oorsprong van wat u glo en DOEN? *Watter een?* Is MENSLIKE aanvaarding u oorwegende GESAG, of is GOD en GOD SE WOORD, DIE BYBEL, u gesag? *WELKE?*

U EWIGE LEWE hang af van u antwoord op hierdie vraag!

**MOSES NIE DIE GEWER
VAN DIE TIEN GEBOOIE NIE**

Miljoene mense is geleer dat MOSES die Tien Gebooie aan die kinders van Israel gegee het.

Een Sondagoggend in 1933 het ek 'n kerk in die suide van Oregon binnegestap. Dit was die Sondagskool uur. Ek, 'n vreemdeling, het in die mans se Bybelklas gaan sit. 'n Lesraamwerk is aan my uitgedeel. Die les vir die dag was, "Moses gee die Jode die Tien Gebooie." Toe ek dit vinnig deurkyk, het ek opgemerk dat dit alleenlik stellings van die sektariese skrywer, of outeurs, van hierdie kerkverband bevat het. Geen *Bybelse* bewyse nie!

Maar onmiddellik het 'n skrikwekkende en baie snaakse ding gebeur. Die leraar van die klas het 'n minuut of twee gehakkel, maar was glad nie in staat om sy les te begin nie. Toe het hy skielik na my gedraai en uitgeblaker: "Meneer, ek weet nie wie u is nie, maar vir een of ander rede kan ek net nie hierdie klas vanoggend gee nie—en ek weet u kan. Sal u asseblief my plek inneem en ons leer?"

Dit was soos 'n skielike donderslag uit die bloute uit. HOEKOM was hy skielik nie in staat om 'n klas te gee wat hy gereeld gegee het nie? WAT het hom na my toe laat draai? WAAROM was hy so seker dat ek hulle kon leer, terwyl hy my nog nooit voorheen gesien het nie en ons nog nie eens aan mekaar voorgestel is nie? Ek het nie geweet nie—tensy dit was dat ek die enigste man in die klas was wat 'n Bybel saamgebring het.

"Wel," het ek geantwoord, "dit is nogal 'n skielike en vreemde versoek om aan 'n volkome vreemdeling, wat nog nooit voorheen hier was nie, te rig. Ek het 'n vinnige blik deur hierdie raamwerk geneem. Ek sal aan u moet sê dat ek u nie hieruit sal kan onderrig nie, want wat dit hier sê is *nie waar*

nie. Maar, indien u menere wil hê dat ek u die waarheid, uit die BYBEL, leer oor wie *wel* die Tien Gebooie aan die kinders van Israel gegee het, sal ek dit kan doen. Maar dit is net regverdig om u vooraf te waarsku dat u raamwerk heeltmal onskriftuurlik en verkeerd is.”

Al die mans in die klas wou hê dat ek moet voortgaan en hulle onderrig.

Hoofstuk 3

God het die Wet Gegee— Nie Moses Nie

DIT IS, DAN, WAT EK DAARDIE KLAS GELEER HET: IN DIE DERDE maand (van die nuwe heilige kalender wat God aan die Israelite in Egipte gegee het), het die groot menigte Israelite by die berg Sinai aangekom.

Onthou hulle was omtrent 3 tot 4 miljoen sterk. Daar was 600 000 volwasse mans van 20 jaar en ouer—vrouens en kinders uitgesluit.

DIE GROOT VERGADERING

Hierdie ontsaglike vergadering van miljoene Israelite het tente opgeslaan—'n reusagtige laer gevorm—'n kolossale TENTDORP (Exodus 19:2). Dit het, natuurlik, baie tyd in beslag geneem—alhoewel hulle goed georganiseerd was.

Toe (vers 3) het Moses die berg opgegaan om God te ontmoet. En daar het DIE HERE 'n aanbod aan hom gegee om aan daardie miljoene mense voor te lê. Hierdie aanbod—of ooreenkoms—is wat ons die “Ou Verbond” noem—die verbondsooreenkoms om van hierdie mense 'n VOLK te maak—God se eie volk op aarde.

Die aanbod het voorsiening gemaak dat God hulle enigste Koning en Heerser sou wees. Hulle regering sou 'n teokrasie wees. God was die Wetmaker, nie 'n kongres of parlement nie. God sou vooraanstaande manne aanstel om Sy bevele uit te voer. Moses het na die groot tentdorp teruggekeer.

Daarop het “Moses gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou...” (vers 7). Die volk het God se aanbod eenparig aanvaar. U sien, in hierdie aanbod, was die mense so ingestel om te ontvang wat God hulle in die kontrak BELOOF het—“sal julle my eiendom UIT AL DIE VOLKE wees”—dit is, die grootse, mees voorspoedige, mees magtige volk op aarde—dat hulle nie die *voorwaarde*: “As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou” (vers 5)—ernstig oorweeg het nie.

En wat sou van die eie STEM VAN GOD kom wat hulle moes gehoorsaam? 'n Groot wet *wat reeds bestaan* het, net soos die wette van swaartekrag en traagheid—die wette van fisika en chemie—reeds bestaan het. Maar hierdie was 'n GEESTELIKE wet! God se stem sou daardie lewende, onveranderlike wet in spesifieke woorde, as 'n bepaalde kode, openbaar.

‘N HARDE WET?

WAAROM hierdie Wet? Dit is hoogtyd dat ons van vandag die ware antwoord besef. God Almagtig is nie net die Skepper en Heerser oor Sy eindelose en uitgestrekte skepping nie. Hy is ook 'n God van LIEFDE.

In LIEFDE het God die mens na Sy eie beeld geskep. God het mense LIEF. God wou hê dat die mense wat Hy sou skep, gelukkig moes wees—om vrede te hê, om die lewe in veiligheid en interessantheid, krag en oorfloedigheid te leef en te geniet. Ten einde so 'n gelukkige toestand moontlik te maak, het God die lewende, geestelike wette in beweging gestel wat DIE WARE WEG uitmaak, na elke fisiese, verstandelike en geestelike welgesteldheid—om hartseer, lyding, vrees, onveiligheid, verveeldheid, leegheid, frustrasie, geweld en dood te VERMY. Hierdie geestelike WETTE voorsien DIE WEG na 'n gelukkige, energieke, noodsaaklike, interessante en vreugdevolle LEWE.

God is liefde—en God weet dat LIEFDE aandoenlik en goed is. Daarom het Hy 'n WET VAN LIEFDE gevorm en in beweging

gestel—'n wet wat vervul, gehoorsaam en uitgevoer word *deur* LIEFDE.

Wat 'n wonderlike, heerlike GESKENK aan die mensdom! Mens sou dink dat die mensdom bly sou wees en aan God oneindige dank en prys in diepe DANKBAARHEID sou gee! Maar die mensdom doen nie! So goed en heerlik soos hierdie wet is, is die menslike natuur *vyandig* daarteenoor! Dit was destyds so. En so is dit ook vandag. Menslike natuur is die binnewaartse *trek* van ydelheid, selfsugtigheid en gierigheid. Baatsugtig, *wil* dit alles *vat* wat God se LEWENSWYSE sou bring—maar, opstandig, wil dit kwalik die weg wandel wat hierdie oorfloedige seëninge sal bring.

LIEFDE is 'n uitvloeiende besorgdheid. Dit is die WEG van gee, diens, mededeelsaamheid. Menslike natuur wil *vat*.

Alle goeie dinge, seëninge en voordele, kom van GOD. Hy is die BRON van all goeie dinge waarna die mensdom smag. In Sy aanbod om hulle Koning en Heerser te wees—om hulle die wêreld se mees welvarende, mees geseënde en magtige volk te maak—sou hulle die opperste seën hê om die leiding, beskerming en hulp van die alwyse, volmaak liefdevolle, Almagtige GOD te hê!

Hierdie groot vergadering van mense het natuurlik net na die eind-BELOFTE gekyk—na wat hulle sou KRY—en het gladweg tot die voorwaardes verbonde aan God se aanbod ingestem, voordat hulle dit gehoor het.

Toe (vers 8) het Moses weer die berg uitgeklim om aan God te rapporteer.

DIE KRAG EN DIE HEERLIKHEID!

God het Moses beveel: “Gaan na die volk en heilig hulle vandag en môre, en laat hulle ... hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal DIE HERE voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal” (verse 10-11). Op daardie groot dag, in die oggend, was 'n *verskriklike* vertoning van donderslae en blitse op die berg.

Kan u, u dit voorstel? Ek dink ek kan—ten minste gedeeltelik. Jare gelede—in die vroeë winter van 1934—was ek besig om rondom die *Mt Hood Loop*, in Oregon te ry. Aan die oostelike kant van die *Mt Hood* was daar 'n spoorpad wat

ONGELOOFLIKE KRAG VAN 'N ELEKTRIESE STORM. God het hierdie krag betoon toe Hy Sy wet gespreek het! Hy wou die geweldige belangrikheid van die wet wat Hy oppad was om aan Sy mense te gee, beklemtoon. God het self die wet aan Israel uitgedonder.



tot aan die voet en gedeeltelik op teen die berg gegaan het. Toe ek hierdie punt bereik, het daar 'n vreesaanjaende storm op die sneeubedekte bergpiek reg bokant my, ontwikkel. 'n Donker, onheilspellende wolk—die donkerste wat ek nog ooit gesien het—het oor die bopunt van die berg gehang. Weerlig het geblits, so helder dat ek my oë moes bedek. Donderslae het harder en skerper weerklink as enige wat ek al ooit in Iowa of Nebraska gehoor het. Ek het terug na onder bestuur, weg van daardie storm af, so vinnig as wat veiligheid toegelaat het. Dit was die mees vreesaanjaende, skrikwekkende gesig wat ek nog ooit aanskou het. Dit het gelyk asof dit die OMVANG van die WOEDE van die Almagtige GOD vertoon!

Ek het, toe, net aan een ding gedink—hierdie selfde ondervinding toe GOD vanaf die berg Sinai SY GROOT GEESTELIKE WET na benede gebulder het! Ek het egter besef dat dit wat ek gesien en gehoor het, kinderspeletjies in vergelyking was daarmee. Tog het dit gemaak dat ek besef watter onbeskryflike gebeurtenis—wat die verstand te bowe gaan—ten aanskoue van die hele Israel gebeur het!

Verbeel jouself daardie uitgestrekte SEE van mense—miljoene van hulle—wat strek so ver as wat die oog kan sien! Dan skrikwekkende blitse van verblindende weerlig en donderslae wat oordromme amper laat bars! En *die GROOT GOD SELF*, midde in hierdie oë-verblindende, oorverdowende vertoning, wat voorberei om SY GROOT WET ten aanhore van daardie uitgestrekte vergadering uit te bulder!

Geen wonder dat die mense vreesbevange was en Moses gevra het om tussen hulle en God te staan nie!

Te midde van hierdie ontsaglike tentoonstelling van God SE MAG EN HEERLIKEID, het Moses “die volk uit...gelei om God te ontmoet, en hulle het gaan staan by die voet van die berg. En die hele berg Sinai het gerook, omdat die HERE in 'n vuur daarop neergedaal het...en die hele berg het vreeslik gebewe” (verse 17-18).

WAT 'N TONEEL OM GOD SE WET te ontvang!

Dit was geen gewone geleentheid nie! God wou hê dat die allergrootste BELANGRIKHEID VAN HIERDIE WET—God se volmaakte LEWENSWYSE—op Sy mense benadruk moes word!

Dink daaroor! 'n Hele VOLK van MILJOENE saam byeen in een uitgestrekte, ontsaglike en geskiedkundige vergadering!

En die ware GOD SELF wat deur VUUR en blitsende weerlig en verdowende DONDRSLAE praat, en 'n groot bonatuurlike STEM wat geen mikrofone of luidsprekers of klankversterkende toerusting nodig gehad het om deur MILJOENE gehoor te word nie.

Dit was nie 'n byeenkoms van 100 000 mense soos ons elke jaar in Pasadena by die Rose Beker voetbalwedstryd sien nie. Hierdie voetbalskare lyk vir ons vandag na iets ONTSAGLIKS. Maar dit is 'n armsalige, klein vetkolletjie in vergelyking met GOD se gehoor. Sy gehoor was nie 100,000, nie 500,000, nie 1 miljoen nie—maar 3 tot 4 MILJOEN mense, 'n skare wat die verstand te bowe gaan!

Dit was *nie* Moses se stem wat God se WET oorgedra het nie. Dit was DIE STEM VAN GOD! Die hele volk van mense het die STEM VAN GOD gehoor!

“Toe het God al hierdie woorde gespreek en gesê: EK IS DIE HERE jou God ...” en toe en het die stem van GOD aan daardie skare mense DIE WOORDE VAN DIE TIEN GEBOOIE gespreek!

DIE STEM VAN GOD—NIE MOSES NIE!

Hoe betekenisvol! Op daardie heel *eerste* Pinksterdag (in die Ou Testament die fees van eerstelinge of die fees van weke genoem), te midde van hierdie verskriklike en ontsaglike openbaring van die natuur se kragte, het God SY WET gegee—SY LEWENSWYSE—aan die enigste mense op aarde wat SY VOLK was. Dit het gekom met die grondlegging, die vestiging van God se VOLK op aarde.

Toe, baie eeue later, op die Pinksterdag, 31 n.C., met 'n verskriklike en ontsaglike openbaring, het God SY HEILIGE GEES aan Sy mense gegee—die LIEFDE VAN GOD om daardie wet te *vervul*. En dit het gekom met die grondlegging, die vestiging van GOD SE KERK op aarde!

WIE het aan die volk die Tien Gebooie gegee?

Let dit noukerig op! Die volk *het nie die Tien Gebooie van Moses ontvang nie*, soos dit blyk die meeste mense vandag glo nie. Moses het die heel eerste oordrag van die gebooie in hierdie vorm, SAAM MET DAARDIE HELE VOLK VAN MILJOENE mense gehoor! Dit was nie Moses wat hierdie wet aan die mense gegee het nie—maar “GOD het al hierdie woorde gespreek.”

Volgende, neem kennis van Deuteronomium 5:4-22. Dit is later. Moses is besig om met Israel te praat. En aan die volk sê Moses: “Van aangesig tot aangesig het DIE HERE op die berg uit die vuur met JULLE gesprek ... en Hy het gesê ...”—dan volg die woorde van die Tien Gebooie (verse 6-21).

LEES DAARDIE SKRIFGEDEELTES WEER! Waarom is u geleer dat MOSES “die wet gegee” het? WAAROM is hierdie wet die “wet van Moses” genoem?

Die Tien Gebooie het nie van Moses gekom nie, maar van GOD! Die Tien Gebooie was nie deur Moses aan die mense gegee nie, maar was deur GOD aan die hele volk daar byeen, gegee. Moses sê: “Van aangesig tot aangesig het DIE HERE met JULLE gesprek—die hele uitgestrekte vergadering van die VOLK!

Moses verduidelik (vers 5) dat omdat die mense bevrees was, ten einde hulle gerus te stel, het hy voor hulle gestaan, maar HY WAS SAAM MET HULLE, BLOOT AS EEN VAN DIE GROOT VERGADERING.

Maar God het met AL DIE MENSE DAAR VERGADER gepraat, nie net met Moses nie!

Let verder op—na voltooiing, in vers 21, van die herskrywing van die woorde van die Tien Gebooie wat God gesprek het, gaan Moses voort in vers 22 om aan die volk van Israel te sê: “Met hierdie woorde het die HERE julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met ’n groot stem toegesprek, en niks meer nie; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee.”

Lees dit weer versigtig! Dit is heel waarskynlik nie wat u vertel was nie. Lees dit in u eie Bybel!

Hierdie woorde van die Tien Gebooie het die HERE gesprek. Aan wie? “JULLE HELE VERGADERING”. Die volk het NIE die Tien Gebooie van Moses ontvang nie, maar regstreeks van die stem van GOD, wat hulle almal gehoor het!

“En niks meer nie.” Dit was ’n VOLLEDIGE WET! Dit is ’n GEESTELIKE WET! Dit is VOLLEDIG. Hy het niks meer--by DAARDIE WET—gevoeg nie! Enige ander wette is verskillend, aparte wette—NIE DEEL VAN DAARDIE GEESTELIKE WET NIE! Dit is op sigself volledig!

En as u dink dat hierdie wet slegs vir die Jode was, kan u nie meer verkeerd wees nie! Het u nie in Handeling 7:38

gelees dat daardie Israëliete “het die lewende woorde ontvang om aan ons *te gee*”—vir ons, wat onder die NUWE Testament, Christene is?

Alle ander nasies het van God en SY LEEFWYSE weggedraai. Nou het God ‘n vertrapte SLAWE-volk as *Sy volk* gekies—die ENIGSTE volk op aarde wat hulle nie heeltemal van God afgesny het nie.

Dit was die GRONDSLAG waarop die Ou Verbond gemaak was—maar wat is die grondslag van die NUWE Verbond? Lees dit in Hebreërs 8:10: “Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal *my wette* in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n GOD wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.”

Dit sal voortreflik duidelik gemaak word, in hierdie boekie, dat hierdie was nie 1) ‘n tydelike wet wat aan die kruis sou eindig nie; en 2) geen spesiale wet wat slegs vir een volk en verbode vir ander nasies was nie. God is geen aannemer van die persoon nie (Handelinge 10:34).

DIE SABBAT GEBOD

Let nou meer noukerig op die Sabbatgebod.

“GEDENK die sabbatdag, dat jy dit heilig” (Exodus 20:8). God het gesê ONTHOU hierdie dag! So die mens het daarop aangedring om dit te *vergeet*—of om dit na ‘n ander dag te *verander*!

Christus het tydens die bergrede gesê: “MOENIE DINK dat Ek gekom het om die wet te ontbind nie,” maar belydende Christene dink dat Hy *wel* gekom *het* om dit te vernietig!

Tydens dieselfde bergrede het Christus gesê: “Moenie sweer nie,” maar belydende Christene regoor die wêreld steek hul regterhand op en sweer.

Christus het gesê: “Julle moet julle vyande LIEFHÊ,” maar belydende Christene—wie voorgee om HOM te volg—HAAT hulle vyande en maak oorlog om hulle dood te maak.

Christus het gesê: “Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is,” maar belydende Christene sê “Dit is onmoontlik om God se Wet te onderhou, laat staan nog perfek wees. Christus het die wet in ons plek onderhou en dit toe afgeskaf”.

Christus beveel “DOEN DIT!”, en Sy belydende volgelinge DOEN NIE!

Christus beveel “MOENIE DIT DOEN NIE”, en Sy belydende volgelinge DOEN SO!

Christus beveel “*GEDENK die Sabbatdag*”! So diegene wat voorgee dat hulle Hom volg VERGEET dit!

Maar let op die res van dieselfde sin—“dat jy dit *HEILIG*”. Met ander woorde, ons moet dit *HEILIG HOU*. Die woord *hou* beteken om dit in dieselfde toestand te preserveer. Mens kan nie yswater warm *HOU* nie—jy kan net *WARM* water warm *hou*. Mens kan nie ‘n onheilige dag heilig *hou* nie. Die enigste dag in die week wat God ooit heilig *gemaak* het is Sy Sabbatdag. Dit is uiters onmoontlik om Sondag of Vrydag *HEILIG* te hou—want God het hulle nooit heilig *gemaak* nie, en die mens het nie die mag om iets heilig te maak nie. Hierdie is nie argumente nie—dit is *FEITE* wat u in God se *ORDEEL* sal veroordeel!

Let nou op verse 9 en 10 (Exodus 20): “Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar *die sewende dag* is die sabbat van die *HERE* jou God; dan mag jy géén werk doen nie...”

Nie net *enige* sewende dag nie. Nie “een dag uit elke sewe” nie—Christus het gesê “*die sewende dag*”! In Mattheüs 28:1—na die kruisiging en opstanding—*na* wat ookal “aan die kruis vasgespyker”, was—sal u vind dat dit *die sewende dag van die week* is—die dag *voor* die eerste dag van die week!

Let verder op! Christus het *nie* gesê “die sabbat van die *JOODSE VOLK*” nie. Hy het duidelik gesê, “die sabbat van die *HERE* *JOU* *GOD*”!. As dit die *HERE* se Sabbat is—die Sabbat *VAN* die *HERE*—dan is die Sabbat, waarlik, die “*DAG VAN DIE HERE*”!

Laat ons nou net hier ‘n einde maak aan die opstandige *ARGUMENTE* dat Sondag “die dag van die Here” is. Ek sal aan enige leser die volgende uitdaging stel: Verskaf enige skrifgedeelte in die Bybel wat Sondag—of die eerste dag van die week—as “die dag van die Here” identifiseer, en ek sal die waarheid van daardie skrifgedeelte aan die miljoene mense wat die *World Tomorrow* program oor die lug in elke bewoonde vasteland op die aarde hoor, verkondig, en dit prominent in die *Plain Truth*, wat nou ‘n lesersgehoor van omtrent 7 miljoen mense regoor die wêreld het, publiseer. [Die *World Tomorrow* program is sedert Meneer Armstrong se dood gestop en die *Plain Truth* oplaag het na minder as 100 000 getuimel.]

God het een van die grootste gehore in die wêreld voor my geplaas vandag. Indien u glo dat Sondag die “dag van die Here” is en u dit aan die hand van die Skrif kan bewys, is hierdie u geleentheid om dit aan miljoene mense te verkondig! Maar voordat enigiemand Openbaring 1:10 instuur, laat ek u aandag op die feit vestig dat 1) hierdie vers nie na enige dag van die week verwys nie, maar na die algemene periode van profesie wat in meer as 30 profesieë as “die dag van die Here” genoem word. In hierdie teenswoordige tyd is ons in *die dag van die mens*. Die “dag van die Here” is die tydperk wanneer God regstreeks en bonatuurlik in wêreldsake gaan ingryp en begin om die regerings van alle nasies oor te neem. En, 2) Hierdie vers en sy konteks *maak geen verwysing na enige dag van die week nie*, en dit noem ook geensins Sondag of “die eerste dag van die week” nie. Daar is volstrek niks in hierdie vers of konteks wat dit met ‘n weeklikse dag van aanbidding verbind nie, of die dag na Sondag *verander* nie. Diegene wat dit met Sondag assosieer het, het dit *sonder skriftelike gesag* gedoen en sodoende miljoene mense mislei.

Die “Here se dag” is die dag waaroor die HERE *meester is*—die dag wat SY dag is—en in Markus 2:28 het Jesus Christus gesê Hy is die Here *van die Sabbat*—nie van die Sondag nie.

In hierdie huidige vers—Exodus 20:10—het Hy aan al die mense vergader gesê, “Maar *die sewende dag* is die sabbat *van die HERE jou God...*” Nie die Sabbat van die Joodse volk nie—maar “*van die HERE jou God.*”

SABBAT NIE MY DAG NIE

Laat ek hierdie vers verder verduidelik. Sowat 30 jaar gelede, toe ek aanddienste in die Ouditorium van die Sakekamer in Seattle, gehou het, het ‘n vrou na die diens by die ingang my hand geskud het, het ‘n oomblik gestop en gesê:

“Meneer Armstrong, ek het gehoor dat Saterdag u dag is. Ek hoop dat dit nie die waarheid is nie”.

“Dit is verseker nie die waarheid nie,” het ek geantwoord. “Sondag is my dag.”

“O, ek is *so bly!*” het sy uitgeroep.

“Maar wag ‘n oomblik,” het ek vinnig gesê. “Ek sien u verstaan nie. Sondag is my dag. So ook Maandag, Dinsdag,

Woensdag, Donderdag en Vrydag—daardie is almal *my* dae—maar Vrydag sononder tot Saterdag sononder is *nie MY* dag nie—DIT IS GOD SE DAG—dit is die *HERE SE* dag!”

Lees die woorde van Christus weer in die gebod: “Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen”—daardie is *ONS* dae, vir *ONS* werk—“maar die sewende dag is die sabbat *van die HERE* jou God”—die *SEWENDE DAG* is die *HERE SE DAG*! Hierdie gebod in die Wet, wat *sonde* definieer, sê duidelik so!

In 1 Johannes 3:4 lees u die *BYBEL* se definisie van wat *SONDE* is. “[S]onde is wetteloosheid.” In Romeine 7:7 lees u *watter* wet dit *SONDE* is om nie te gehoorsaam nie—die wet wat sê, “Jy mag nie begeer nie”—wat vanuit hierdie selfde wet aangehaal word—Exodus 20:17. In Jakobus 2:9-11 sal u lees *watter* wet sonde definieer. Dit is ‘n wet wat in punte onderverdeel is (vers 10). Een van die punte is “Jy mag nie egbreek nie” wat vanuit hierdie wet aangehaal word (Exodus 20:14), en nog een van die punte is “Jy mag nie doodslaan nie” ook vanuit dieselfde wet aangehaal (Exodus 20:13).

In Jakobus 2:10 lees u dat indien u enige van hierdie 10 punte breek u *SKULDIG* aan *SONDE* is. Dieselfde wet sê: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig... [D]ie sewende dag is die sabbat van die *HERE* jou *GOD*.” *Wie ookal daardie gebod nie gehoorsaam nie, SONDIG!*

Dit is waarskynlik ver verwyder van wat u geglo het, of geleer is. Maar indien enigiemand wil argumenteer, stel ek voor dat hulle hul argumente vir die Oordeel spaar en dan kan hulle probeer om van aangesig tot aangesig met hulle Verlosser en Maker, Jesus Christus, te argumenteer!

SABBAT GENOEM VANAF DIE SKEPPING

Voordat Exodus 20 verlaat word, neem kennis van nog een belangrike feit.

In vers 11 sal u lees: “Want in ses dae het die *HERE* die hemel en die aarde gemaak...en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die *HERE die sabbatdag* geseën en dit geheilig.”

Nou *wanneer* het die *Here* die sewende dag geseën en geheilig? U sal lees, soos vantevore verduidelik, in Genesis 2:3, dat Hy hierdie seëning en heiliging op daardie eerste

dag van die oorspronklike SKEPPINGSWEEK gedoen het. En die Sabbatgebod sê duidelik: “[D]ie HERE [het] *die sabbatdag* geseën.” Hy het hierdie seëning en heiliging op die dag na die skepping van Adam en Eva gedoen. En *wat* Hy *toe* geseën en geheilig het, sê Exodus 20:11, was die SABBATDAG. Dit was God se Sabbatdag vanaf die oorspronklike skeppingsweek. DIT is *wanneer* die Here die Sabbatdag *gemaak* het.

Baie het die misleidende argument gebruik dat God nooit die Sabbat GEMAAK het totdat Hy die Tien Gebooue by die Berg Sinai gegee het nie. Maar dit sê duidelik dat die sewende dag van die skeppingsweek, wat die Here *toe* geseën en geheilig het, was *toe*, die SABBATDAG. Verder, soos ongetwyfeld hierbo bewys, het die Sabbat bestaan en was dit God se heilige dag, *voordat* die Israeliete by die Berg Sinai aangekom het—soos in Exodus 16 gewys word.

Dus, die Here Jesus Christus, as die “Logos” (Johannes 1:1—Grieks), of “YHVH” (Hebreeus) van Genesis 2, wie alles GEMAAK het wat *gemaak* was, het die Sabbatdag *gemaak*, soos Jesus duidelik in Markus 2:27 verklaar het. Dit is een van die dinge wat Hy GEMAAK het—en dit was GEMAAK op die sewende dag van die eerste week—skeppingsweek. Die Sabbat het VANAF DIE SKEPPING bestaan, en, bykans twee millennia later, het dieselfde Here, die Persoon van die God-hoof wat Jesus Christus *geword* het, Sy mense BEVEEL om *dit heilig te hou!* En, omtrent nog 2000 jaar later, het Hy gesê Hy is die HERE van daardie dag!

Hoofstuk 4

‘n Spesiale Ewige Verbond

WAT GOD BEVEEL HET OM TE ONTHOU, SAL OPSTANDIGE MENSE elke moontlike argument gebruik om dit te *regverdig* om dit te *vergeet*! Gevolglik, het baie die argument gebruik, sonder enige Skriftelike gesag natuurlik, dat die Tien Gebooe by die kruis afgeskaf was. Natuurlik stop hulle nooit om te besef dat *indien* daar geen wet is nie, is daar geen oortreding nie—soos Paulus duidelik in Romeine 4:15 verklaar—en niemand het dan sedert die kruis gesondig nie—en gevolglik het ons nie ‘n Verlosser *nodig* nie!

En tog, selfs al was hierdie perverse en misleidende argument waar—*indien* God al 10 van Sy gebooe by die kruis afgeskaf het en toe 9 van hulle in die Nuwe Testament terugbring het, ten einde van die Sabbat ontslae te raak—soos baie van hulle leer—IS HULLE *steeds* SONDER VERSKONING!

Want God het van die Sabbat in spesiale en aparte VERBOND gemaak, *vir ewig bindend*!

VERBOND VOLLEDIG

U sal onthou dat *God niks meer by die Tien Gebooe wet gevoeg het nie* (Deuteronomium 5:22). Enige ander wet of verbond wat later sou kom, VORM NIE DEEL DAARVAN NIE, maar is ‘n aparte

wet of verbond. Paulus maak dit duidelik: "...selfs 'n mens se testament wat bekragtig is, maak niemand tot niet of voeg iets daaraan toe nie" (Galásiërs 3:15).

Die Tien Gebooie is volledig—God het *niks meer* bygevoeg nie. Ook die *Ou Verbond was bekragtig*, soos in Exodus 24:4-8 beskryf. *Daar kan niks daarby gevoeg word nie*.

Later, nadat beide die Tien Gebooie en die Ou Verbond *voltooi* is, geldig verklaar is, van krag gemaak en in werking gestel is, het God NOG 'N HEELTEMAL AFSONDERLIKE verbond, bindend vir ewig, met Sy volk gemaak.

WAAROM DIE SABBAT?

God doen nooit iets *tevergeefs* nie—dit wil sê, sonder dat daar 'n goeie en nuttige doel daarvoor is nie. Wanneer God enigiets doen of enigiets maak is daar 'n rede—'n belangrike DOEL.

God het die MENS geskep en hom hier op aarde geplaas. Maar die mensdom het kennis oor sy DOEL verloor. God het 'n belangrike DOEL gehad. U is hier geplaas vir 'n belangrike DOEL.

God het, deur "die Woord" (Johannes 1:1-3) wie Jesus Christus geword het, die Sabbat *gemaak*. Hy het dit *vir* die mens gemaak. Maar WAAROM?

Watter DOEL dien dit? Die mensdom het ook kennis oor *daardie* belangrike doel verloor! Jesus Christus (Markus 2:27-8) het gesê dat dit *vir* die mens gemaak is, eerder as wat die mens *vir* die Sabbat gemaak was. Maar op daardie tyd het Hy net gesê *vir wie* Hy dit gemaak het—nie WAAROM nie—nie vir watter DOEL Hy dit gemaak het nie, behalwe tot diens en voordeel vir die mens.

Dit is waarom hierdie spesiale, aparte SABBAT VERBOND belangrik is. Want dit openbaar DIE REDE, die basiese *doel*. Daarom word dit nodig om dit noukerig te bestudeer.

Dit word in Exodus 31:12-17 gevind:

DIE SPESIALE SABBAT VERBOND

"Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou..." Let weereens op, *watter dag* is "die Here se dag" Die Here noem die Sabbatte "*my sabbatte*." Die Sabbatte is

SYNE—dit behoort nie aan ons nie—hulle is nie *ons* dae nie, maar die *HERE* s'n. *HULLE IS NIE* "die Joodse Sabbatte" of "die Heidense Sabbatte" nie. Die Sabbat is 'n *TYDSPERIODE*. Daardie tyd, wanneer dit ookal aanbreek, is *nie ons s'n* nie, maar *GOD* s'n. Indien ons dit vir onself toedeel—vir ons eie gebruik, welke vir werk, plesier of wat ookal, *DAN STEEL ONS DAARDIE TYD VAN GOD!*

Let weer op! Hy het gesê: "Julle *moet* ... My sabbatte *onderhou*." In Exodus 20:8 sien ons dat Hy beveel het dat "dit *HEILIG*" gehou moet word—God het dit *HEILIGE TYD* *gemaak* en beveel ons om dit heilig te *hou*—*NIE TE ONTEER WAT VIR GOD HEILIG IS NIE*.

Bestudeer nou hierdie spesiale verbond 'n bietjie verder: "... want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die *HERE* is wat julle heilig" (Exodus 31:13).

Watter *ontsaglike* betekenis word in daardie gedeelte van die sin verpak! En tog lees die meeste mense reg verby dit en faal daarin om die noodsaaklike *WAARHEID* wat dit bevat, te snap!

Let op! Hier is die doel van die Sabbat. "...*want dit is 'n* *TEKEN* ..." Wat is 'n *teken*?

U wandel in 'n straat in die besigheidsgedeelte van 'n stad. Orals sien u *tekens* wat winkels, kantore en fabriekse identifiseer. Blaai net na die woord in die "geelbladsye" as u wil weet wat 'n *teken* is—die geklassifiseerde besigheidslus in u telefoongids. U sal name soos "Jones Neon Tekens Maatskappy," of "Smith Broers Tekens" vind. Indien u een van hulle sou skakel en vra: "Wat maak of verkoop julle?" sal hy jou vertel dat hulle tekens maak vir besigheid firmas, instellings en professionele individue om voor die plek waar hulle besigheid doen, te hang. Die teken *identifiseer* wie se onderneming, instelling of kantoor binne is.

'n *Teken* is 'n wapen, simbool of kenteken van *IDENTITEIT*. U sien die teken, "A.B. Brown Meubels en Toebehore." Die teken identifiseer die *eienaar*. Dit vertel u watter tipe besigheid hy besit.

Webster se woordeboek definieer 'n *teken* as volg: " 'n Openbare kennisgewing wat op 'n gebou, kantoor ensovoorts, vertoon word, om die besigheid wat daar gedoen word te adverteer of die naam van die persoon of firma wat die besigheid doen. Iets wat die bestaan van 'n ding aandui; 'n

kenteken.” En natuurlik is daar is spesiale tegniese betekenis in wiskunde, medisyne en sterrekunde.

Die woord wat Moses in die Hebreeuse taal geskryf het, wat in Afrikaans as ‘teken’ vertaal is, is ‘*owth*’ en die Hebreeus-Engelse woordeboek definieer dit as: ‘n sein, vlag, baken, monument, bewys ensovoorts—merk, wonderwerk, teken, kenteken.” ‘n Vlag identifiseer ‘n nasie. ‘n Baken is ‘n teken om die bestaan van iets waarteen gewaarsku word, aan te kondig. ‘n Kenteken is ‘n sigbare teken; iets wat as ‘n identifiserende teken dien om iets bekend te maak net soos ‘n wit vlag ‘n teken van oorgawe is.

God het sy mense beveel om sy Sabbat te hou as ‘n teken. Dit is ‘n teken tussen God se mense en God—“Tussen My en die kinders van Israel is dit...’n teken” sê die gebod. Dit is ‘n wapen of kenteken van IDENTITEIT. Dit adverteer of maak bekend of verkondig sekere identifiserende kennis. Maar WATTER KENNIS? God antwoord: “...dat die mense kan WEET dat Ek die HERE is wat julle heilig.”

WIE IS GOD?

NEEM VERSIGTIG KENNIS VAN DAARDIE WOORDE!! Dit is die *teken* wat aan hulle IDENTIFISEER *wie hulle GOD is!* Dit is die teken *waardeur ons kan WEET dat Hy die HERE is!* Dit IDENTIFISEER *GOD!*

MAAR WEET ALMAL NIE WIE GOD IS NIE?

BESLIS *NIE!* Hierdie hele wêreld is verlei—so sê u Bybel (Openbaring 12:9).

Hierdie wêreld het ‘n god—‘n vals god—Satan die duiwel! Hy gee voor dat hy “‘n engel van die lig” is (1 Korinthiërs 11:14). Hy het sy godsdienstige organisasies. Nie almal is Budhiste, Shintoïste, Taoïste en Confucianiste nie.

Baie het in werklikheid die “Chtisten” naam aangeneem, wie se leraars, so sê u Bybel, die leraars van Satan is: “En geen wonder nie! Want Satan self verander hom in ‘n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van die geregtigheid nie...” (2 Korinthiërs 11:14-15).

Maar noem hulle hulself in werklikheid die leraars van CHRISTUS? Lees die vers net voor die twee wat so pas aangehaal is—vers 13: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike

arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.” Ja, Satan is die groot vervalser.

Hy doen homself voor as GOD. Hy word in die Bybel genoem, “*die god van hierdie wêreld*” (2 Korinthiërs 4:4). Hy gee voor dat sy leraars die leraars van CHRISTUS is—en beskuldig die *ware* leraars van Christus as “valse apostels” ten einde agterdog jeens hulleself af te lei!

Ken hierdie wêreld se “Christendom” *werklik* die WARE GOD? Dit is *mislei* om te glo dat dit doen en ‘n wêreld wat mislei is, kan baie opreg wees in daardie valse geloof.

Maar die ware God is die Een wie ons *gehoorsaam*.

Hierdie wêreld word nie geleer om GOD te GEHOORSAAM nie! Sy valse “Christendom” leer dat daar met God se Wet “weggedoen” is. In werklikheid plaas dit menslike gewete, soos deur Satan bewerkstellig, in die plek van God se wet! Dit leer nie, soos Christus gedoen het, dat ons werklik volgens elke woord van GOD—die BYBEL—moet *leef* nie!

Dit GEHOORSAAM Satan deur te *sondig*!

DIE DOEL VAN DIE SABBAT

God het die mens Sy Sabbat gegee, MET DIE DOEL om die mens in die ware kennis en ware aanbidding van die ware GOD te hou.

Maar HOE IDENTIFISEER die Sabbat vir God—hoe wys dit na die *ware* God, eerder as die valse? Is Sondag nie net so goed nie? BESLIS NIE!!

Kyk na vers 17 van hierdie spesiale Sabbatverbond: “Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig ‘n teken; want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik” (Exodus 31:17).

Dit was op *die sewende* dag van die skeppingsweek, wat Hy van Sy skeppingswerk gerus het. Nie Sondag, die eerste dag van die week nie. Slegs *die sewende* dag van die week wys terug na die SKEPPING.

Hoe identifiseer *dit* wie GOD is?

As u glo dat enigiemand anders of enigiets anders God is, sal ek bewys dat my God die ware God is, want wat ookal u dink God is, *was gemaak of geskep deur* die ware GOD. Hy wat *alles* geskep en gemaak het is GROTER as wat ookal Hy gemaak het—hoër as enigiets anders wat God genoem kon word.

DIE SKEPPING is die BEWYS van God—van Sy bestaan. Dit—die daad van skepping—*identifiseer* Hom!

Dus, het God die mees volhoubare, duursame onverganklike ding wat die mens kan ken—'n herhalende periode van TYD—die *enigste* dag wat 'n gedenkteken van die SKEPPINGSDAAD is. Hy het die *enigste dag* wat voortdurend wys, elke *sewende* dag van die week, na die bestaan van die almagtige, ALKRAGTIGE, ALLES-REGERENDE GOD—die *Skepper!*

En God het daardie besondere dag as Sy dag uitgesonder—God het daardie besondere dag gewyd en heilig vir Hom gemaak—dit aangewys as die *werklike* dag waarop Hy sy mense beveel om vir AANBIDDING te vergader—die dag wat die mens beveel word om te *RUS* van sy eie werk en fisiese plesier—en om verkwik te word deur saam met ander gehoorsame aanbidders in geestelike samesyn te vergader!

Geen ANDER DAG is 'n gedenkteken van die SKEPPING nie. Dit is waar, Satan het wêreld wat verlei is, mislei om te glo dat Christus se opstanding op 'n Sondagoggend met sonop plaasgevind het—dieselfde tyd wat nog altyd die tyd van heidense SON-aanbidding was. MAAR DIT IS NIE WAAR NIE! Dit is 'n skokkende openbaring—en 'n WAARHEID wat u by u publieke biblioteek kan verifieer en bewys.

Die opstanding van Christus het in werklikheid op die *Sabbat* plaasgevind, nie op die Sondag nie! En, verder, *nêrens* in die Bybel vertel God ons om die dag van Christus se opstanding te vier nie! Dit is 'n heidense gebruik van MENSE, alleen op die gesag van die opstandige MENS—in teenstelling met die geboorte van GOD!

Dus, vind ons hier 'n GROOT DOEL in die Sabbat. Dit *identifiseer* God! Die werklike dag wat GOD uitgesonder het vir samekoms en aanbidding wys as gedenkteken WIE ons moet aanbid—die SKEPPER-REGERER van alles wat is!

Maar *dit is nie al nie!*

Die Sabbat is ook gegee as 'n TEKEN wat identifiseer WIE die MENSE van God is en wie NIE!

Let op! Nie alleenlik sê hierdie spesiale verbond, "...sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is ..." nie, maar lees die res van die vers: "...sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat JULLE heilig" (Eksodus 31:13).

Neem kennis van die onsaglike BETEKENIS daarvan!

Wat beteken die woord *heilig*? Dit beteken om “af te sonder vir heilige gebruik of doel”. Op die sewende dag van die skeppingsweek het DIE HERE die Sabbatdag *geheilig*—dit wil sê, Hy het dit vir HEILIGE gebruik AFGESONDER. Maar nou sien ons ook dat God sê, dat dit ‘n teken is dat Hy, die HERE, ook SY MENSE heilig—AFSONDER VAN ANDER MENSE AS SYNE, VIR SY HEILIGE DOEL.

In die Ou Testamentiese tye was SY VOLK die gemeente van ISRAEL. In Nuwe Testamentiese tye is SY VOLK diegene van GOD se EIE KERK—die waarlik bekeerde, Geestelik-genereerde CHRISTENE!

Maar HOE sonder die Sabbat hulle af—onderskei hulle—van ander wat *nie* God se eie ware volk is nie? Wel, as u begin *het* om God se Sabbat heilig *te hou*, soos God dit beveel, het u alreeds die antwoord deur middel van werklike ondervinding, gevind. As u nog nie begin het nie, begin net om God se Sabbat heilig te hou, soos Hy dit beveel—en u sal binnekort leer dat u outomaties van ander mense *afgesonder* is. Ja, meneer!

Die Sabbat is God se TEKEN wat nie net GOD as SKEPPER-HEERSER identifiseer nie, maar ook diegene wie waarlik SYNE is, identifiseer.

MAAR HOE?

DEFINISIE VAN GOD

Laat ek u selfs nog ‘n ander definisie van GOD gee. Alhoewel die enigste wyse en ware God die groot SKEPPER-HEERSER van die heelal is, is daar baie valse, of nagmaakte, gode. Aan diegene wat mislei is doen Satan homself as God voor—en die Bybel noem hom duidelik die god van hierdie wêreld. Afgode was as gode aanbid—en word steeds vandag aanbid, in sogenaamde “Christen” kerke. Wie ookal of wat ookal u *dien* en *gehoorsaam* is u god!

Die woord *Here*, beteken heerser, meester, baas—die een wie u gehoorsaam! Jesus het uitgeroep:”En wat noem julle My: Here, Here! en *doen nie* wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). As hulle Hom nie GEHOORSAAM het nie, was Hy *nie* hulle Here nie! So WAAROM het hulle Hom Here *genoem* as Hy *nie* hulle Here was nie?

Dan weer, het Jesus gesê:” Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, MAAR HY WAT DIE WIL DOEN VAN MY VADER wat in die hemele is” (Matthéus 7:21). Slegs diegene wat God GEHOORSAAM kan sy kinders wees en sy Koninkryk binnegaan! God is die Een wie u GEHOORSAAM!

Let weer op:” Weet julle nie dat aan wie julle juiself as diensknegte tot beskikking stel om hom GEHOORSAAM te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle GEHOORSAAM is nie...” (Romeine 6:16).

Wat afgode as valse en nagmaakte gode aanbetref, sê die Tweede Gebod:” Jy mag jou voor hulle nie neerbuig *en hulle nie dien nie*”—dit wil sê, hulle GEHOORSAAM nie—“want Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God wat die misdaad [ongehoorsaamheid] van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet EN MY GEBOOIE ONDERHOU” (Eksodus 20:5-6).

HOE BETEKENISVOL! DIE SABBATGEBOD IS DIE ENIGSTE een van die tien wat ’n TEKEN is wat identifiseer WIE die werklike en ware Christene vandag is! *Dit is die werklike TOETSGBOD!* Die mense van die wêreld is bereid om die ander nege gebooie te erken—maar die Sabbatgebod is die een waarteen hulle verseker IN OPSTAND kom! Dit is DIE EEN wat die kritieke toets van gehoorsaamheid is!

Dit IDENTIFISEER diegene wat hulle wil aan die Here *oorgee* het—wie God GEHOORSAAM, ongeag vervolging of koste!

O ja, dit SONDER U verseker AF,!

Wat ’n TEKEN! Dit identifiseer die WARE God op die werklike DAG wat Hy vir byeenkoms en aanbidding afgesonder het. Dit identifiseer die WERKLIKE volk van God!

GOD SE TEKEN is iets wat u vrywillig aanvaar—uit eie oortuiging, of glad nie. Maar die “dier” (simbool van die komende, heropgerigte sogenaamde “Heilige” Romeinse Keiserryk van Europa) het ’n MERK, wat binnekort—deur fisiese GEWELD—GEBRANDMERK gaan word! En dit het iets te doen met *koop* en *verkoop*—handeldryf—besigheid—om ’n inkomste te verdien—om ’n werk te hê! (Openbaring 13:16-17). Ja, dit is die TOETSGBOD—die een waarop U WERKLIKE VERLOSSING EN EWIGHEID AFHANG!

MAAR IS DIT 'N VERBOND?

Ek het gesê dat God die Sabbat 'n APARTE, EWIGE EN VOORTDURENDE VERBOND gemaak het, geheel en al afsonderlik en apart van wat ons "die Ou Verbond" noem, wat by die berg Sinai gesluit was.

Hoe is dit dan 'n VERBOND?

Laat ons die woord *verbond* definieer. Webster definieer verbond as: "'n Ooreenkoms tussen twee persone of partye. 'n Plegtige ooreenkoms.'" 'n Verbond is 'n kontrak, of ooreenkoms, waarin een party sekere vergoeding of betaling beloof, in ruil vir 'n sekere bepaalde prestasie deur die ander party.

Die Ou Verbond wat tussen God en die kinders van Israel by die berg Sinai gemaak is, het sekere terme en voorwaardes op die volk *geplaas* waaraan hulle moes voldoen: die gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie. Die beloning was die *belofte* om Israel 'n nasie "BO alle volke te maak." Die BELOFTES was slegs nasionaal en materieel, vir *hierdie* wêreld. Die NUWE Verbond is op BETER BELOFTES gegrond (Hebreërs 8:6), wat uit 'n "EWIGE erfenis" bestaan (Hebreërs 9:15).

Wanneer 'n verbond geteken, verseël of gesluit is—bekragtig is—kan niks DAARBY GEVOEG word nie (Galasiërs 3:15). Enigiets wat onder die handtekening verskyn is regtens nie enigsins deel van die verbond nie. U lees van die werklike *sluiting* van die Ou Verbond en die verseëling daarvan *met bloed* in Eksodus 24:6-8. En let op (vers 8), dit eindig met die woorde: "die verbond wat die HERE met julle *gesluit het...*" Dit was toe reeds gemaak—voltooi.

Ons kom eers tot die sluiting van hierdie spesiale ewige Sabbatgebod sewe hoofstukke *later*. Daarom is dit NIE DEEL VAN die Ou Verbond nie.

Maar weereens, *is dit* 'n VERBOND?

Die bewoording in u Bybel *sê* dit is. Let op Eksodus 31:16: "En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte *as 'n ewige VERBOND.*"

Ewig beteken aanhoudend en ononderbroke. Maar moes dit VIR EWIG duur? Lees die volgende vers: "Tussen My en die kinders van Israel is dit VIR EWIG 'n TEKEN..."

Nou wat is die voorwaarde wat nagekom moet word? Die Sabbat moet heilig gehou word! "Dit moet vir julle HEILIG wees" *sê* God in vers 14. En wat is die BELOOFDE BELONING vir die

nakoming van die voorwaarde? Dit is nie net 'n TEKEN nie, maar ook 'n verdrag of 'n VERBOND, “tussen My en julle” sê God,” sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is *wat julle heilig.*”

Daar is dit! God beloof OM HULLE TE HEILIG—om hulle as HEILIG af te sonder—as SY HEILIGE VOLK! Kan u vir 'n GROTER belofte vra?

Ja dit is 'n VERBOND! Dit is 'n *aparte*, heeltemal verskillende verbond. Selfs as een sou probeer argumenteer dat die Ou Verbond “afgeskaf” is en dat die Tien Gebooie gevolglik ook afgeskaf is, kan hy nie argumenteer dat *hierdie* verbond slegs tot by die kruis sou duur nie. Hierdie verbond is bindend “in julle geslagte” (vers 13); 'n ewige verbond (vers 16), en “vir ewig” (vers 17).

‘N TEKEN SLEGS VIR ISRAEL?

“Ja”, sê die ongehoorsame een wat homself uit die weg van gehoorsaamheid uit sou wou argumenteer, “maar dit is tussen God en die kinders van ISRAEL. Dit is in ISRAEL se geslagte; dit is tussen God en die Israëliete vir ewig.”

O, dan erken u dat dit VIR EWIG bindend op ISRAELIETE is—en dwarsdeur *hulle* geslagte. Daar is TWEE antwoorde wat u tot die POEL VAN VUUR sou verdoem, indien u so sou argumenteer!

Niemand kan ontken dat hierdie die Israëliete volkome BIND om die Sabbat VIR

EWIG en deur hulle geslagte heen, deurlopend te onderhou nie. Hulle geslagte gaan steeds voort. Daarom, IS DIT VANDAG STEEDS BINDEND OP HULLE.

Ook, moet u erken dat verlossing is OOP VIR ALLE JODE EN ISRAELIETE. Die evangelie is die krag van God “TOT REDDING vir elkeen wat glo, EERSTE VIR DIE JOOD en ook vir die Griek” (Romeine 1:16).

Dus, kan, die Jood kan 'n bekeerde CHRISTEN wees! Inderdaad, aan die begin was die Kerk bykans geheel en al Joods! So die JOOD, selfs al is hy 'n Christen, in God se KERK, is daartoe GEBIND om God se Sabbat as 'n ewigdurende verbond, in sy geslagte, VIR EWIG te onderhou.

Nou, het God TWEE SOORTE Christene? Is dit SONDE vir 'n Joodse Christen om die Sabbat te vebreek en vir alle ander SONDE OM DIT te ONDERHOU? Moet Joodse Christene op die Sabbat vergader en diegene van ander nasionaliteite op die Sondag? Het Jesus nie gesê dat 'n huis wat verdeeld is sal val nie?

Is daar TWEE SOORTE Christene? Lees Galásiërs 3- 28-29: “Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is ALMAL EEN IN CHRISTUS JESUS. En as julle [julle heidene] aan Christus behoort, dan is *julle* die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.”

So, aangesien die Sabbat VANDAG BINDEND is op die Joodse gedeelte van God se Kerk—en daar geen verskil is nie—ons is almal EEN in Christus—is dit ook bindend op die Heidene!

ONS IS ISRAEL

Maar, daar is nog 'n *ander antwoord* op hierdie argument: Die mense van die Verenigde State, die Britse Gemenebes nasies en die nasies van Noordwes-Europa is, in werklikheid, die mense van die TIEN STAMME van die HUIS VAN ISRAEL. Die Joodse volk is van die huis van JUDA.

Nou, in die lig van hierdie Sabbat waarheid is dit, MEER AS OOI, belangrik dat u ons gratis boek *Die Verenigde Sate en Brittanje in Profesie* lees, bestudeer en hierdie identiteit BEWYS. Dit is 'n verbysterende openbaring! En dit is WAAR! Ja, die Sabbat is BINDEND OP ONS VANDAG!

Maar AS die Sabbat God se TEKEN is om sy volk Israel te identifiseer, WAAROM ONDERHOU ONS NASIES DIT DAN NIE VANDAG NIE?

Die antwoord op daardie vraag is die antwoord op nog een: WAAROM word die tien stamme van die HUIS VAN ISRAEL die “VERLORE TIEN STAMME” genoem? EN WAAROM dink ons nasies hulle is Heidene? WAAROM KEN hulle nie hul eie identiteit nie?

Aha, NOU het ons 'n verbysterende, ontstellende, verrassende waarheid om te openbaar!

WAAROM TIEN STAMME VERLORE GERAAK HET!

Hier is 'n verstommende WAARHEID, veel vreemder as fiksie!

Hier is FEITE, vir eeue verborge, wat interessanter is as 'n speurverhaal! WAAROM word die Sabbat, *oneerbiedigend, spottend* “die Joodse Sabbat” genoem? WAAROM dink die hele wêreld dat alle Israeliete Jode is en dat die Jode AL die Israeliete is?

Hier is die ongelooflike verassing vir almal wat dit geglo het! Die Joodse volk is slegs 'n klein minderheid van die Israëliete, glo dit of nie! Die heel eerste plek in die Bybel waar u die naam "Jood" of "Jode" sal vind is in 2 Konings 16:5-6—*en glo dit of nie*, daar sal u die koninkryk van ISRAEL, in alliansie met Sirië, in 'n oorlog teen die JODE vind.

Ja, daar is dit! ISRAEL in oorlog gewikkel teen die JODE!

Vreemd genoeg, het die kinders van Israel verdeeld geword. Hulle het TWEE VERSKILLENDE NASIES geword! Die een was die koninkryk van ISRAEL. Israel se hoofstad was *nie* Jerusalem nie, maar Samaria. Die ander een was die koninkryk van JUDA. Juda se hoofstad was Jerusalem. Hoor nou die vreemde storie!

Na die dood van Koning Salomo, het die volk Israel teen die hoë belastingkoers in opstand gekom. Die wyse ou Salomo het in 'n staat van glans en weelde geleef wat moontlik geen gelyke vantevore of daarna gehad het nie. Ten einde te betaal vir sy groot ondernemings het hy die belasting eenvoudig aanhou verhoog.

Die volk het die hervorming van die belasting van Koning Rehábeam, seun van Salomo geëis. Maar hy was jonk. Hy het jong idees gehad. Hy het homself met "die wysheid van die jeug" omring. Hulle het ook jong idees gehad. Hulle raad was: "Sê vir die mense dat jy hulle sal wys wie is baas—belas hulle selfs meer as wat jou vader gedoen het". Rehábeam het die raad van die ouer, wyser manne verag. Vir hom was hulle die opstandiges van sy tyd.

Die VOLK het 'n reuse massabetoging geloots. Hulle het Rebábeam verwerp en vir Jeróbeam, wie deur Koning Salomo tot 'n hoë posisie bevorder was, as hul koning aangestel.

Maar die stam van Juda het beswaar aangeteken. Rehábeam was van hul stam en hulle wou hom as koning behou. Gevolglik, het die stam van Juda *van die volk van ISRAEL afstand gedoen*. Hulle het 'n aparte koninkryk gevorm wat die koninkryk van JUDA genoem is. Die stam van Benjamin het saam met hulle gegaan. Hulle het bekend geword as die JODE—'N BYNAAM VIR JUDA.

ISRAEL VERLOOR TEKEN

Nêrens in die hele Bybel word enige van die 10-stam volk van Israel, Jode genoem nie. Daardie naam is slegs van toepassing

op die koninkryk van JUDA. Jode is Israeliete, eerlikwaar—maar slegs 'n gedeelte van die Israeliete is Jode!

Bykans onmiddellik nadat hy as koning gekroon is, het Jeróbeam bang geword dat, wanneer sy mense na Jerusalem sou reis om die jaarlikse feeste by te woon, hulle Rehábeam sou sien en hom weer as hulle koning sou begeer. Hy het vinnig tot aksie oorgegaan om sy eie posisie te beskerm.

Die stam van Levi het die priesterdom uitgemaak. Hulle was die leiers—die beste opgevoed. Die Leviete het inkomste twee tot drie keer meer as die ander stamme geniet—van die tiendes geleef. Met een snelaksie, het Jeróbeam die Leviete se rang weggevat en die laagste, mees onkundige mense in hulle plek as priesters aangestel. Hy kon hulle beheer! Dus sou hy die godsdien kon beheer, soos die meeste Heidense konings altyd gedoen het. Hierna het baie, moontlik die meeste van die Leviete na die koninkryk van JUDA teruggekeer—en as Jode bekend geword.

Jeróbeam het dadelik twee groot afgodsbeelde vir sy mense opgerig, om te aanbid. Hy het opdrag gegee dat die herfsfeeste (die jaarlikse sabbatte ingesluit) in die AGTSE maand gehou moes word, by 'n plek in die NOORDE volgens sy keuse—in plaas van in die sewende maand en in Jerusalem soos God beveel het (1 Konings 12:28-32). Regdeur die regering van 19 konings en nege opeenvolgende vorstehuisse—het die 10-stam huis van ISRAEL voortgegaan in die basiese tweeling sondes van Jeróbeam—afgodery en die verbreking van die Sabbat. Verskeie ander konings het ander bese en sondige praktyke bygevoeg.

ISRAEL SLAWE GEMAAK

Maar in 721-718 v.C. het God veroorsaak dat die huis van ISRAEL deur die Assiriërs ingeval en oorwin word. Hierdie Israeliete is van hul plase en hul stede verwyder en na Assirië, na die suidelike kusgebiede van die Kaspiese See, AS SLAWE weggevoer. Maar die HUIS VAN JUDA—die Jode—'n aparte en verskillende nasie, was nie voor 604 v.C. ingeval nie.

Twee of drie generasies na die ballingskap van Israel, het die Galdieërs egter tot WÊRELDMAG uitgestyg en die eerste WÊRELD-regerende keiserryk gevorm. Onder Nebukadnésar het die Galdieërs (Babilon) JUDA ingeval (604-585 v.C.).

Die Assiriërs het later hul land, noord van Babilon, agter gelaat en noordwes verhuis—deur die lande wat vandag Georgië, die Oekraïne, Poland is, na die land wat vandag DUITSLAND genoem word. Vandag is die afstammeling van daardie Assiriërs aan ons as die DUITSE volk bekend.

Die mense van die 10-stam Israel het ook noordwes verhuis. Alhoewel die Assiriërs die Israeliete gevange geneem het, het die Israeliete nie die slawe van die Assiriërs in Europa gebly nie. Hulle het 'n bietjie verder aan beweeg—na Wes-Europa, die Skandinawiese skiereiland en die Britse eilande!

Nou WAAROM het hulle as die “VERLORE 10” stamme” bekend geword?

HULLE HET HULLE NASIONALE, IDENTIFISERENDE *TEKEN* VERLOOR!

Al die konings van Israel het die praktyk van Sabbatverbreking en afgodery, gevolg! Solank as wat hulle in die LAND van Israel gebly het en hulself die “KONINKRYK VAN ISRAEL” genoem het, was hulle identiteit bekend. Maar in Assirië was hulle nie meer 'n nasie met hul eie regering en eie koning nie. Hulle was bloot SLAWE. Hulle het die taal van die Assiriërs aangeneem soos opeenvolgende generasies groot geword het. Hulle het die Hebreeuse taal VERLOOR. Hulle het alle nasionale identiteit verloor.

Na verskeie generasies, het die stam van Josef in die twee stamme van Efraim en Manasse verdeel, wat vandag die Britse en Amerikaanse volke is.

Die stam van Ruben het in die land wat vandag as Frankryk bekend is, gevestig. Hulle het hulle nasionale identiteit verloor. Maar die Franse het dieselfde karaktereienskappe as hulle voorvader Ruben.

Die TIEN STAMME, bekend as die huis van ISRAEL, het hul identifiserende kentekens verloor—God se Sabbat. DIT IS WAAROM HULLE HUL NASIONALE IDENTITEIT VERLOOR HET!

WAAROM JODE HERKEN WORD

Maar JUDA het die Sabbat onderhou! Hulle het nie lank aangehou om dit HEILIG te hou of om dit volgens *God se wil* te hou nie—maar hulle het dit tot vandag toe onderhou, as die dag wat hulle as 'n rusdag erken en eerbiedig.

GEVOLG? Die hele wêreld beskou hulle as DIE UITVERKORE VOLK VAN GOD! Die wêreld dink hulle is ISRAEL—en nie maar net Juda nie!

Die identiteit van die Joodse volk *het NIE verlore gegaan nie!* En, aangesien hulle identiteit as ras afstammeling van Ou Testamentiese Israel BEKEND is—en die veel meer talryke '10 VERLORE STAMME' NIE BEKEND IS NIE—VERONDERSTEL DIE WÊRELD DAT DIE JODE ISRAEL is, in stede van JUDA.

En so, weereens hier, IS DIE HELE WÊRELD MISLEI, selfs oor die ware identiteit van wie die uitverkore geboortereg volke van God werklik is.

Die leser, indien hy dit nog nie versigtig deurgelees het nie, moet onmiddellik skryf vir ons gratis boek *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie*. Dit verduidelik die uiters ongelooflike WAARHEID dat die Verenigde State, die Britte en die mense van Noord-Wes Europa, in werklikheid, daardie 'verlore 10 stamme van die volk van ISRAEL' is—en geensins Heiden nasies by geboorte nie!

Ja, die Sabbat, GOD se dag—die ware DAG VAN DIE HERE—is na alles, dubbel die dag VIR ONS MENSE—eerstens omdat dit vir ALLE mense van GOD is, SELFS HEIDEN-GEBORE MENSE WAT NOU CHRISTUS S'N IS, EN TWEEDENS WANT VOLGENS RAS, SELFS DEUR VLEESLIKE GEBOORTE IS DIT DIE DAG WAT GOD AAN ONS VOORVADERS GEGEE HET EN BEVEEL HET DAT DIT VEREWIG HEILIG GEHOU WORD.

Hoofstuk 5

Watter Dag vir Nie-Joodse Christene?

“**M**AAR KYK!”—MAG EEN STEEDS ARGUMENTEER—“WAS daardie *Sabbatsverbond* nie *uitsluitlik* vir Israel nie? **SLUIT** dit nie die Heidene **UIT** nie? Was die doel daarvan nie om die Israeliete as *apart* en *verskillend* van die Heidene, te *identifiseer* nie?”

Die antwoord is ‘n besliste *NEE!*

Laat ons **VERSTAAN!** Kom ons kry dit reg!

SLUIT HEIDENE UIT?

God het die **SABBATSVERBOND** gegee om eerstens die **WARE GOD**, alleen in en teenstelling met valse gode te *identifiseer* en tweedens, om **SY MENSE** as afgesonderd en anders, as diegene wat **NIE GOD SE MENSE** is nie, te identifiseer.

Dit was *nie* gegee om tussen *twee soorte* van **GOD SE MENSE** te onderskei nie, met ander woorde, *twee soorte* **CHRISTENE**, soos dié wat *Joods-gebore* is in teenstelling met dié wat *Heidens-gebore* is nie. **GOD HET NIE TWEE SOORTE CHRISTENE NIE**—ongeag of hul *Joods* of *Heidens gebore* is, manlik of vroulik is, ons Christene is almal **EEN** in Christus Jesus (Galasiërs 3:28).

VERSTAAN DIT!

In Ou Testamentiese dae, was die ENIGSTE mense op aarde wat GOD se mense genoem was, die Israeliete! En die Sabbat was die TEKEN wat hulle as GOD se mense geïdentifiseer het.

Het u nie in Hoséa gelees, hoe God die HUIS VAN ISRAEL (die TIEN-stam koninkryk) voorgestel het as “Lo-ammi,” wat beteken “NIE MY MENSE NIE”? (Hoséa 1:9). Dit was omdat hulle GOD SE SABBAT verwerp het en Koning Jeróbeam se gebruik, om die eerste dag van die week (vandag SONDAG genoem) as hul “sabbat” te vier.

“Daarom,” het God aan hierdie afvallige, Sabbatsverwerpende huis gesê, “kyk, Ek sal jou weg met dorings toemaak en om haar ‘n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie” (Hoséa 2:5). Dit wil sê, die huis van Israel sal haar weg verloor—soos sy vanuit Assiriese ballingskap na noordwestelike Europa migreer, na die Atlantiese kuslande, Skandinawië en Brittanje—sy sal haar identiteit verloor—VERLORE RAAK—die VERLORE 10 stamme word!

Lees die eerste twee hoofstukke van Hoséa—‘n profesie vir die 10-stam HUIS VAN ISRAEL. Dit stel hul voor as mense wat alle kennis van WIE hul ware God is, verloor het!

PROFESIE VIR NOU

Let noukeurig op! “Ja, sy het nie erken dat Ek aan haar die koring en die mos en die olie gegee het nie, ook silwer vir haar vermenigvuldig het en goud, wat hulle vir Baäl gebruik het” (vers 7).

Dit stel Brittanje en Amerika VANDAG voor! God het aan ons die ongeëwenaarde nasionale RYKDOM gegee wat hy onvoorwaardelik aan Abraham belowe het—nie weens ons SONDE nie, maar weens Abraham se GEHOORSAAMHEID! Maar hoe het ons hierdie rykdom aangewend? In BAÄLaanbidding—die DAG van Baäl die songod, wat SONDAG genoem word—in Baäl se Kersfees, Paasfees en ander vakansiedae—in die VERHEIDENSE, sogenaamde “Christendom,” waarvan heelwat die presiese teenstelling van die ware godsdiens van JESUS CHRISTUS is!

Let dus op vers 8, wat God daaromtrent gaan DOEN!

“Daarom sal Ek my koring terugneem in die oestyd en my mos op die bepaalde tyd ...”—dit wil sê die HONGERSNOOD wat nou reeds in sy vroeë jare begin het—wat deur Joël, Eségiël,

deur Christus en in Openbaring voorspel is! Ja, dit is ‘n profesie vir NOU! VIR ONS MENSE! Dit het reeds begin, selfs NOU, terwyl u lees!

Gaan voort! Let op wat anders God nou aan ONS gaan doen: “En Ek maak ‘n einde aan al haar vreugde, HAAR feeste”—daardie van Baäl—Kersfees, Nuwejaars, Paasfees, die Vastyd, Allerheiligeaand! Hulle is NIE GOD se dae NIE! Gaan voort: “haar nuwemane en haar sabbatte ...” (NIE GOD s’n nie, maar die van Baälisme, wat ons mense HUL sabbatte noem—die heidense SONDAG!) (vers 10).

God gaan verder: “So besoek Ek dan aan haar die [fees] dae van die Baäls toe sy ... My ... vergeet [het], spreek die Here” (vers 12).

Deur die “*World Tomorrow*”-program en in die “*Plain Truth*”-tydskrif, het ek God se profesieë aan ons mense uitgeskree—dat ons so ‘n totale DROOGTE en siekte epidemies gaan hê, dat dit een derde van ons bevolking sal verslaan! En, tensy ons mense as ‘n volk wakker skrik en ons, ONS BEKEER van hierdie SONDES, sal ons BINNEGEVAL word en weereens AS SLAWE GEVANGE GENEEM WORD. U mag spot. U mag dit ignoreer. Maar NIE VIR LANK NIE! Dit sal in die nabye toekoms TOESLAAN! *Dan sal u nie meer spot nie!*

Maar wat is die EINDE van hierdie spesifieke profesie van Hoséa?

LEES DIT!

“Daarom, kyk, Ek sal haar [Israel] lok en haar in die woestyn”—in slawerny en gevangeneskap—“lei en na haar hart spreek ...En in dié dag—die tyd van CHRISTUS se Wederkoms!—“spreek die Here, sal jy My noem: My man; en jy sal my nie meer noem: My Baäl nie. Dan verwyder Ek die name van die Baäls uit haar mond, sodat hulle by hul naam nie meer genoem sal word nie. Verder sluit Ek in dié dag vir hulle ‘n verbond”—DIE NUWE VERBOND! (Verse 13-17) “Ek sal vir NIE-MY-VOLK-NIE [DIE “VERLORE” 10 STAMME] sê: ‘Jy is my volk,’ en hy sal vir My sê: ‘My GOD’” (vers 22 –Afrikaanse Nuwe Vertaling).

U het heel moontlik nooit vantevore die profesie van Hoséa verstaan nie! Dit kan nie regtig verstaan word tensy mens eers die SABBATSVARBOND van Exodus 31:12-17 verstaan nie!

Nou terug na die oorspronklike vraag van hierdie hoofstuk.

Sluit hierdie spesiale SabbatsVERBOND nie Heidene uit nie?

Was die doel daarvan om ISRAEL as afgesonder en anders as HEIDENE te identifiseer?

Toe ISRAEL hierdie identifiserende TEKEN verwerp het, *het* dit hulle baie beslis *nie* geïdentifiseer nie! Dit het hulle nie uitgesonder van die Heidene nie—hulle het begin glo dat *hulle self* heidene was. Die Heidennasies van die wêreld HET HULLE HEIDENE GENOEM. Die Jode noem hulle Heidene!

Die Jode het steeds die Sabbat erken—en die hele wêreld noem hulle “die UITVERKORE VOLK”!

‘N LIG AAN DIE HEIDENE!

Nou WAAROM het God dan hierdie spesiale, ewige Sabbatsverbond met ISRAEL gesluit—en nie die Heidennasies nie?

Eenvoudig, omdat al die Heidennasies hulself geheel en al van God afgesny het. Almal het in afgodery verval. Niemand het die ware God *geken* nie.

Omdat God eenvoudig ‘n vertrapte slawevolke—tog met die beste erflikheid deur Abraham, Isak en Jakob en Josef—wat nie deur ENIGE godsdiens beïnvloed was nie en het hulle SY volk maak.

Doodeenvoudig, omdat God toe aan SY uitverkore volk SY REGTE WEË gegee het—en WAAROM?

OM ‘N LIG AAN DIE HEIDENE TE WEES!

God het dit gedoen om aan ANDER NASIES TE WYS watter SEËNINGE sal volg wanneer hulle SY WETTE gehoorsaam! Om ‘n voorbeeld aan ander nasies te stel!

God het SY REGTE WEË—en al SY BELOFTES—insluitende verlossing deur Christus—aan ISRAEL gegee, om sodoende hierdie weë en seëninge aan die Heidennasies bekend te maak en beskikbaar te stel!

Al die ander volke het die kennis van God verloor—HET KENNIS VAN SY IDENTITEIT VERLOOR. Hul voorvaders het voorheen geweet wie God was. Maar so baie denkbeeldige en fiktiewe gode en halfgode is in hul gedagtes opgestel, oorspronklik as tussengangers *tussen* mense en die een ware Opperste, dat alle kennis omtrent die EEN God heeltemal uitgewis was.

Heel aan die begin van die mensdom, het God persoonlik met Adam en Eva gespreek. Hy het hulle onderrig—aan hulle Sy evangelie verkondig. Hulle het geweet dat God aan hulle ewige lewe as 'n gawe aangebied het. Hulle het geweet dat die loon van die sonde die DOOD is. Maar hulle het rondom hierdie waarheid geredeneer—net soos sommige van u wat hier lees, *jul eie* redenasies vorm rondom dit wat God u wil aanbied. Adam en Eva het in opstand gekom. Hulle het Satan gewillig gehoorsaam.

God het die mens met vrye morele keuses geskape. God het nog altyd sy waarheid beskikbaar gestel. En God het vasgestel dat die mens MOET KIES! God laat nie die mens toe om vir homself uit te redeneer, of te besluit *wat* sonde is nie. Maar God *forseer* wel elke mens om te besluit *OF* hy wil sondig aldan nie. God het dit 'n SONDE gemaak om sy Sabbat te verbreek. *U* moet besluit! En soos u saai, so sal u maai!

Adam se kinders het *hul* besluit geneem. Abel het die regte besluit geneem. Jesus Christus het gesê dat Abel regverdig was. Sy beloning is verseker! Kaïn het die verkeerde besluit geneem en sy eie lot verseël. Amper 2 000 jaar later, was net een man op aarde—Noag—aan God gehoorsaam. Later, het Sem klaarblyklik ook God se weg gevolg. Maar na die Sondvloed het die res van die wêreld Nimrod, die stigter van hierdie wêreld se beskawing, gevolg.

Die mensdom het besluit. Hul het teen GOD SE REGTE WEE IN OPSTAND GEKOM. Hulle het Satan se bedrog gewillig gevolg, gebruike en maniere van aanbedding wat vyandiggesind teenoor God is, vasgestel. Opeenvolgende nageslagte het die kennis omtrent die ware GOD verloor.

WAAROM DIE VOLK ISRAEL?

Dit was in so 'n wêreld—van God afgesny—wat die Here 'n veragte, vernederde, SLAWE-volk, wat van Abraham afkomstig is, geroep het. Hulle het na God geluister en Hom gehoorsaam. Dit blyk dat die menslike natuur en menslike verslegting van so aard is, dat God 'n vernederde, verslane SLAWE-volk moes gebruik as die enigstes wat ootmoedig genoeg was om te luister en die Skepper te gehoorsaam! Maar, onthou—alhoewel hulle tot slawerny weens omstandighede verlaag was,

was hulle steeds ‘n VERHEWE volk deur hul erflikheid. GOD SE DOELSTELLING WAS NOU OM AL DIE ANDER NASIES ‘N KANS TE GEE DEUR HIERDIE UITVERKORE VOLK, ISRAEL!

Van hierdie mense het God gesê: “Die volk wat Ek vir My geformeer het”—dit wil sê, wat sy *instrument* sou wees, sodat die Heidennasies kon sien wat die begeerlike gevolg sou wees en die ongelooflike seëninge en nasionale VOORUITGANG wat Israel sou toekom as hulle GEHOORSAAM was. “[H]ulle sal My lof verkondig,” sê God (Jesaja 43:21).

Natuurlik, hierdie Israëliete het ook die menslike natuur gehad. Selfs Israel, vir wie God ongelooflike en die mees verbasende wonderwerke verrig het, het hulle nooit God se weë vir lank gevolg nie. Maar deur hulle, het God elke verskoning verwyder van almal wat rebelleer. Die mensdom is ELKE KANS gebied om hulle van hul weg te bekeer!

Later, tydens Christus se aardse bediening as mens en daarna, het God sy KERK gebruik. Christus het DIE KERK uitgeroep as ‘n spesiale uitverkore volk, nie net om sy EVANGELIE aan die wêreld te verkondig nie, maar om ook aan die wêreld te wys wat die begeerlike GEVOLGE VAN GEHOORSAAMHEID is! Net soos Ou Testamentiese Israel geroep was, so was die KERK, ook, geroep om ‘n LIG vir die wêreld te wees!

“Julle is die lig van die wêreld,” het Jesus aan sy dissipels gesê. “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle GOEIE WERKE kan sien”! (Matthéüs 5:14,16). Met ander woorde, STEL DIE VOORBEELD! Laat die wêreld die gelukkige gevolge sien!

Die REGTE WEË van God, wat Hy as lewende, onverbiddelike WETTE geskep het, was nie NET vir DIE JODE nie. Hulle is vir die MENSDOM! Die Sabbat was VIR DIE MENS gemaak—nie alleenlik vir die Jode nie.

Die Efésiërs was Heidene. Maar hulle het Christus se evangelie aangehoor en hulle het berou gehad, geglo—GEHOORSAAM. Hulle het bekeerde CHRISTENE geword.

Aan hierdie Heidensgebore Christene het Paulus geskryf: “Daarom, othou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was ... dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die BELOFTE, *sonder hoop* en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus ... so is julle dan

nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God” (Efésiërs 2:11-19).

HEIDENE NIE UITGESLUIT NIE

Om ‘n bekeerde Christen te word, moet mens, geestelik, ‘N ISRAELIET word! Saligheid, soos vroeër aangehaal, is “vir ELKEEN wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek” (Romeine 1:16).

Maar was die HEIDENE NIE UITGESLUIT ONDER DIE OU TESTAMENT NIE?

HULLE WAS NIE!

Wat God aan die Israëliete gegee het, was ook vir die Heidene. Die Sabbat was vir die HEIDENE sowel as die Israëliete! Soek u BEWYSE? Hier is dit!

Heidene kon *altyd* in die gemeente (kerk) van Israel kom—en baie het ook. Selfs terwyl hulle Egipte verlaat het, het “n menigte mense van gemengde bloed ... ook saam met hulle opgetrek” (Exodus 12:38). Hulle was heidene.

In die instruksies wat God aangaande die viering van die Pasga gegee het, het God gesê: “

En as ‘n vreemdeling [Heiden] by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees ...” (Exodus 12:48). Weer, vers 49: “Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.”

Heidene kon altyd in kom en natuurlike burgers van Israel word. Duisende het.

Laat die profeet Jesaja nou, in ‘n profesie vir ONS TYD, *NOU*, vir u vertel of die Sabbat *alleenlik vir die Jode* was!

SABBAT VIR HEIDENE VANDAG!

Jesús Christus het verklaar dat die Sabbat vir DIE MENS gemaak was! Nie net vir die Jode nie—nie *alleenlik* vir Israëliete nie—*maar* vir DIE MENS! Dit was vir ADAM gemaak! Dit was vir die mens, in die 20ste eeu—en die 21ste eeu—geskape!

Lees nou JESAJA SE PROFESIE! Jesaja 56, beginnende vers 1.

Let eerstens op dat dit van die Opperste GESAG kom!

“So sê die HERE ...” *Daar is u GESAG!*

Gaan voort: “... Bewaar die reg en doen geregtigheid; want my heil is naby om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word.”

Dit is die *TYD* waarop hierdie profesie van toepassing is. *WANNEER* is God se heil naby om te kom? *WANNEER* sal sy geregtigheid *geopenbaar* word?

Dit word in Hebreërs 9:27-28 verduidelik!

VERSTAAN DIT: “En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag *TOT SALIGHEID.*”

Christus bring *SALIGHEID*, *wanneer* Hy *terugkeer!* ‘n Beter vertaling van die laaste gedeelte van bogenoemde sin sal wees: “En aan die wat sonder sonde Hom verwag, *SAL HY SALIGHEID BRING* wanneer Hy die tweede keer verskyn.”

Die Afrikaanse Nuwe Vertaling gee dit as volg weer: “As Hy die tweede keer verskyn, dan kom Hy nie in verband met die sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.”

WANNEER sal Christus se *SALIGHEID* *verskyn*? Dit word ook in Openbaring 12:10 verduidelik: “*Nou* het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus ...” Dit praat van die tyd van Christus se wederkoms!

Weer, Jesus het gesê: “En kyk, Ek kom gou, *en my loon is by My* om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Openbaring 22:12). Die *TYD*: Christus se Wederkoms!

Dus is *DIE TYD* in Jesaja se profesie kort voor Christus se wederkoms. Die *TYD* is dus *NOU—VANDAG!*

Nou let mooi op wat Christus, die *OPPERGESAG*, sê: “Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; *wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie*, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie. En laat die *uitlander* [HEIDEN] wat hom by die Here aangesluit het, nie spreek en sê: Die *HERE* sal my gewis afskei van sy volk nie ...” (Jesaja 56:2-3)

LET OP! Laat geen *HEIDEN*, in ons tyd, wat bekeerd is en homself by die *HERE JESUS CHRISTUS* aangesluit het, sê dat

Christus hom van GOD SE MENSE, ISRAEL, afgesonder het nie. Nee, die Sabbat was NIE 'n teken om die Israeliete van die Heidene te skei nie! Heidene was NIE uitgesluit nie!

Lees verder in verse 6-7: “En die UITLANDERS wat hulle by die Here aangesluit het”—wat Christene word—“om Hom te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur sy knegte te wees—*elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie onheilig nie*, en hulle wat vashou aan my verbond, HULLE [Heidene] sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed ...”

Daar is die POSITIEWE BEWYS!

Hier is 'n onbetwisbare “SO SÊ DIE HERE.”

Die Sabbat was vir DIE MENS gemaak—vir DIE MENSDOM—vir die HEIDEN sowel as die Israeliet.

God, Self, het die Sabbat VIR EWIG bindend gemaak (Exodus 31:12-17). Dit is VIR EWIG bindend, vir altyd, deur al die geslagte heen van die Israeliete. Hulle nageslagte het nie geëindig nie. Vir ewig het nie geëindig nie.

ISRAELIETE word Christene deur Christus, net soos Heidene. Israelitiese CHRISTENE, is dan *verplig* om God se Heilige SABBAT te onderhou.

Maar wat van die HEIDENE? Hulle moet dit ook onderhou. Hulle *word* Israeliete, geestelik, wanneer hulle God se Heilige Gees ontvang en werklik bekeerde Christene *word*. God het nie een LEEFWYSE vir Jood en 'n ander een vir Heidene nie. Hy het nie een DAG vir Jode en 'n ander vir Heidene nie. CHRISTUS IS NIE VERDEELD NIE! GOD IS NIE PARTYDIG NIE!

ONS IS ALMAL EEN IN CHRISTUS!

Hoofstuk 6

Hoekom Israel en Juda Slawe Gemaak Is

WAT WAS DIE SONDES VAN JERÓBEAM, WAT SO DIKWELS IN DIE Konings en Kronieke genoem word, met betrekking tot die geskiedenis van Ou Testamentiese Israel?

Wat ookal vir 'n Israeliet SONDE is, is SONDE vir 'n Heiden!

God het rede gehad om SY WETTE in werking te stel. Daardie REDE was ons geluk. Elke weeklag van menslike smart—elke oorlog—elke greintjie menslike lyding en ongelukkigheid, was die gevolg van SONDE. SONDE beroof mense van geluk, vreugde en vooruitgang.

God is lief vir mense. Daarom HAAT Hy sonde, omdat sonde die mens se vyand is! God STRAF vir SONDE!

As u sonde ligtelik opneem—as u dink dat GOD nie oplet en STRAF vir sonde nie—moet u nou leer presies HOE God met SY UITVERKORE VOLK gehandel het omdat hulle die Sy Sabbat ontheilig het.

WAAROM JODE SLAWE GEMAAK IS

Weet u WAAROM die koninkryk van Israel deur Assirië binnegeval, verower is en van hul land as slawe verwyder is 721-718 v.C.?

Weet u **WAAROM** die koninkryk van Juda later in ballingskap gegaan het en regoor die aarde verstrooi is? Beide huise van Israel was in nasionale straf en ballingskap van die Heilige Land gestuur *omdat* hulle God se Sabbat verbreek het!

Maak dit enige verskil? Dit het beslis 'n baie groot verskil aan God gemaak! En Hy sê Hy het nie verander nie—Hy is *dieselfde* gister, vandag en vir ewig! (Hebreërs 13:8).

Eerstens, let op waarom Juda binnegeval, deur Nebukadnésar verower is en in Babiloniese ballingskap geneem is tydens die jare 604-585 v.C.

Sewentig jaar na daardie gevangeneskap, volgens Jeremia se profesie (Jeremia 29:10), het baie van die huis van Juda na die Heilige Land teruggekeer om die tempel te herbou en die aanbidding daar te herstel. Die profeet Nehemía vertel ons *waarom* hulle 70 jaar tevore in slawerny gedryf was:

“In dié dae het ek in Juda mense gesien wat op die Sabbat die parskuipe trap en vragte koring, op esels gelaai, inbring, en ook wyn, druiwe en vye en allerhande vragte met goed, en dit *op die sabbatdag* in Jerusalem inbring; en ek het hulle gewaarsku op die dag toe hulle lewensmiddele verkoop het ... En ek het met die edeles van Juda getwis en vir hulle gesê: Watter verkeerde ding is dit wat julle doen, dat julle die sabbatdag ontheilig? *Het julle vaders nie so gehandel, sodat onse God oor ons en oor hierdie stad al hierdie onheil gebring het nie?* Ja, julle vermeerder die toornloed oor Israel deur die Sabbat te ontheilig” (Nehemía 13:15-18).

Daar is dit, in eenvoudige taal!

Sabbatontheiliging was die hooforsaak van Juda se ballingskap!

Dit was so **BELANGRIK** vir **GOD** dat Hy selfs sy eie uitverkore volk met hierdie ergste nasionale straf—nederlaag in oorlog—om van hul land weggevoer en **SLAWE** in 'n vreemde land te word!

SONDE word deur God as die oortreding van sy **WET** (1 Johannes 3:4) gedefiniër. Sy **WET** sê: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig ... [D]ie sewende dag is die Sabbat van die Here jou God.” Om op die Sabbat te werk, om dit te ontheilig deur jou eie plesiersoekery, deur besigheid te doen, ens., is 'n **REUSE SONDE**, strafbaar met die **EWIGE DOOD!** (Romeine 6:23).

DIE HUIS VAN JUDA GEWAARSKU

Die Huis van Juda was sonder verskoning. Hulle was deur die profete gewaarsku.

Let op die waarskuwing deur Jeremia: “*So spreek die HERE: Neem julle in ag om julle siel ontwil, dat julle geen las dra op die sabbatdag ...ook mag julle geen... werk doen nie; maar julle moet die sabbatdag heilig hou soos Ek julle vaders beveel het. ... Maar as julle na My nie luister om die sabbatdag te heilig nie en om geen las te dra of deur die poorte van Jerusalem op die sabbatdag in te gaan nie, SAL EK 'N VUUR IN SY POORTE AANSTEEK, WAT DIE PALEISE VAN JERUSALEM SAL VERTEER EN NIE UITGEBLUS SAL WORD NIE* (Jeremia 17:21-22, 27).

Dit was die waarskuwing. Die Huis van Juda het nie daaraan gehoor gegee nie. Sien nou wat toe gebeur het!

“In die vyfde maand, op die tiende dag van die maand—dit was die negentiende jaar van koning Nebukadrésar, die koning van Babel—het Nebusaradan, die owerste van die lyfwag [vandag sal ons hom general van die weermag, of veldmaarskalk noem], wat voor die koning van Babel gestaan het, in Jerusalem gekom; en hy het die huis van die HERE en die paleis van die koning verbrand; ook al die huise van Jerusalem en elke groot huis met vuur verbrand (Jeremia 52: 13-14).

Wanneer God *waarsku*, is die straf *SEKER!*

WAAROM ISRAEL VERSLAAN WAS

Sien nou wat met die *ander* nasie van die Israeliete, die koninkryk van Israel, 117 jaar voor Juda se gevangenskap gebeur het.

God het die keuse aan hierdie mense in die dae van Moses voorgelê, lank voor hulle in twee nasies verdeel het. Let dit op in Levítikus 26: “Julle mag vir julle geen afgode maak nie ...en ‘n gesnede beeld...nie oprig nie...om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. *My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE*” (verse 1-2).

In die aanbidding van die volgende beloftes vir gehoorsaamheid, of straf vir opstandigheid, in hierdie sleutelprofesie, was daar slegs TWEE gebooie genoem—die teen afgodery en die verbreking van die Sabbatdag.

Let op HOE BELANGRIK hulle is: “As julle in my insettinge wandel en my gebooië hou en dit doen...” God het oorfloedige vervaardiging en welvaart, nasionale vrede en nasionale oorheersing, wat na wêreldoorheersing sou lei, beloof (verse 3-13.)

Maar, het God gesê (verse 14-33), as hulle sou weier om sy gebooië te gehoorsaam, sou hulle aan siektes en kwale ly, alle voorspoed vir 2520 jaar verloor, ingeval en oorwin word en van hulle land as slawe na die land van hulle vyande verdryf word.

Onthou nou dat God met hulle ‘n spesifieke ewig-bindende VERBOND wat die Sabbat insluit, gesluit het (Exodus 31:12-17). Die Sabbat was die nasionale TEKEN gemaak *waardeur* die ware GOD aan hulle uitgewys en bekend sou wees, en *waardeur* hulle as SY VOLK geïdentifiseer sou word.

Na die verdeling in TWEE NASIES—toe die koninkryk van Israel vir Jeróbeam hulle koning gemaak het, was die eerste ding wat hierdie koning gedoen het, die instelling van afgodery en die verbreking van die Sabbat.

Soos God gewaarsku het, het dit tot ‘n nasionale inval deur koning Salmaneser van Assirië gelei, neerlaag, gevangenskap en om as slawe na Assirië in 712-718 v.C. weggevoer te word.

Sien nou wat God deur die Profeet Eségiël daarvan gesê het.

Eségiël was ‘n boodskap van God aan die HUIS VAN ISRAEL gegee (nie die huis van Juda nie). Eségiël was onder die Joodse gevangenes, nadat *hulle* gevangene geneem is, omtrent a honderd jaar nadat Israel se ballingskap. Teen daardie tyd was die Assiriërs deur die koning van Babilon verslaan. Hulle het later hulle land aan die suidelike kusgebiede van die Kaspiese See verlaat en noordwes getrek en hulle uiteindelik in die land wat vandag as Duitsland bekend staan, gevestig.

Die volk van die huis van Israel het ook noordwes oor Europa getrek. Maar hulle het nie in Duitsland gestop nie. Hulle het verder noord en wes getrek—in Wes-Europa in—Frankryk, België, Holland, die Skandinawiese lande en die Britse eilande, waar hulle tot vandag toe nog is, behalwe die stam van Manasse, wat later na die Verenigde State getrek het.

Die Profeet Eségiël was opdrag gegee om vanwaar hy tussen die Joodse volk was, na die HUIS VAN ISRAEL te “GAAN”.

“[G]aan spreek met die HUIS VAN ISRAEL,” het God gesê (Eségiël 3:1).

Maar Eségiël het nooit daardie boodskap na die verlore huis van Israel geneem nie. Hy kon nie. Hy was ‘n slaaf. En tog *neem hy dit vandag na hulle*, deur middel van sy boek wat hy geskryf het in die Bybel—en deur die feit dat dit vandag na juis daardie mense geneem word!

Dit is ‘N PROFESIE! Dit is ‘n boodskap vir ONS MENSE VANDAG! U is besig om dit NOU te lees! *God help u om dit te gehoorsaam!*

PROFESIE VIR ONS, VANDAG!

In Eségiël 20, waar eerstens van outydse Israel gepraat word, sê God: “En Ek het hulle uit Egipteland uitgelei en hulle in die woestyn gebring. En Ek het hulle *my* insettinge gegee en *my* verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Daarby het Ek ook *my* sabbatte aan hulle gegee *om ‘n teken te wees* tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig” (verse 10-12).

Let op, die presiese bewoording van die ewig-bindende Sabbatverbond in Exodus 31:12-17!

Gaan nou voort:

“Maar die huis van Israel was wederstrewig teen My in die woestyn; hulle het nie in *MY* insettinge gewandel nie en *MY* verordeninge verwerp ...en *MY* sabbatte het hulle baie ontheilig ...” (vers 13).

Toe het God met hulle kinders, ‘n generasie later, gepleit. Let op!

“Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die *insettinge van julle vaders* nie en onderhou nie *HULLE* verordeninge nie en verontreinig julle nie met *HULLE* drekgode nie. *Ek* is die Here julle God; wandel in *MY* insettinge en onderhou *MY* verordeninge en doen dit. En heilig *MY* sabbatte; en *hulle sal ‘n teken wees* tussen My en julle, dat julle kan weet dat *Ek* die Here julle God is” (verse 18-20).

LET DIT OP!

Die klem hier is volkome tussen die insettinge, verordeninge en Sabbatte van God aan die een kant, en *hul VADERS se verskillende sabbatte*, insettinge en verordeninge.

“Maar die kinders was wederstrewig teen My,” het God, deur die Profeet Eségiël, voortgegaan. “[H]ulle het *MY* sabbatte ontheilig ...” (vers 21).

So wat het God uiteindelik—generasies later—gedoen? Hy het hulle in nasionale gevangenskap en slawerny verstrooi (vers 23).

Maar WAAROM?

“[O]mdat hulle MY verordeninge nie gehou het nie, maar MY insettinge verwerp het en MY sabbatte onheilig het en hulle oë agter die drekgode van hulle VADERS was (vers 24).

DIT IS WAAROM! Maar het dit enige VERSKIL gemaak?

Maar, gaan nou voort in hierdie verbasende profesie! Let op die profesie VIR ONS VANDAG!

Met verwysing na ‘n tyd, moontlik in hierdie dekade of die een hierna, in ONS tyd, aan ONS mense, sê God: “So waar as Ek leef, spreek die Here Here, Ek sal gewis met ‘n sterke hand en met ‘n uitgestrekte arm en met uitgestorte GRIMMIGHEID OOR JULLE REGEER” (vers 33).

Die uitdrukking “uitgestorte GRIMMIGHEID” verwys na die SEWE LAASTE PLAË, tydens die Wederkoms van Christus (vergelyk Openbaring 16:1). Die tyd wanneer Christus oor ons sal REGEER is tydens en na Sy Wederkoms. So hierdie is dan PROFESIE VIR ONS TYD!

Elke profesie in die Bybel wat wys waar ons mense (Israel) sal wees TYDENS Christus se Wederkoms en die komende groot Exodus terug na die Heilige Land, beskryf hulle WEEREENS in gevangenskap en slawerny.

Gaan voort met die profesie: “En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is...deur UITGESTORTE GRIMMIGHEID. En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke [KOMENDE EXODUS—Jeremia 23:7-8] en Ek sal daar met julle in gerig tree van AANGESIG TOT AANGESIG” (Eségiël 20:34-35).

Let op! Dit is DIE WOORD wat hier praat—CHRISTUS! Hy sal dan in Persoon weer op aarde wees. En dan gaan Hy met ons mense van AANGESIG TOT AANGESIG pleit. Dit sal binnekort met u en U GELIEFDES GEBEUR.

Dit is tyd om WAKKER te skrik vir die dreigende en ganse ERNSTIGHEID hiervan!

Miskien is daar net een eensame stem wat U WAARSKU. Maar God het een eensame stem gebruik in Noag se tyd, om die wêreld te waarsku—een eensame stem in Elía se tyd—een eensame stem in die tyd van Johannes die Doper en nadat hy in die tronk gesit is in die Persoon van Christus Homself!

Indien u staatmaak op die meerderheid sondige MENSE sal u saam met hulle hul straf verduur.

LET OP *HOE* HY SAL PLEIT!

“Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, *SO* sal Ek met *JULLE* in die gerig tree, spreek die Here *HERE*...En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree ... en *JULLE* sal *WEET* dat Ek die *HERE* is” (verse 36-38).

Hoe het Hy met hulle gepleit? Hy het gepleit:”Heilig My sabbatte, in pleks van julle vader s'n, sodat julle kan *WEET* dat Ek die Here is.”

En hoe sal ons *WEET* dat Hy die Here is?

Deur Sy Sabbat TEKEN!

Lees verse 42-44 in u eie Bybel! Hy sê dat ons mense, *wanneer hulle* nie meer opstandig is nie, wie dan Sy Sabbat sal onderhou, sal die weë waarin hulle besoedel was onthou en sal hulself *VERAFSKU* vir hulle verbreking van die Sabbat!

Dit is baie sterk onderrig! *DIT IS DIE WOORD VAN GOD* wat met u spreek!

Hoofstuk 7

Word Sondag in die Nuwe Testament Genoem?

DIE WOORD “SONDAG” VERSKYN NÊRENS IN DIE BYBEL NIE. Maar die sinsnede “eerste dag van die week” word in die Nuwe Testament gevind. Dit kom in presies AGT plekke voor. Dit sal dus nie lank neem om hierdie agt tekse (skrifgedeeltes) te evalueer waar hierdie sinsnede gebruik word nie.

Indien die dag op gesag van die BYBEL verander is—indien Christene hoegenaamd enige BYBELGESAG kan vind om vandag die Sondag as die “Here se dag” te hou—dan moet ons daardie gesag in een van hierdie agt skrifgedeeltes vind!

Laat ons dan vanaf die begin erken, aangesien die sewende dag van die week duidelik vasgestel is as die Bybelse Sabbat tot en met die kruisiging, dat daar geen BYBELGESAG kan wees vir Sondag onderhouding tensy ons dit nie duidelik en eenvoudig gestel in een van hierdie agt skrifgedeeltes in die Nuwe Testament vind nie.

So laat ons hulle versigtig, eerlik en biddend evalueer.

DIE DAG NA DIE SABBAT

1) *Matthéüs 28:1*:” En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK, kom Maria Magdaléna en die

ander Maria om na die graf te gaan kyk.” Dit is die eerste plek in die Bybel waar “die eerste dag van die week” genoem word. Matthéüs het hierdie woorde onder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf, ses jaar nadat die Nuwe Testamentiese Kerk tot stand gekom het. Die teks sê dat na die Sabbatdag, het dit begin lig word **TEEN** (Grieks *in*) die eerste dag van die week. So ons moet erken dat hierdie skrifgedeelte ons eenvoudig vertel dat drie dae en drie nagte nadat alles waarmee weggedoen was veilig “aan ‘n kruis vasgespyker” was, was die Sabbat *steeds* die dag **VOOR** die eerste dag van die week—steeds die sewende dag van die week.

Een punt word hier eenvoudig bewys. Baie vertel ons dat die Sabbatgebod was bloot “een dag uit sewe”—dat dit nie **DIE** sewende dag *van die week* hoef te wees nie, maar bloot ‘n sewende deel van tyd. Hulle redeneer dat Sondag, wat een uit sewe is, die gebod vervul. Maar hier is ‘n gedeelte in die **NUWE** Testament, geïnspireer deur die Heilige Gees ses jaar na die begin van die **NUWE** Testamentiese Kerk, wat dit in eenvoudige taal stel dat drie dae nadat alles wat afgeskaf was mee weggedoen was, het die Sabbat *steeds* bestaan en dat dit die sewende dag van **DIE WEEK** was—die dag **VOOR DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK**. Dit is bewys en moet gevestig bly deur almal wat **BYBEL**gesag eerlik soek en aanvaar. Maar was die dag later verander?

2) *Markus 16:2*:” En baie vroeg op **DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK**, net ná sonop, kom hulle by die graf.” Hierdie is bloot Markus se weergawe van die sonop besoek aan die graf. Dit was geskryf 10 jaar na die kruisiging. Die eerste dag van die week was ook “**TOE** die sabbat **VERBY** WAS “, volgens vers 1. So hierdie teks bewys dieselfde punt as die vorige een—dat die eerste dag van die week was op daardie tydstip (drie dae na die kruisiging) nie die Sabbat nie, maar die dag **NA** die die Sabbat! Die Sabbat was, toe, *steeds* die **SEWENDE** dag van die week.

‘N GEWONE WERKSDAG

3) *Markus 16:9*:” **EN** nadat Hy opgestaan het, vroeg op die **EERSTE DAG VAN DIE WEEK**, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.” Hierdie teksvers praat van Jesus se verskyning aan Maria Magdalena later dieselfde dag—die dag **NA** die Sabbat.

Ons moet erken dat niks hier die eerste dag van die week die Christen Sabbat noem nie. Niks hier noem dit “die dag van die Here” nie. Niks hier heilig die Sondag of sê dat God dit heilig gemaak het nie. Niks hier gebied ons om dit te hou nie. Niks hier sonder dit as ‘n herdenking van die opstanding af nie of vir enige ander doel nie. Geen gebod of voorbeeld van rus op hierdie dag nie—hier is geen gesag om dit te hou nie.

4) *Lukas 24:1*: “En baie vroeg in die môre, OP DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom en die speserye gebring wat deur hulle toeberei was.”

Hierdie skrifgedeelte vertel weereens dieselfde geleentheid wat deur Matthëus en Markus opgeskrywe is, en dit wys dat hierdie vroue *die werk van ‘n gewone werkswaek kom doen het*, op DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK, NADAT hulle op die Sabbatdag gerus het “*volgens die gebod*.” Want ons lees in die vers net voor dit, “Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die *sabbat gerus volgens die gebod*.” Sal ons sê dat hierdie vroue nie geweet het dat die gebod afgeskaf is nie? Nee, ons kan nie, want hierdie stelling was nie deur die vroue gemaak nie, maar is deur die HEILIGE GEES geïnspireer. God het geweet dat dit *nie* afgeskaf is nie. En dit was ongeveer 30 jaar na die stigting van die Nuwe Testamentiese Kerk geskryf! God het toe die direkte stelling geïnspireer, dat die “rus” van hierdie vroue op die Sabbatdag was, volgens die gebod. Hierdie stelling sou nie moontlik kon wees as die gebod afgeskaf was nie.

Hierdie skrifgedeelte, vestig dan Sondag as ‘n gewone werksdag, drie dae na die kruisiging en dit bevestig verder dat die gebod om op die Sabbatdag te rus, nie afgeskaf was nie.

5) *Johannes 20:1*: “En op DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf ...”

Dit, ongeveer 63 jaar na die kruisiging geskryf, is maar Johannes se weergawe, wat dieselfde besoek aan die graf beskryf. Dit bevestig bogenoemde feite.

WAS DIT ‘N GODSDIENSTIGE VERGADERING OM DIE OPSTANDING TE VIER?

6) *Johannes 20:19*: “En toe dit aand was OP DAARDIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK en die deure waar die dissipels vergader het

uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!”

Laat ons hierdie sorgvuldig ondersoek, want sommige beweer dat hierdie ‘n godsdienstige erediens was om die opstanding te vier. Maar let op dat dit *dieselfde* eerste dag van die week is wat op die Sabbat GEVOLG het. Dit was Jesus se eerste geleenthied om aan sy dissipels te verskyn. Vir 3½ jaar was Hy gedurig saam met hulle, ELKE DAG van die week. Sy ontmoeting met hulle, op sigself, kon nie enige dag as die Sabbat vestig nie.

Was hulle wel byeen om die opstanding te vier, en sodoende Sondag as die Christen Sabbat ter ere van die opstanding te bevestig? Die teks sê tog duidelik dat hulle “vergader het uit vrees vir die Jode.” Die Jode het onlangs hul Meester gevat en Hom gekruisig. Hulle was bang. Die deure was gesluit as gevolg van hul vrees—heelwaarskynlik gegrendel. Waarom het hul byeen gekom? UIT VREES VIR DIE JODE, volgens bogenoemde skrifgedeelte, asook omdat hulle almal saam in hierdie bokamer vertoef het (Handelinge 1:13). Hulle kon nie byeengekom het om die opstanding te vier nie, want HULLE HET NIE GEGLO DAT CHRISTUS OPGEWEEK IS NIE (Markus 16:14; Lukas 24:37, 39, 41). Nêrens in hierdie teksgedeelte word hierdie dag as ‘n “Sabbat”, of “dag van die Here,” of enige ander gewyde titel genoem nie. Daar is niks hier wat hierdie dag afsonder, of heilig maak nie. Geen gesag word hier gevind om ‘n gebod van God te verander nie!

DIE HERE SE NAGMAAL— OF WERKSDAG—WATTER EEN?

7) *Handelinge 20:7-8*: “En op DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe. En daar was baie lampe in die bovertrek waar hulle vergader het.”

Hier vind ons uiteindelik ‘n erediens wat op die eerste dag van die week plaasvind. *Maar dit was nie ‘n SONDAGDIENS nie!*

Let daarop dat Paulus *tot middernag* gepreek het! “En daar was baie LAMPE in die bovertrek waar hulle vergader het.” Dit was NA SONONDER, voor middernag, die eerste dag van die week.

Destyds het die eerste dag van die week nie om middernag *begin*, soos ons dit vandag doen nie. Dit het begin, en die sewende dag het geëindig teen SONONDER! Alle Bybeldae begin en eindig met SONONDER. Regdeur die Romeinse ryk in daardie tyd, en selfs vir 'n paar honderd jaar later, het die dae teen sononder begin en geëindig. Die gebruik om die nuwe dag teen middernag te begin het eers heelwat later begin.

Daarom het hierdie diens en Paulus se preek plaasgevind tydens die ure wat ons nou SATERDAGAAND noem—dit was geensins 'n Sondag erediens nie!

Let op die weergawe van die “*Today's English Version*,” wat dit korrek vertaal vanuit die geïnspireerde Griekse teks: “*Op Saterdagagaand* het ons bymekaar gekom vir die gemeenskaplike maal. Paulus het die mense toegesprek en aangehou praat tot middernag toe, omdat hy die volgende dag sou vertrek.”


WAAROM PAULUS AGTERGEBLY HET

Laat ons nou die storielyn van die verhaal wat in hierdie gedeelte vervat word optel. Begin met vers 6: “Maar *nā die dae van die ongesuurde brode* het ons van Filíppi uitgeseil en binne vyf dae by hulle in Troas gekom waar ons sewe dae deurgebring het. En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, OMDAT HY DIE VOLGENDE DAG SOU VERTREK ...”

Paulus en sy metgeselle was sewe dae lank in die dorp Troas. Sy metgeselle het per boot na sononder vertrek. Paulus het agtergebly vir 'n afskeid. Hy het tot middernag gepreek, “omdat hy die volgende dag sou vertrek.” Met dagbreek—sonsopkoms Sondagoggend—het Paulus vertrek (vers 11).

Let nou op wat sy metgeselle gedoen het. “Maar ons het vooruit op die skip gegaan en afgevaar na Assus, waar ons van plan was om Paulus aan boord te neem; want so het hy dit bestel, omdat hy self te voet wou gaan. Toe hy ons dan in Assus ontmoet, het ons hom aan boord geneem ...” (verse 13-14).

Kyk hierna op die kaart (volgende bladsy). Paulus se metgeselle het om 'n skiereiland geseil—'n afstand van sowat 50 of 60 myl, terwyl Paulus geloop het, 'n afstand van sowat 19½ myl. Hy was in staat om hierdie korter afstand vinniger af te lê as wat hulle om die langer afstand kon seil, wat Paulus die



geleentheid gegee het om agter te bly vir sy afskeidspraak en besoek, nadat die ander vertrek het.

Kan u nou sien wat eintlik gebeur het? Paulus se metgeselle WAS BESIG om te roei en die boot te seil, terwyl Paulus besig was om daardie Saterdagmiddag tot middernag te preek—*op die eerste dag van die week*. Hulle het Saterdagmiddag, NA DIE SABBAT GEEINDIG HET, weggeseil. Paulus het agtergebly vir een laaste afskeidspraak. Toe, teen dagbreek, Sondagoggend, het Paulus die afstand vanaf Troas na Assus te voet begin aflê—besig met die arbeid van 'n 19½ myl wandeling. Hy het gewag totdat die Sabbat verby was vir hierdie lang wandeling— 'n goeie harde dag se werk, as u dit al ooit probeer het! Hy het dit op die eerste dag van die week gedoen! Weereens, 'n gewone werksdag!

WAT DIT BETEKEN OM “BROOD TE BREEK”

Maar sê hierdie skrifgedeelte dan nie, soos so baie vandag beweer, dat die dissipels elke eerste dag van die week nagmaal gevier het nie? GEENSINS!

In die eerste plek, sê dit niks omtrent enigiets wat ELKE eerste dag van die week gedoen word nie. Dit beskryf SLEGS die gebeurtenisse van een spesifieke eerste dag van die week. Dit

bespreek die gebeurtenisse rondom Paulus en sy metgeselle se voorgename vertrek na hul sewedagse besoek na hierdie dorp voltrek was, nie enige GEBRUIKE nie.

Jesus het die Nagmaal ingewy as deel van die Pasga, aan die begin van die jaarlikse “dae van ongesuurde brode.” Nie langer is dit meer nodig om lammers te slag of die geroosterde vleis van die Paaslam te eet nie, nou dat Christus, ons Paaslam, vir ons geoffer is. Tog was die Pasga VIR EWIG ingestel (Eksodus 12:24). Met Sy laaste Paasmaal, het Jesus die wyn ingestel as simbool van Sy bloed, in plaas van die bloed van die geslagte lam. Hy het die ongesuurde brood ingestel in plek van die geroosterde liggaam van die lam, as simbool van Sy liggaam, wat vir ons gebreek is. Die dissipels het voortgegaan om die Pasga jaarliks te vier, in die vorm van “die Paasmaal,” waar net die brood en wyn gebruik word as ‘n HERDENKING (1 Korinthiërs 11:24) van Christus se DOOD (1 Korinthiërs 11:26), wat Sy dood wys totdat Hy weer terugkeer. Hulle het aangehou om die Dae van Ongesuurde Brode te vier (Handelinge 20:6).

Hierdie jaar het hulle die Dae Van Ongesuurde Brode en die “Nagmaaldiens” in Filíppi gevier, en vandaar vyf dae gereis na Troas, waar hul sewe dae gebly het.

Nadat die Sabbat teen sonder geeindig het, “op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om BROOD TE BREEK”

Mense het AANGENEEM hierdie uitdrukking beteken om Nagmaal te neem. Maar let op! Paulus het gepreek en aanhou preek tot middernag toe. Daar was nie kans om te stop en “brood te breek nie.” Toe Paulus “boontoe gegaan het”—nadat hy die een wat van die balkon op die derde verdieping geval het, weer laat lewe het—het hy “brood gebreek EN GEËET” (Handelinge 20:11).

Let op! “[B]rood gebreek EN GEËET” Hierdie breek van brood was nie Nagmaal nie—dit was doodgewoonweg die eet van ‘n maaltyd. Hierdie uitdrukking was vroeër algemeen gebruik om ‘n maaltyd aan te dui. Die Engelse uitdrukking word steeds in daardie sin gebruik in verskeie dele van die Verenigde State.

Let nou op Lukas 22:16, waar Christus die Paasmaal instel, saam met Sy dissipels. Hy het gesê, “Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie.” Tog, het Hy op die dag na Sy opstanding, nadat Hy saam met

twee van sy dissipels na Emmaus gestap het, “toe Hy met hulle AAN TAFEL was, neem Hy die brood en dank; en Hy *breek dit* en gee dit aan hulle” (Lukas 24:30). Hier het Jesus “brood gebreek,” maar dit was nie die Paasmaal nie, waarvan Hy gesê het, Hy NIE WEER sal neem nie. Dit was ‘n maaltyd—Hy was “AAN TAFEL”.

Let op Handeling 2:46. “[D]ag vir dag het hulle [die dissipels] eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis *brood gebreek en hulle voedsel* met blydskap en eenvoudigheid van hart *geniet*.” Weereens beteken “brood gebreek” DIE EET VAN ‘N MAALTYD. Nie op die eerste dag van die week nie, maar DAAGLIKS.

Weereens, toe Paulus skipbreuk gely het op pad na Rome, het die matrose uit vrees gevas. Maar Paulus het “almal aangemoedig om VOEDSEL te gebruik en gesê: Dit is vandag die veertiende dag dat julle in afwagting bly vas sonder om iets te gebruik. Daarom raai ek julle aan om VOEDSEL te neem, want dit dien tot julle behoud; ... Toe hy dit gesê het, *neem hy brood*, dank God in die teenwoordigheid van almal, *breek dit* en begin eet” (Handeling 27:33-35). Hier het Paulus brood gebreek om aan onbekeerde matrose te gee wat honger was.

Die waarheid is, NÊRENS IN DIE BYBEL word die uitdrukking “brood breek” of “om brood te breek” gebruik om die viering van die Paasmaal aan te dui nie. In al hierdie Skrifgedeeltes beteken dit eenvoudig om ‘n maaltyd te geniet. Dus, wanneer ons in Handeling 20:7, 11 lees “toe die dissipels vergader het om brood te breek” en hoe Paulus “brood gebreek en GEËET” het, weet ons deur Skrifinterpretasie dat dit slegs verwys na die eet van ‘n maaltyd, nie die Paasmaal nie.

WAT WAS HIERDIE KOLLEKTE?

Ons kom nou na die agste en laaste plek waar die term “eerste dag van die week” in die Bybel voorkom.

8) 1 Korinthiërs 16:2: “Op elke EERSTE DAG VAN DIE WEEK moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is...”

Dikwels sien ons hierdie vers op klein kollekte kovertjies gedruk in die banke van populêre kerke, en ons was vertel dat hierdie vers DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK vestig as die tyd om kerk kollektes op te neem om die werk van God voort te dra, die leraar te betaal, ens.

Laat ons met die eerste vers begin en sodoende die werklike betekenis van hierdie vers bepaal.

“Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.”

Dit bespreek ‘n insameling—maar vir WIE—vir WAT? Neem kennis! Nie vir die leraar nie—nie vir evangelisasie nie—maar vir “die insameling VIR DIE HEILIGES.” Die arm heiliges in Jerusalem het gely onder droogte en hongersnood. Hulle het, nie geld nie, maar VOEDSEL benodig. Let daarop dat Paulus ook soortgelyke instruksies aan ander kerke gegee het. Let op sy instruksie na die Romeine:

“Maar nou reis ek na Jerusalem in diens van die heiliges. Want Macedónië en Acháje [waar die Korinthise Kerk geleë was] het dit goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die heiliges in Jerusalem. ... As ek dit volbring het en vir hulle hierdie vrug veilig oorgebring het, sal ek by julle langs na Spanje afreis” (Romeine 15:25-28).

Ah! Het u dit gevang? Dit was nie geld nie maar VRUGTE wat geseël was vir verskeping na die arm heiliges in Jerusalem! (Die Griekse woord kan ook verwys na graan, wyn en ander produkte wat oor ‘n lang tydperk gestoor kan word sonder om te bederf.)

Blaai nou terug na 1 Korinthiërs 16. Paulus praat hier oor die insameling wat opgeneem moet word VIR DIE HEILIGES. Op die eerste dag van die week word elkeen van hulle aangesê om wat te doen? Kyk daarna! Sê dit gooi ‘n muntstuk in die kollektiebordjie tydens die kerkdiens? Geensins!

Dit sê “moet elkeen van *julle self OPSY SIT*” Let op! OPSY SIT! OPGAAR! SELF opgaar—tuis! Nie opsy sit by die kerkhuis nie—SELF opsy sit—tuis.

NOU WAAROM? “[S]odat die INSAMELINGE NIE eers plaasvind as ek kom nie.” Mense VERSAMEL vrugte uit die vrugteboord—hulle OES groente uit die grond, OM GESTOOR TE WORD. Maar om muntstukke in ‘n kollektiebordjie by die kerk te gooi, of jou tiendekoevert in te handig kan nie ‘n INSAMELING genoem word nie, maar eerder ‘n kollekte of ‘n offergawe.

Let verder op: “En wanneer ek aangekom het, sal ek die *persone* wat julle goedkeur, met briewe stuur om julle gawe

na Jerusalem te bring. En as dit die moeite werd is dat ek ook gaan, kan hulle [meer as een] saam met my reis” (verse 3-4).

Dit sou glo heelwat manne verg om hierdie insameling, wat ingesamel en gestoor was, na Jerusalem te dra. Indien dit net tiendes of offergawes vir die leraar was of vir die verspreiding van die evangelie, sou Paulus die geld alleen kon dra.

Dus, weereens, noem die laaste en finale vers in die Bybel waar die “EERSTE DAG VAN DIE WEEK” voorkom, dit ‘n gewone WERKSDAG— ‘n dag vir die insameling van vrugte en kos uit die boorde, velde en tuine, sowel as die opgaar en stoor daarvan. Dit was die EERSTE werk van die week, daarom die eerste dag van die week sodra die Sabbat verby is!

GEEN BYBEL GESAG NIE

Dus, uiteindelik, vind ons met eerlike ondersoek, dat NIE EEN van die verse waar “DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK” voorkom, dit afsonder as ‘n rusdag nie. Nie een verklaar dit heilig, noem dit die Sabbat of enige ander heilige titel nie. In ELKE geval, was die eerste dag van die week ‘n gewone werksdag.

In GEENEEN van hulle was daar ‘n godsdienstige byeenkoms en erediens gehou tydens die ure wat ons nou SONDAG noem nie. In GEEN van hulle kan ons ‘n enkele stukkie BYBELSE GESAG vind vir Sondagviering nie. Daar is geen rekord in die Bybel dat die opstanding op ‘n Sondag gevier was nie.

Soms word Openbaring 1:10 gebruik as Bybelse gesag om Sondag die “DAG van die Here” te noem. Dit sê: “Ek was in die Gees op die dag van die Here, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor...” Maar dit sê nie “op die eerste dag van die week”, of dat “Sondag” hier die “dag” is wat “die dag van die Here” genoem word nie. In teendeel, hier word nie van ENIGE dag van die week gepraat nie, maar van die “dag van die Here”— die tyd van die komende PLAE, wat ‘n hoogtepunt bereik met die koms van Christus en die Millenium. Dit is die TEMA van Openbaring. Maar, indien iemand wil argumenteer, en daarop aandring dat hierdie vers op ‘n definitiewe dag van die week van toepassing is, sal hy elders moet gaan soek om te sien WATTER dag DIE BYBEL die DAG VAN DIE HERE noem. Hierdie vers dui nie ENIGE dag van die week aan nie.

Maar Jesus het gesê dat Hy die Here van die SABBAT is, en as Hy die HERE van die Sabbat is, dan behoort dit mos aan Hom, en is dit Sy dag, dus is die Sabbat die dag van die Here (Markus 2:28). Jesaja 58:13 noem die Sabbat (die sewende dag van die week) “MY HEILIGE DAG.” God praat hier. Dus is die Sabbat die DAG VAN DIE HERE.

In die oorspronklike gebod, in Eksodus 20:10, lees ons: “maar die *sewende* dag is die sabbat VAN DIE HERE JOU GOD ...” Nie MY dag, of jou dag nie. Sondag is MY dag. So ook Maandag en elke ander weksdag, vir my arbeid en my eie behoeftes. Maar die *sewende* dag is NIE myne nie—dit is DIE HERE S'N! Dit behoort aan HOM, en Hy het dit GEHEILIG en beveel ons om dit so te HOU. Ons het geen reg om dit vir onself te gebruik nie. Dit is SY DAG!

DIE WARE SABBAT VAN DIE NUWE TESTAMENT

Laat ons nou vlugtig deur die Nuwe Testament soek WATTER dag Paulus gevier het en die Heidense bekeerlinge geleer het om te gedenk.

Let nou op watter dag Paulus en Barnabas gebruik het om vir die Heidene te preek:

Handelinge 13:14-15, 42-44: “Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisidië aangekom, en hulle het OP DIE SABBATDAG in die sinagoge gegaan en gaan sit. En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle ‘n woord van opwekking vir die volk het, spreek dan!”

Toe het Paulus opgestaan en Christus aan hulle verkondig.

“En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die HEIDENE versoek dat daardie woorde OP DIE VOLGENDE SABBAT tot hulle gespreek sou word.”

Nou, aangesien Paulus “die *genade* van God” aan hulle verkondig het (vers 43), was dit mos nou die gulde geleentheid om hierdie Heidene reg te stel aangaande die Sabbat wat afgeskaf is. Waarom sou hy ‘n hele week gewag het, om vir DIE HEIDENE OP DIE VOLGENDE SABBAT te preek? As die dag na Sondag verander was, waarom het Paulus hulle dan nie meegedeel dat hulle nie ‘n hele week hoef te wag nie, maar dat die volgende

dag, Sondag, die regte dag vir die erediens is nie? Maar let op wat Paulus gedoen het.

“En op die VOLGENDE SABBAT het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor.” Hier het Paulus ‘n hele week gewag, ‘n Sondag opgee, sodat hy aan die HEIDENE op die Sabbatdag kon preek.

HEIDENE KOM BYEEN OP DIE SABBAT

Handelinge 15:1-2, 14-21: Bestudeer hierdie gedeelte noukeurig. Sekere manne het vanaf Judea na Antiochië gekom, en geleer dat die Heidense bekeerlinge daar, besny moet word en die wet van Moses onderhou, om gered te word. ‘n Hewige stryd het tussen hulle, Paulus en Barnabas ontstaan. So was dit dus besluit dat Paulus en Barnabas na Jerusalem moet gaan om die saak met die apostels en ouderlinge uit te klaar.

Tydens die konferensie in Jerusalem, het Jakobus die besluit weergegee.

“Daarom oordeel ek” het hy gesê (verse 19-20), “*dat ons ... aan hulle skrywe* dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoodel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed.”

Hy het nie gesê dat hulle nie die Tien Gebooie moet onderhou nie. Die Tien Gebooie was nie hier ter sprake nie—maar slegs die rituele instelling van besnydenis, wat ‘n algehele ANDER wet is. Hy het slegs vier verbode dinge genoem, andersins het hul nie nodig gehad om die wet van Moses te onderhou nie.

Maar *waarom hierdie uitspraak aan hulle SKRYF?* Lees dit!

“Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy ELKE SABBAT in die sinagoges geles word” (vers 21).

Sien u dit? Die wet van Moses—die eerste vyf boeke van die Bybel—was ELKE SABBAT in die sinagoges geleer. Die apostels het slegs hierdie uitspraak GESKRYF, OMDAT DIE HEIDENSE BEKEERLINGE KERK TOE GEGAAN HET OP DIE SABBATDAG. Hulle het gehoor hoe God se wet geles en bespreek word in die sinagoges en het nie verdere instruksies nodig gehad nie. DIT BEWYS DAT DIE HEIDENSE BEKEERLINGE DIE SABBATDAG BEGIN ONDERHOU HET EN OP DAARDIE DAG KERK TOE GEGAAN HET! En die apostels se brief het hulle nie daarvoor berispe nie.

Dit is baie betekenisvol, omdat HEIDENE NOOIT DIE SABBATDAG ONDERHOU HET NIE. Daarom is dit iets wat hierdie Heidene BEGIN doen het, *nadat hulle tot bekering gekom het onder die onderrig van Paulus en Barnabas!*

‘N SABBAT IN FILIPPI

Handelinge 16:12-15: Hier vind ons Paulus en Silas in Filippi. “En ons het in hierdie stad ‘n paar dae deurgebring. En OP DIE SABBATDAG het ons uitgegaan buitekant die stad langs ‘n rivier waar die gebruiklike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het. En ‘n vrou met die naam van Lídia, ‘n purperverkoopster van die stad Thiatíre, ‘n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen ... En toe sy ... gedoop is, ...”

Hier vind ons weereens dat Paulus en sy metgeselle gewag het tot die Sabbat en toe na ‘n plek van aanbidding gegaan, gespreek en hierdie vrou, moontlik ‘n Heiden, het tot bekering gekom. Die skrifgedeelte dui aan dat dit ‘N GEBRUIK was om daar op die Sabbat byeen te kom en dat dit GEBRUIKLIK was vir Paulus en sy metgeselle om na ‘n plek van aanbidding te gaan op die Sabbatdag.

PAULUS HET WEEKSDAE GEWERK EN DIE SABBAT ONDERHOU

Handelinge 18:1-11 “En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. En hy het ‘n Jood gevind met die naam van Aquila, ... met sy vrou Priscilla ... Na hulle toe het hy gegaan; en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag. En hy het ELKE SABBAT in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.”

As ons *een vers* in die Bybel kon vind wat sulke sterk gesag vir die viering van Sondag kon kry soos hierdie een vir Sabbatsonderhouding, sou ons sekerlik Bybelse GESAG daarvoor gehad het! Hier het Paulus tydens weksdae GEWERK, maar *elke SABBAT* kerk toe gegaan en die HEIDENE sowel as Jode geleer.

Nou die gebod sê: “Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen” net soveel as wat dit sê “Gedenk die sabbatdag, dat jy

dit heilig.” Daar word net soveel beveel dat jy ses dae werk as wat daar is om op die sewende dag te rus. Dus, as die dag verander was, sou Paulus op die Sabbatdag moes werk sodat hy elke Sondag kerk toe kon gaan om te preek. Maar hier is dit duidelik dat hy op weksdae GEWERK het en ELKE SABBAT kerk toe gegaan en gepreek het—nie net op een spesifieke geleentheid nie—dit sê ELKE SABBAT.

Hy het Christus en die evangelie van die Koninkryk verkondig. En toe die Jode kwaad geword het en begin laster, het hy heeltemaal van die Jode weggedraai en van toe af NET AAN DIE HEIDENE gepreek (vers 6) en vir ‘n jaar en ses maande daarmee aangehou (vers 11)—werkend tydens weksdae—en SLEGS aan die *Heidene* gepreek—ELKE SABBAT!

Watter MEER oortuigende bewys kan ons verlang? Watter STERKER Bybelse bewys is daar met betrekking tot die ware Sabbat van die NUWE Testament? Vir ‘n jaar en ‘n half het Paulus aangehou om op weksdae te werk—ses dae—insluitende Sondae—en net aan die HEIDENE gepreek ELKE SABBAT! Dit was sekerlik sy gewoonte en gebruik gewees! Hy sou dit sekerlik nie kon doen as die Sabbat afgeskaf of verander was nie.

Aan hierdie Heidene in Korinthe, het Paulus BEVEEL “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korinthiërs 11:1).

“En volgens sy *gewoonte* het Paulus na hulle gegaan en drie SABBATTE lank met hulle gespreek uit die Skrifte” (Handelinge 17:2). Dit was sy GEWOONTE, sy GEBRUIK, soos ons deur voldoende bewyse gesien het, wat ‘n totaal van 84 verskillende Sabbatte aandui wat Paulus onderhou het.

Het hy Jesus hierin gevolg? Maar NATUURLIK! Jesus, “soos sy *gewoonte* was, het ... OP DIE SABBATDAG na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees” (Lukas 4:16, NAV)

Dit was Jesus se gewoonte. Paulus het hom nagevolg en die Heidense bekeerlinge BEVEEL om hom na te volg, nes hy Christus navolg.

Hoofstuk 8

Die Ongelooflike Waarheid Omtrent Christelike Gemeenskap

LET NOU OP 'N ANDER OPENBARENDE REDE WAAROM NET DIE WARE *Sabbatdag* die dag vir vergaderde Christelike gemeenskap is.

Jesus Christus verklaar in Johannes 15, “Ek is die wynstok, julle die lote” (vers 5). Ons word aangesê om in Hom te bly (vers 4), of geestelik, sal ons niks kan uitrig nie, ‘n Druiwetak kan nie druiwe voortbring tensy dit aan die wynstok gebind is nie.

‘N GODDELIKE GEMEENSAP

Volgende, let op die grondslag van Christelike gemeenskap, in 1 Johannes 1: “wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus ... As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis

wandel [dit wil sê, Sy gebooië veronagsaam], dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel [volgens elke woord van die BYBEL LEEF, AS ONS LEEFWYSE, DOENERS van die wet, nie net hoorders nie—GEOHOORSAAM wees], soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (verse 3, 6-7).

Ons kan *alleenlik* ware Christelike gemeenskap hê wanneer elke persoon aan Christus en die Vader gebind is—soos ‘n druiwetak aan die wynstok gebind is.

Nou wat bind die baie takke van daardie druiwestok aan mekaar? Wanneer *mense op hul eie menslik vasgestelde dag* byeen kom, en so probeer om hulself in ‘n kerkgroep SAAM TE BIND, is Christus *nie* daar met hulle teenwoordig in hul gemeenskap nie. Hy het nooit SY TEENWOORDIGHEID in daardie dag gesit nie! Hulle is soos ‘n klomp druiwetakke wat van die wynstok afgesny is en hulself probeer saambind!

Nou, HOE het ons uitgevind dat Jesus Christus Sy *teenwoordigheid* in Sy Sabbat gesit het? Op daardie dag het HY GERUS, en was verkwik. Op daardie dag, terwyl Hy gerus het, het Hy die dag geseën—Hy het dit afgesonder vir heilige gebruik en doel as SY dag—Hy het dit geheilig en dit HEILIGE TYD gemaak.

Maar HOE het Hy dit GEHEILIG? Onthou, ek het dit voorheen eenvoudig aan u gewys, dat net soos *die grond* waarop Moses gestaan het, naby die brandende bos (Eksodus 3:1-5) HEILIGE GROND was—*omdat Christus se teenwoordigheid daar was*; en Christus se teenwoordigheid maak wat of waarookal Hy is, HEILIG—net soos ONS HEILIG kan wees indien en *slegs indien, Christus se teenwoordigheid*, deur die Heilige Gees in ons is—so maak *Christus se teenwoordigheid* in die Sabbat, daardie tyd heilig.

Nadat die HERE van die Ou Testament, DIE WOORD (Grieks, *logos*) (Johannes 1:1-3) mens geword het (vers 14) en Jesus Christus genoem was, sowat 4 000 jaar nadat Hy oorspronklik op die Sabbat gerus het en Sy teenwoordigheid daarin geplaas het (Genesis 2:1-3), het Hy steeds die Sabbat onderhou en Sy teenwoordigheid daarin gesit (Lukas 4:6) “soos sy gewoonte was.”

Hy het nie verander nie. Jesus Christus is nog STEEDS DIESELFDE VANDAG (Hebreërs 13:8).

Dus is *Sy teenwoordigheid* in SY DAG, dieselfde vandag as destyds. Wanneer God se gehoorsame kinders, elkeen aan Christus gebind—elkeen saam met Christus in harmonie en gehoorsaamheid wandel—op Sy heilige dag byeenkom, *geniet hulle eintlik gemeenskap* met CHRISTUS. Hy is *daar*, in hul midde, *in die Gees!* En dan bind CHRISTUS hul saam in GEMEENSAP MET HOM EN DIE VADER!

Wanneer mense op 'n Sondag byeenkom, is Christus se teenwoordigheid nie in daardie dag nie! U mag argumenteer om u eie sin te kry, in plaas daarvan om aan hierdie waarheid oor te gee, maar dit is hierdie *waarheid* wat u sal veroordeel wanneer u voor Christus in die Oordeel te staan kom!

KAN U CHRISTUS TEVERGEEFS AANBID?

Wat dan van publieke of kerkgroep aanbidding op 'n weeklikse erediens op Sondag—of Vrydag?

LUISTER EN GEE AANDAG! U Bybel sê: “God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet Hom *in gees en WAARHEID* aanbid” (Johannes 4:24).

Wat sê die wêreldse kerke? “Aanbid God volgens die voorskrifte van jou eie gewete.” DIT IS TEENSTRYDIG MET WAT GOD SÊ!

Hoe aanbid mens God *in gees en in waarheid*? Wat is WAARHEID? Jesus het eenvoudig gesê: “U WOORD IS WAARHEID.” God se Woord is die BYBEL!

Die BYBEL magtig *alleenlik die Sabbat* as God se *weeklikse* heilige dag vir samekoms en aanbidding. Die Bybel is die GESAG VAN GOD! WATTER GESAG HET MENSE VIR SONDAG?

Om God *in gees en WAARHEID* te aanbid is om Hom te aanbid hoe en waar (sover dit gemeentelike samekoms betref) Hy in SY WOORD beveel, wat die WAARHEID is!

God het self daardie een dag afgesonder wat HOM as DIE SKEPPER IDENTIFISEER! Hy het dit afgesonder vir 'n SEËNING! Vir ons fisiese rus! Vir geestelike verkwikking!

En die dag waarop ons ophou met ons besigheid en arbeid, het Hy afgesonder as “n heilige SAMEKOMS” (Levitikus 23:2-3), wat beteken dis 'n VERPLIGTE SAMEKOMS waarby ons teenwoordigheid deur God vereis word. Dit is dieselfde dag wanneer Sy goddelike, geestelike *teenwoordigheid* ook daar is. Hy het daardie dag

afgesonder as die dag vir daardie gemeenskaplike aanbidding tesame, die een dag wat God identifiseer WIE ons moet aanbid!

GEEN ANDER DAG KAN DAARDIE GROOTSE EN VERHEERLIKTE DOEL VOLBRING NIE!

Ja, God het 'n rede vir die Sabbat— 'n DOEL daarin!

Diegene wat vergader om God en die Here Jesus Christus op enige manier te aanbid wat teenstrydig is met die wyse of tyd wat GOD SE WOORD ons beveel, aanbid Him nie *in gees en WAARHEID* nie. God sal nie hul aanbidding aanvaar nie.

Besef u dat Christus self gesê het dat u nie net Sy naam kan bely en uself 'n Christen noem, maar u mag HOM eintlik AANBID—*en dit tevergeefs doen?* Steeds heeltemal “ongered”?

Luister na Christus se eie woorde: “Maar *tevergeefs* vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: ... Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou” (Markus 7:7-9).

Om byeen te kom vir aanbidding op Sondag is *niks anders as die oorlewering van MENSE* nie—en 'n heidense tradisie daarby! Diegene wat so graag *die gebod van die HERE opsy skuif*, wat God se gebod om Sy Sabbatdag heilig *te hou*, veronagsaam, is skuldig aan SONDE EN SULKE AANBIDDING IS UITERS NUTTELOOS!

Jesus Christus het so gesê!

NIE “JOODSE” SABBAT NIE

Tog, ten spyte van al die Skrifgedeeltes in die hele Bybel—ten spyte van die direkte opdrag van GOD—het menigte al so dikwels gehoor of gelees van die Sabbat wat die “Joodse Sabbat” genoem word, dat hul verstand onmiddellik wil stry: “Ja, maar alles omtrent die Sabbat wat heilig is—omtrent die Sabbatgelofte—is nie op MY van toepassing nie; dit was als vir die Jode—en ek is 'n Heiden.”

O ja, dit is wel van toepassing op U!

Jesus Christus het gesê, “Die sabbat is gemaak vir die MENS” --vir die hele mensdom! Onthou? Dit was gemaak TOE die mens gemaak is—op dieselfde tyd as Adam! Daar was toe nog nie Jode nie! God het nie een standard vir Jode en 'n ander vir Heidene nie. Geen Heiden kan 'n Christen word *totdat* hy 'n ISRAELIET word—lees Efésiërs 2:11-12. God sê, deur die Apostel

Paulus, aan die HEIDENE: “Daar is nie meer Jood of Griek nie, ... want julle is almal EEN in Christus Jesus. En as julle [Heidene] aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham [sy kinders] en volgens die belofte erfgename” (Galásiërs 3:28-29).

U kan nêrens die term “Joodse Sabbat” in die Bybel vind nie! Dit is ‘n *spottende, bedrieglik en veragte* byvoegsel. Dit kom van nie-Christen *wolwe in skaapsklere*, soos Christus hulle genoem het. Hul bedoeling is om te mislei en vooroordele teen die waarheid van God te saai. Dit is die skandelige, oneerlike en misleidende taalgebruik en terminologie wat deur **BEDRIEËRS**, vals profete en handhawers van heidense dogmas en gebruike wat in teenstelling met God se Woord is.

Dit is **NIE BYBELTAAL** nie!

Tog, miskien is meeste van u wat hierdie lees al so bevooroordeel met daardie laakbare term, dat dit baie moeilik is vir u verstand om te verstaan en te aanvaar wat die **EENVOUDIGE WAARHEID** in u eie **BYBEL** is!

Lees weer Efésiërs 2:11-12. U **MOET** ‘n **ISRAELIET** WORD OM GERED TE WORD! U het al baie *vals* leringe gehoor *wat teenstrydig* met die Bybel is, en u gelei het om te dink dat verlossing vir Heidene is. **DIT IS NIE!**

Al die **BELOFTES** was aan **ISRAEL** gegee. Waarom?

Luister! Lees noukeurig en **VERSTAAN!** Alle nasies het in goddelose, vals en heidense gelowe ingegaan. In so ‘n God-verwerpte wêreld, het God, uit die kinders van Abraham, Isak en Jakob, in die dae van Moses, ‘n spesiale volk opgehef om Sy volk te wees—om ‘n *lig* aan die ongelowige Heidene te wees. Toevallig, **BETEKEN** die naam *Heiden* ongelowige.

God het aan hierdie spesiaal uitverkore volk **SY** regte leefwyse gegee—en *aan hulle* is die **BELOFTES** gemaak wat verlossing insluit (Romeine 9:4). Maar, wanneer ‘n Heiden tot bekering kom, Christus aanvaar en die Heilige Gees ontvang, dan word hy, geestelik, ‘n Israeliet, ‘n kind van Abraham en erfgenaam van die beloftes (Galásiërs 3:28-29).

Verlossing is van die Jode (Johannes 4:22). Verlossing, is vir **ENIGEEN** wat glo (in *lewende* geloof, nie ‘n dooie geloof nie)—eerstens aan die Joodse en deur Christus, ook aan die Heiden (Romeine 1:16).

U kan nie gered word *tensy* u, geestelik, ‘n **JOOD** word nie! (Romeine 2:28-29). Natuurlik, is alle natuurlike Israeliete,

deur ongehoorsaamheid, van die beloftes en God se redding *afgesny*—maar hulle mag dit, soos al die ander, *deur Christus* ontvang! (Romeine 11:17-18, 23-26).

Dus sal die ware Christen al daardie vooroordeel en haat teenoor Jode uit hul hart sit.

IS CHRISTUS IN U?

Weereens, **MAAK DIT ENIGE VERSKIL watter dag**, en of ons dit onderhou?

Die BYBEL DEFINISIE VAN 'n CHRISTEN is een wat die gawe van God se Heilige Gees ontvang het en daardeur gelei word. Met ander woorde, **CHRISTUS IN U IS U HOOP OP VERHEERLIKING!** (Kollosense 1:27).

Die Heilige Gees is die lewe-gewende Gees wat van die Persoon van die VADER en van CHRISTUS af vloei! Die HEILIGE GEES **IN U** sit nie net die *liefde, krag, geloof* en lewe van die ewigdurende CHRISTUS nie—maar ook die **GESINDHEID VAN CHRISTUS** (Filippense 2:5).

Dit beteken, letterlik, dat Christus self, **IN U** is—nie in Persoon nie, maar in **GEES** (Galásiërs 2:20). Jesus Christus is 'n Verlosser wat letterlik *in* ons kom—in ons verstand—om ons te reinig en *van binne-af* te red!

DIT BETEKEN DAT JESUS CHRISTUS Sy lewe IN ONS LEEF! Of, anders gestel, dit beteken dat ons toegee en toelaat dat Jesus Christus ons lewens *vir ons* leef!

Nou, **INDIEN** Jesus Christus **IN U** is (en u is nie 'n waarlik bekeerde Christen tensy Hy is nie!), sal Hy, in u, Sy heilige dag ontheilig en 'n heidense dag onderhou?

ONMOONTLIK!

Jesus Christus het nie verander nie. Hy is **DIESELFDE**, gister, vandag en vir ewig! (Hebreërs 13:8).

Dit is **CHRISTUS** wat die Sabbat *geskape* het. Dit is **CHRISTUS** wat op daardie eerste Sabbat gerus het! Dit is **DIE EWIGE (YHVH)** wat Christus geword het, wat met die Israeliete op die Sabbat gepraat het (Eksodus 16). Dit is **CHRISTUS** wat die Sabbat onderhou het, *soos Sy gewoonte was* (Lukas 4:16).

Jesus Christus het altyd *Sy teenwoordigheid* in Sy eie heilige dag *gesit!* **INDIEN** Christus **IN U** is---Hy, in u, kan geen ander dag **NOU** onderhou nie! En **AS** u, nadat u hierdie boekie lees

DIE KERK EN DIE BYBEL

stem gee versekering, te midde van die ergste storms, dat alles wel is.

3d. 'n Reël van geloof, of 'n bekwame gids na die hemel, moet in staat wees om in al die noodsaaklike waarhede, nodig vir redding, te kan onderrig. Nou, die Skrif alleen, bevat nie al die waarhede wat 'n Christen moet glo nie, ook beveel dit nie uitdruklik al die pligte wat hy genoodsaak is om uit te oefen nie. Sonder om ander voorbeelde te noem, is elke Christen nie veronderstel om Sondig te vereer, en op daardie dag homself van alle onnodige werk te weerhou nie? Is die onderhouding van hierdie wet nie van die belangrikste onder ons heilige pligte nie? Maar u mag u Bybel van Génesis tot Openbaring deurlees, en u sal nie 'n enkele reël vind wat die onderhouding van Sondag magtig nie. Die Skrif verplig die godsdienstige onderhouding van Saterdag, 'n dag wat ons nooit vereer nie.

Die Katolieke Kerk leer korrek dat ons Heer en Sy Apostels sekere belangrike pligte van godsdiens ingeskerp het, wat nie deur die geïnspireerde skrywers¹ geboekstaaf is nie. Byvoorbeeld, meeste Christene bid tot die Heilige Gees, 'n gebruik wat nêrens in die Bybel gevind word nie.

Ons moet dus, daarom, aflei dat die Skrif alleen nie 'n genoegsame gids en Geloofsreël is nie, omdat dit nie, ter enige tyd, binne die bereik van elke navraer is nie; omdat dit self nie duidelik en verstaanbaar is nie, selfs met betrekking tot sake van die hoogste belangrikheid en omdat dit nie al die waarhede, nodig vir redding, bevat nie.

¹ sien Johannes xxi.25; II Thes. II.14.

het, verskonings maak, rebelleer en weier om Christus se heilige dag as heilig te *onderhou*, dan kan ek op Sy onfeilbare gesag aan u verklaar dat Hy nie IN u is nie!

Dit is eenvoudig baie ernstig!

God gee Sy Heilige Gees SLEGS aan diegene WAT HOM GEHOORSAAM! (Handelinge 5:32). Die voorwaardes vir die verkryging van die Heilige Gees as God se gawe is: BEKEER EN WORD GEDOOP (Handelinge 2:38).

Sonde is wetteloosheid (1 Johannes 3:4). Daardie wet is 'n *geestelike* wet (Romeine 7:14). Die straf vir wetteloosheid is die DOOD—vir alle ewigheid! (Romeine 6:23). Die Vierde Gebod beveel dat u die Sabbat sal ONTHOU en *onderhou*! Dit sê ook die *sewende* dag, nie Sondag die eerste dag nie, is die Sabbat van die Here jou GOD! En dit is die *sewende* dag *van die week*—die dag *voor* die eerste dag *van die week* (Matthëus 28:1)—nie sommer net ENIGE *sewende* dag nie—nie enigeen uit die *sewe* nie.

Daar is geen skuiwergate nie! Daar is GEEN ONTVLUGTING vir diegene wat ongehoorsaam is nie! God se wette word outomaties uitgevoer. God het geen menslike polisiemanne nodig om u te vang nie! Daar sal geen menslike hofgeding met 'n jurie van 12 feilbare en maklik misleide vleeslike jurieslede wees nie.

Nee, daar is GEEN WEGKOMKANS NIE! Dit is die ALMAGTIGE waarmee u te doen het op hierdie aangeleentheid!

God is LIEFDE! God is lief vir die mensdom. God het U lief! God het Sy Sabbatdag geheilig vir 'n rede—om U in Sy GEMEENSAP te hou! Sy WET is LIEFDE. Dit vat *liefde* om dit te vervul. Dit benodig 'n *geestelike* liefde om die *geestelike* wet te onderhou en gehoorsaam. U was nie met daardie liefde gebore nie. God bied dit vryelik aan u—SY EIE LIEFDE, “omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees” (Romeine 5:5). Wanneer u oorgee, tot bekering kom, glo dan *belowe* God om Sy Heilige Gees te gee. Sy Gees plant daardie LIEFDE in u om Sy wet te onderhou!

GEEN GESAG Uittreksel vanuit die wyle Kardinaal Gibbon se boek “Faith of Our Fathers.” (*Geloof van Ons Vaders*) Hy het reguit erken dat die Bybel geen gesag verleen, om die dag van aanbidding van Sabbat na Sondag te verander nie.

Dit is regtig WONDERLIK!

Dit hou u in CHRISTUS SE EIE GEMEENSAP—in noue kontak. Dit skenk aan u Sy SEKURITEIT, vrede, geluk en ryk lewe!

“Maar,” mag iemand *steeds* beswaar maak, “hoe kan ek lewe, as ek nie eers ‘n vuur op die Sabbat mag aansteek nie, of selfs enige kos eet nie?”

KOM ONS VERSTAAN! Die verbod teen “stokke optel” of “vuurmaak” op die Sabbat was deel van die bygevoegde SIVIELE en RITUALISTIESE, of SEREMONIËLE wet van Moses—nie deel van die GEESTELIKE Tien Gebooie nie!

Weens wetteloosheid—dit is, omdat die geestelike wet verbreek was—het God, 430 na Abraham, deur Moses, ‘n materiële en fisiese wet van rituele en seremonies bygevoeg (Galásiërs 3:16-10). Daar die wet was ‘n FISIESE wet, insluitende die diere offers. Dit was ‘n PLAASVERVANGER vir Christus se offer en die Heilige Gees wat nie aan Ou Testamentiese Israeliete gegee was nie. Die Heilige Gees gee ons, nou, MAG om te gehoorsaam. Hierdie rituele en offers het uit *fisiese arbeid* bestaan—dinge wat in die oggend, middag en aand gedoen moes word—om in hulle die GEWOONTE VAN GEHOORSAAMHEID in te prent. WAAROM? Omdat hulle ongehoorsaam was! Die *fisiese* rituele moes HULLE GEHOORSAAMHEID LEER! Daarom was hul ‘n “skoolmeester” wat gehou het net TOTDAT Christus gekom het (Galásiërs 3:24).

Toe die WERKLIKHEID gekom het (Christus—en die gawe van die Heilige Gees), het die plaasvervanger verval.

Die SABBATGEBOD is ‘n GEESTELIKE gebod. Dit het met ons gemeenskap, byeenkoms en aanbidding van God, te doen. Dit verbied ons gewone weksdag arbeid of werk waarmee ons, ons brood verdien—ons WERK, of BESIGHEID.

Maar die Sabbat was VIR die MENS gemaak—as ‘n SEËNING vir die mens! Dit was gemaak om GENIET TE WORD—om geestelik VERKWIK te word, in geseënde gemeenskap en kameraadskap met CHRISTUS!

Jesus Christus HET DIE SABBAT ONDERHOU terwyl as mens op aarde geleef het. En hele HOOFSTUKKE word in die vier Evangelies gewy HOE Hy ons leer om die Sabbat te heilig.

Die Fariseërs van Jesus se tyd het soiets soos 65 streng reëls van “moets” en “moenies” onderhou, wat die menslike rabbi’s ingestel het wat Sabbatonderhouding in ‘n “juk van

gebondheid” verander het. Jesus Christus het daardie menslike reëls en regulasies opsy geskuif.

Op een Sabbat het Hy en Sy dissipels deur ‘n koringland gestap. Die dissipels het koringare gepluk om te eet. Die Fariseërs het bitterlik gekla. Maar Jesus het hulle berispe—gewys dat dit REG is om kleinere takies te verrig soos om voedsel te vergader of voor te berei om op die Sabbat te eet. Dit was juis hierdie einste voorval wat Hom onomwonde laat verklaar het, “Die Sabbat was vir die MENS gemaak, en nie die mens vir die Sabbat nie” en te verkondig dat Hy die HEER van die Sabbat is—en daarom is die Sabbat die HERE SE DAG!

Jesus het die siekes op die Sabbatdag GESOND GEMAAK. Dit was nie besigheid of arbeid waarmee Hy Sy brood verdien het nie. Dit was ‘n handeling uit genade—‘n LIEFDESDAAD. Jesus het gesê dat dit reg is om GOED TE LAAT GESKIED op die Sabbatdag.

Hy het selfs gewys dat dit heeltemal reg is om ‘n os uit ‘n sloot te haal op die Sabbat—maar te veel sal vandag die arme os Vrydag in die sloot gooi, sodat hulle ‘n verskoning het om dit op die Sabbatdag daaruit te haal! Jesus het verwag dat ons wysheid en oordeel sal gebruik—en EERLIK te wees!

Baie, wat tot dusver gelees het, sal sê—“Maar ek *kan nie* die Sabbat onderhou nie. Ek sal my WERK verloor.”

Laat ek u iets vertel! Ek weet van honderde sulke gevalle! Dit verg lewende GELOOF om GOD te GEHOORSAAM! Kan u HOM VERTROU, selfs met u werk? Tensy u kan, sal ek u nie ‘n nagemaakte pennie gee vir u kanse om die HELVUUR vry te spring nie!

Moet nooit u werkgewer *vra* of u Saterdag kan afkry nie. Gebruik ‘n bietjie wysheid—en BID vir God se hulp. VERTEL dan aan u werkgewer, op ‘n stil maar dodelik ernstig en positiewe manier, dat u geleer het dat daardie ure van sononder Vrydag to sononder Saterdag deur GOD GEHEILIG is en dat Hy u beveel om dit te *onderhou*. U is baie jammer as dit hom in enige manier verontrief—maar u sal nie meer tydens daardie ure kan werk nie. Sê dit op vriendelike, maar FERM manier. Noem ook dat u gewillig is om Sondag te werk, as dit sal help.

Uit HONDERDE ondervindings, het ek gevind dat nege uit die tien kere het mense NIE HUL WERK VERLOOR NIE! As u eers daarvoor bid, en God opreg *vra* om u genade en guns in u werkgewer se oë te gee, en hom dit dan ferm maar beleefd

meedeel, maak dit, dit bykans onmoontlik vir 'n werkgewer om met u godsdiens in te meng!

Nege uit tien het NIE hul werk verloor nie, soos hul moontlik verwag het nie. En die een uit tien wat dit wel verloor het? Bykans elke keer het diegene wat *wel* hul werk verloor het SOMMER GOU BETER BETREKKINGE GEKRY.

U KAN GOD *VERTROU!*

Dit is hier waar u lewende GELOOF met gehoorsaamheid moet meng!

Ten slotte, onthou weereens, GOD het besluit *wat* sonde is—Hy verplig u om te besluit *OF* u gaan sondig, of GEHOORSAAM!

NOU MOET U KIES!

Dit is nou *U KEUSE!*

Ek het u God se Woord getrou gegee. Dit is nie populêr nie. Dit is nie wat die populêre meerderheid u sal vertel nie.

Maar *NOU WEET* u! U sal *GEORDEEL* word volgens wat u met hierdie kennis doen!

U moet self besluit. Opstandigheid beteken ewige STRAF, ewige DOOD. God gaan geen persoon *red* wat Hy nie kan REGEER nie.

U moet tussen GOD se weg, en die MENS se weg, wat hy valslik “Christen” noem, kies.

My verantwoordelikheid eindig nadat ek u *VERTEL* het. Ek het luid uitgeroep. Ek het my stem opgehef. Ek het u *OP U SONDE GEWYS* in hierdie geval. God roep u tot bekering. Maar Hy sal u nie dwing nie. U moet u eie besluit neem; en wat u saai sal u ook maai.

U sal deur *GENADE* gered word, maar God lê ook voorwaardes neer. U kan inwillig en heerlike *GENADE* ontvang—of u kan in opstand kom en die *DOODSTRAF* betaal—vir ewig!

WAAR OM DIE SABBAT TE ONDERHOU?

Dikwels, wanneer mense die waarheid omtrent die Sabbat leer, soek hulle 'n godsdienstige groep om saam byeen te kom. Maar dit is *nie genoeg* om sommer met enige godsdienstige groep te ontmoet net omdat hulle die “Sabbat argument”

aanvaar nie. Dit beteken nie noodwendig dat dit die WARE Kerk van God is nie.

God gebied ons om die liggaam—die werk—te soek wat deur Hom bemagtig word.

Daar is net EEN so 'n Kerk!

Dit verrig DIE WERK VAN GOD. Dit is, soos Jesus gesê het, 'n “klein kudde,” vervolg, en deur die wêreld verag. Maar dit het die toegewyde, heilige, bekeerde, volledig opgeleide LERAARS regoor die wêreld—beskikbaar om u te skakel, in die gerief van u eie huis te besoek, u vrae omtrent die Sabbat te beantwoord, die Bybel aan u te verduidelik—*INDIEN U DIT VERSOEK!* Maar geeneen van hulle sal *OOIT* ongevraagd met u in verbinding tree nie. U moet dit self versoek.

Maar, indien u, uit u eie oortuiging, *MEER* wil weet omtrent *die eerste* Kerk wat Jesus Christus gestig het en vandag steeds, lei—as u vrae daaroor wil vra, hoekom dan nie 'n persoonlike besoek aanvra nie? Ons mag heel moontlik een van God se eie leraars beskikbaar hê om binnekort met u in verbinding te tree.

Sommige, wat nie besef dat een van God se eie geroepe en gewyde leraars hulle kan skakel en hul vrae beantwoord nie, het by een van die Kerke van die wêreld *AANGESLUIT*. U kan nie by die ware Kerk van God *AANSLUIT* nie—die *Almagtige plaas u daarin*.

Maar indien u vrae omtrent die Sabbat, Christelike gemeenskap, leringe of gebruike het—of *ENIGE* vrae omtrent die Kerk of die Bybel, of die Christelike *LEEFWYSE*, skryf aan ons.

Weeg die *FEITE* versigtig teen mekaar op, volgens u eie *BYBEL*. Besluit *dan* en neem die stappe wat *GOD* aan u wys.

KONTAK INLIGTING

Om die Filadelfia Kerk van God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:

POSADRESSE WÊRELDWYD

Verenigde State: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 3700, Edmond, OK 73083

Kanada: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 400, Campbellville, ON L0P 1B0

Karibiese Eilande: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

Brittanje, Europa, Midde-Ooste: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 16945, Henley-in-Arden, B95 8BH, United Kingdom

Afrika: Philadelphia Church of God, Postnet Box 219,
Private Bag X10010, Edenvale, 1610, South Africa

Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:
Philadelphia Church of God, P.O. Box 293,
Archerfield, QLD 4108, Australia

Nieu-Seeland: Philadelphia Church of God,
P.O. Box 6088, Glenview, Hamilton 3246

Fillipyne: Philadelphia Church of God, P.O. Box 52143,
Angeles City Post Office, 2009 Pampanga

Latyns-Amerika: Philadelphia Church of God,
Attn: Spanish Department, P.O. Box 3700,
Edmond, OK 73083, United States

SKAKEL IN BY ONS

Besoek ons webwerf: www.dieBasuin.com

E-mail: briewe@dieBasuin.com

Last updated on November 8, 2017

AFRIKAANS—Which Day Is the Christian Sabbath?